**Die verskynsel van afknouery in 'n plattelandse laerskool in die Wes-Kaap**

William A. Issel

**'n Mini-tesis voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die Meestersgraad in Opvoedkunde aan die Fakulteit van Opvoedkunde van die Universiteit van Wes-Kaapland**

**Studieleier: Dr. Clarence G. Williams**

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**Mei 2009**



http://etd.uwc.ac.za/

## SLEUTELWOORDE

Afknouery

Aggressor

Slagoffer

Omstander

Vriendekrans

Hoeder-sisteem

Ouersirkel

Afknou-ondersteuningsgroep

Portuurgroepmediasie

Pastorale sorg

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

## ABSTRACT

**Die verskynsel van afknouery in 'n plattelandse laerskool in die Wes-Kaap.**

William Andrew Issel

A mini-thesis submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of Magister Educationis, in the Faculty of Education, University of the Western Cape.

The study was motivated by the growing realization that bullying in South Africa has taken on alarming proportions in both primary as well as high schools – as is evidenced in daily reports in the media. The purpose of this study is to investigate the nature and extent of bullying at a rural primary school in the Western Cape and to evaluate the existing measures which are being implemented to prevent and moderate the effects of the phenomenon.

In the literature study I have concentrated on providing an historical background of the phenomenon, and have surveyed the opinion of experts in this field, on what the phenomenon comprises, its causes and consequences, and possible means of dealing with the problem. Research into the domain of bullying was first started in all earnest in Norway and Sweden and later spread to other countries. In South Africa this phenomenon is still relatively unresearched. Researchers in general find it quite difficult to define bullying accurately and to make a distinction between bullying, violence and criminal assault. There is however consensus that bullying manifests itself in different forms – physical, verbal, psychological - and that it is essentially the manifestation of unequal power relations. Researchers furthermore agree that bullying has such far-reaching immediate and long-term consequences on the perpetrator and the victim that it should not be left unattended.

For the purpose of this mini-thesis it was decided to use a case study. Use has been made of qualitative as well as quantitative research methods. Research instruments used in the case study included questionnaires, personal interviews, observation and document analysis.



http://etd.uwc.ac.za/

The case study revealed that the main factor which gives rise to bullying is an imbalance in power which results from, amongst others, varying socio-economic circumstances, physical strength and weak academic performance. The effects on learners are physical, emotional and psychological. The findings of the empirical study thus to a large extent collaborate those of research done internationally. The case study also found that the school deals with individual incidents of bullying on a contingency basis, but there exists no generally formulated school policy to deal with the phenomenon.

Based on the data from the case study as well as the literature survey a whole series of recommendations are formulated to combat bullying. One of the main recommendations is that the school embark on a massive awareness campaign to highlight the dangers of bullying. It is further recommended that the school provides pastoral assistance to the victim as well as the aggressor. It is also imperative that the victims, aggressor and spectator join forces to fight the phenomenon which is a social problem which should not be dealt with in isolation. An outcomes-based curriculum with its cross curriculum approach is ideally suited to make learners aware of the signs of bullying, the dangers attached to it, and ways and means to prevent it from occurring. Lastly, an holistic approach where parents, the community, police and social services collaborate is recommended to combat this phenomenon effectively. Bullying should not be regarded as the sole responsibility of the school – it is pervasive and should be dealt with holistically.

UNIVERSITY of the

May 2009.

WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

# UITTREKSEL

**Die verskynsel van afknouery in 'n plattelandse laerskool in die Wes-Kaap**

William Andrew Issel

'n Mini-tesis voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die Meestersgraad in Opvoedkunde aan die Fakulteit van Opvoedkunde van die Universiteit van die Wes-Kaapland.

Hierdie studie was gemotiveer deur 'n toenemende bewuswording dat afknouery in Suid-Afrikaanse hoër- en laerskole ernstige afmetings aangeneem het – soos blyk uit die daaglikse verslaggewing in die media. Die doel van die studie is om die aard en omvang van afknouery in 'n plattelandse laerskool in die Wes-Kaap te ondersoek, asook om die bestaande maatreëls te evalueer wat in die skool geïmplementeer word om die effek van die verskynsel te voorkom en in toom te hou.

In die literatuurstudie het ek daarop gekonsentreer om 'n historiese agtergrond van die fenomeen deur te gee, asook om die mening van kundiges op die gebied oor wat afknouery behels, die oorsake en gevolge daarvan en moontlike maniere om die probleem te hanteer, te ondersoek. Navorsing op die gebied van afknouery het heel eerste in alle erns in Noorweë en Swede 'n aanvang geneem en is later uitgebrei na ander lande. In Suid-Afrika is die fenomeen tans relatief min nagevors. Oor die algemeen vind navorsers dit uiters moeilik om afknouery akkuraat te definieer en om 'n onderskeid te tref tussen afknouery, geweld en kriminele aanranding. Daar is egter konsensus dat afknouery in verskillende vorme manifesteer – fisies, verbaal en psigologies – en dat dit essensieel die manifestasie van ongelyke magsverhoudings is. Verder stem navorsers saam dat afknouery sulke verreikende kort- en langtermyn gevolge vir die oortreder en die slagoffer inhou, dat dit daadwerklike aandag moet geniet.

Vir die doel van hierdie mini-tesis was daar besluit op 'n gevallestudie. Daar is gebruik gemaak van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes.



http://etd.uwc.ac.za/

Die navorsingsinstrumente wat in die gevallestudie aangewend is, sluit in vraeslyste, persoonlike onderhoude, observasie en dokumentasie-analise.

Die gevallestudie het aan die lig gebring dat die hooffaktore wat aanleiding gee tot afknouery is 'n wanbalans in mag wat onder andere veroorsaak word deur uiteenlopende sosio-ekonomiese omstandighede, fisiese liggaamskragte en swak akademiese prestasie. Die effek op leerders is fisies, emosioneel en psigologies. Die bevindinge van die empiriese studie stem dus in 'n groot mate saam met internasionale navorsing. Die gevalle-studie het ook bewys gelewer dat die skool op 'n baie onsekere wyse met individuele afknou-insidente omgaan, maar dat daar geen uniformige geformuleerde skoolbeleid bestaan om die fenomeen te bestuur nie.

Op grond van die data verkry uit die gevallestudie sowel as die literêre ondersoek, is 'n hele reeks aanbevelings geformuleer om afknouery te beveg. Een van die hoof aanbevelings is dat die skool op loop moet gaan met 'n grootskaalse bewusmakingsveldtog om die gevare van afknouery uit te lig. Daar word verder aanbeveel dat die skool pastorale hulp aan beide die slagoffer en oortreder moet voorsien. Dit is ook gebiedend noodsaaklik dat die slagoffers, aggressors en omstanders kragte moet saamspan om die verskynsel te beveg. Hierdie verskynsel is 'n maatskaplike probleem wat nie in isolasie aangepak kan word nie. Die uitkomsgebaseerde kurrikulum wat 'n oorkruis kurrikulum benadering is, is uiters geskik om leerders attent te maak op die kentekens van afknouery, die gevare daaraan verbonde, en weë en middele om te voorkom dat afknouery plaasvind. Ten laaste word 'n holistiese benadering aanbeveel waarby ouers, die gemeenskap, polisie en maatskaplike dienste saamspan om die fenomeen effektief te bestry. Afknouery moet nie beskou word as slegs die verantwoordelikheid van die skool nie – dit is deurdringend en moet holisties aangespreek word.

Mei 2009.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

VERKLARING

Ek verklaar dat *Die verskynsel van afknouery in 'n plattelandse laerskool in die Wes-Kaap* my eie werk is, dat dit nog nie voorheen gedeeltelik of as 'n geheel aan enige ander universiteit voorgelê is met die doel om 'n graad te verwerf nie en dat die bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangedui en erken is by wyse van volledige verwysings.

Volle naam: William A. Issel    Datum: 1 Mei 2009

Geteken: ____________

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

## Dankbetuigings

Met die suksesvolle voltooiing van hierdie studie wil ek my opregte dank en waardering teenoor die volgende uitspreek:

Dr Clarence. G. Williams vir sy volgehoue hulp, geduld en bekwame leiding en bystand.

My vrou, Anelene en my kinders, Brandon, Kevin en Virgil, sowel as my suster Ivy vir hul morele ondersteuning.

Rafeeqah Fortuin vir haar onbaatsugtige hulp en bystand.

Die betrokke opvoeders van die skool vir hul samewerking en ondersteuning.

Die leerders en ouers vir hul reuse bydrae.

Dr. Eileen K. Africa vir haar insette.

Mark Potterton vir sy advies en hulp.

Die Groot Leermeester by wie alles moontlik is.


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

# INHOUDSOPGAWE

| | | |
|---|---|---|
| | | **Bladsy** |
| **Titelblad** | | **(i)** |
| **Sleutelwoorde** | | **(ii)** |
| **Abstract** | | **(iii)** |
| **Uittreksel** | | **(v)** |
| **Verklaring** | | **(vii)** |
| **Dankbetuigings** | | **(viii)** |
| **Inhoudsopgawe** | | **(ix)** |

**Hoofstuk Een**

**Inleidende Hoofstuk**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | **Inleiding** | 1 |
| 1.2 | **Doelwitte van die navorsing** | 2 |
| 1.3 | **Hoofnavorsingsvraag** | 2 |
| 1.4 | **Spesifieke Navorsingsvrae** | 2 |
| 1.5 | **Motivering** | 3 |
| 1.6 | **Begripsverheldering** | 6 |
| 1.7 | **Navorsingsmetodologie** | 9 |
| 1.8 | **Etiek** | 9 |
| 1.9 | **Bydrae tot kennis** | 10 |
| 1.10 | **Hoofstukuitleg** | 10 |

**Hoofstuk Twee**

**Literatuuroorsig**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | **Inleiding** | 12 |
| 2.2 | **Navorsing op die gebied van afknouery** | 13 |
| 2.3 | **Perspektiewe op afknouery** | 18 |
| 2.4 | **Vorme van afknouery** | 22 |
| 2.4.1 | Fisiese afknouery | 22 |
| 2.4.2 | Verbale afknouery | 22 |
| 2.4.3 | Psigologiese afknouery | 24 |




UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

| | | |
|---|---|---|
| 2.4.4 | Seksuele teistering | 25 |
| 2.4.5 | Rassistiese afknouery | 26 |
| 2.4.6 | Afknouery as 'n aanhoudende vorm van teistering en misbruik van mag | 27 |
| 2.4.7 | Tegnologiese afknouery | 29 |
| 2.5 | **Identifisering van afknougedrag** | 29 |
| 2.5.1 | Die slagoffer | 29 |
| 2.5.2 | Die afknouer | 31 |
| 2.6 | **Die motief vir afknouery** | 33 |
| 2.7 | **Waarom afknouery nie toelaatbaar is nie** | 34 |
| 2.7.1 | Afknouery skend die kind se reg tot menswaardigheid | 35 |
| 2.7.2 | Afknouery skend die kind se reg op privaatheid en privaatbesit | 36 |
| 2.7.3 | Afknouery skend die kind se reg tot vrye assosiasie en sekuriteit | 36 |
| 2.8 | **Gevolge van afknouery** | 37 |
| 2.8.1 | Gevolge vir die slagoffer | 37 |
| 2.8.2 | Gevolge vir die afknouer | 37 |
| 2.8.3 | Gevolge vir die familie en omstanders | 39 |
| 2.9 | **Slotopmerkings** | 39 |


UNIVERSITY of the

**Hoofstuk Drie**

**Navorsingsmetodologie**

WESTERN CAPE


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | **Inleiding** | 41 |
| 3.2 | **Doelwitte** | 41 |
| 3.3 | **Etiese Kode** | 41 |
| 3.4 | **Die navorsingsontwerp** | 43 |
| 3.4.1 | Kwalitatiewe versus kwantitatiewe navorsing | 44 |
| 3.4.2 | Beskrywing van die monsterneming | 45 |
| 3.4.3 | Gevallestudie | 47 |
| 3.5 | **Navorsingsinstrumente** | 50 |
| 3.5.1 | Data-insameling deur onderhoude | 50 |
| 3.5.2 | Data-insameling deur waarneming | 51 |




http://etd.uwc.ac.za/

3.5.3 Data-insameling deur vraelyste 53
3.6 **Data-analise** 54
3.7 Slotopmerkings 56

## Hoofstuk Vier

## Data-analise en Aanbieding

4.1 **Inleiding** 57
4.2 **Leerders se persepsie van afknouery** 57
4.2.1 Leerdervraelys 57
4.2.1.1 Rolspelers betrokke by afknouery 58
4.2.1.2 Manifestasie van afknouery in die skool 62
4.2.1.3 Gebiede in die skool waar afknouery plaasvind 64
4.2.1.4 Gevolge van afknouery op die slagoffer 65
4.2.1.5 Rapportering van insidente 69
4.2.1.6 Reaksie op rapportering 70
4.2.1.7 Skool se ingesteldheid rondom afknouery 71
4.2.2 Onderhoude met leerders 71
4.2.2.1 Leerders se beskrywing van afknouery 74
4.2.2.2 Gevolge van afknouery 79
4.2.2.3 Faktore wat bydra tot afknouery 80
4.2.2.4 Bekamping van afknouery 84
4.2.2.5 Strategieë wat geïmplementeer kan word 85
4.2.3 Observasie 85
4.3 **Onderhoude met opvoeders** 88
4.3.1 Omskrywing van afknouery 89
4.3.2 Redes waarom leerders afknou 93
4.3.3 Aanspreek van afknouery 95
4.4 **Onderhoude met ouers** 96
4.4.1 Ouers se konsep van afknouery 97
4.4.2 Die vasstelling van afknouery 97



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

| | | |
|---|---|---|
| 4.4.3 | Hantering van 'n insident van afknouery | 98 |
| 4.4.4 | Ouers se reaksie op afknouery | 99 |
| 4.4.5 | Toeganklikheid van die skool | 99 |
| 4.5 | **Dokumentasie-analise** | 100 |
| 4.5.1 | Die kultuur en etos van die skool | 100 |
| 4.5.2 | Die kurrikulum | 101 |
| 4.5.3 | Die gedragskode en ander beleide in die skool | 101 |
| 4.6 | **Slotopmerkings** | 102 |


## Hoofstuk Vyf

## Opsomming en Aanbevelings


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | **Inleiding** | 104 |
| 5.2 | **Opsomming van die bevindinge** | 104 |
| 5.2.1 | Die omvang en aard van afknouery | 104 |
| 5.2.2 | Rolspelers by 'n afknou-insident | 105 |
| 5.2.3 | Areas op die skool waar afknouery plaasvind | 106 |
| 5.2.4 | Moontlike faktore wat aanleiding gee tot afknouery | 107 |
| 5.2.5 | Die gevolge van afknouery | 108 |
| 5.2.6 | Die skool se remediërende maatreëls | 108 |
| 5.2.7 | Voorstelle om die remediërende maatreëls te verbeter | 109 |
| 5.3 | **Aanbevelings** | 110 |
| 5.3.1 | Anti-afknoubeleid | 110 |
| 5.3.2 | 'nVeldtog van anti-afknouery | 111 |
| 5.3.3 | 'n Vriendekrans | 112 |
| 5.3.4 | Hulp van omstanders | 112 |
| 5.3.5 | 'n Hoeder-sisteem | 113 |
| 5.3.6 | Sê stop | 113 |
| 5.3.7 | Die kurrikulum | 114 |
| 5.3.8 | Ouersirkel | 116 |
| 5.3.9 | Afknou-ondersteuningsgroep | 117 |
| 5.3.10 | Portuurgroepmediasie | 118 |
| 5.3.11 | Toesighouding | 119 |




UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

5.3.12 Die skool en die onderwysowerhede se impak op afknouery 119

5.4 **Leemtes in die ondersoek** 122

5.5 **Aanbevelings vir verdere navorsing** 123

5.6 **Slotopmerkings** 123

6. **Bronnelys** 124

7. **Aanhangsels**

Aanhangsel 1: **Goedkeuring om navorsing in skole te doen**

Aanhangsel 2: **Ouers se toestemmingsbrief**

Aanhangsel 3: **Goedkeuringsbrief van opvoeders en ouers**

Aanhangsel 4: **Onderhoude rondom afknouery - ouervraelys**

Aanhangsel 5: **Onderhoude rondom afknouery – leerdervraelys**

Aanhangsel 6: **Onderhoude rondom afknouery – opvoedervraelys**

Aanhangsel 7: **Observasievorm**

Aanhangsel 8: **Leerdervraelys oor afknouery**

Aanhangsel 9: **Goedkeuring deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK EEN

## INLEIDENDE HOOFSTUK

### 1.1 INLEIDING

Afknouery in skole is `n wêreldwye probleem wat nadelige gevolge inhou vir die algemene skoolklimaat en die reg van leerders om in `n veilige omgewing sonder vrees te studeer (Banks, 1997:2).

Suid-Afrika is geen uitsondering nie. In `n navorsingsprojek wat afknouery in Suid-Afrikaanse Katolieke skole ondersoek het, verklaar Potterton (2001:1), `n deskundige op die gebied van afknouery, dat hierdie verskynsel toenemend geïdentifiseer word, soveel so dat meer as 90% studente in `n Johannesburgse skool aangemeld het dat hul afgeknou was.

In die navorsingsprojek wil ek graag fokus op hoe die skool in sy geheel afknouery kan vasvat asook watter voorkomende maatreëls geïmplementeer kan word. Dit is essensieel dat ons die agtergrond en omstandighede van die skoolgemeenskap moet ken en begryp in die ondersoek. Die skoolgemeenskap moet ingetrek en gemobiliseer word om afknouery in die skool teen te werk. Om dit te vermag moet jy weet met watter tipe mense jy werk. Indien die gemeenskap nie betrokke raak nie, is die kanse skraal dat afknouery effektief die hoof gebied gaan word, soos blyk uit die volgende aanhaling deur Suckling en Temple (2002:1):

> We have found that bullying in the school environment can only be dealt with effectively if the whole school is behind the endeavour; that trying to handle it in isolation does not work in the long term.



http://etd.uwc.ac.za/

## 1.2 DOELWITTE VAN DIE NAVORSING

Die doel van my ondersoek is om die voorkoms van afknouery in `n geselekteerde plattelandse laerskool in die Wes-Kaap te ondersoek.

Meer spesifek beoog die navorsingsprojek die volgende:

- Om `n indiepte literatuurstudie rondom afknouery te doen, onder andere die definisie van afknouery, die manifestasie en moontlike gevolge daarvan.
- Om geskikte metodologie te vind om die verskynsel by `n primêre skool empiries te ondersoek.
- Om `n empiriese studie rondom afknouery in die plattelandse laerskool te doen.
- Om relevante en volhoubare aanbevelings te maak om die probleem rondom afknouery in die skool aan te spreek.

## 1.3 HOOFNAVORSINGSVRAAG

Wat is die voorkoms van afknouery in die geselekteerde plattelandse laerskool in die Wes-Kaap?

## 1.4 SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAE

Die volgende spesifieke navorsingsvrae sal die ondersoek lei:

- Wat is die omvang en aard van afknouery?
- Wie knou af en waarom?
- Wat doen die skool om afknouery die hoof te bied?
- Hoe kan die skool beter georganiseer word om afknouery te bekamp?



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

## 1.5 MOTIVERING

My navorsing is geïnspireer deur my eie ervaring van 32 jaar in die onderwys - 15 jaar hiervan as prinsipaal van `n skool.

In die plattelandse laerskool in die Wes-Kaap waar die navorsingsprojek uitgevoer is, steek afknouery al meer sy kop uit en wel in verskillende vorme, o.a. rondstampery, pootjie, fisiese aanranding, afpersing, tergery en afstootlike boodskappe. Die skool word hoofsaaklik gevoed deur leerders afkomstig uit sub-ekonomiese huise, woonstelle, informele behuisingskema en omliggende plase. Baie ouers lewe in armoede en werkloosheid is `n groot probleem. Sommige woonbuurtes word geteister deur bendegeweld, dwelm- en alkoholmisbruik.

Toe ek met my onderwysloopbaan in 1973 begin het, was dissipline in die skool en huise streng toegepas deur middel van godsdiensvoorligting, gesonde familiestrukture en lyfstraf. Afknouery en alle vorme van geweld was summier onderdruk, ironies genoeg deur geweld. Dit was niks ongewoons nie, want die kortpad om afknouery te beheer was deur middel van lyfstraf soos blyk uit die volgende aanhaling:

> Christian National Education was designed to support the apartheid system by schooling children to become passive citizens who would accept authority unquestioningly. Teachers were encouraged to use the cane during this era as a way of keeping control and dealing with those who stepped out of line. Beating children to discipline or punish them was simply taken for granted in a society so familiar with violence (Departement van Onderwys, 2000:5).

Gedurende die Apartheidsjare (voor 1994) het die blanke-regering hul beleid van Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) op die ander bevolkingsgroepe in



http://etd.uwc.ac.za/

die land afgedwing. Die Afrikaner onderwyskundiges het geglo dat hulle die mag en gesag het om amptelike beleidrigtings aan Swart opvoeders deur te voer in die vorm van handleidings, voorskrifte en omsendbriewe (Williams, 1995:90 soos aangehaal in Robertson, 2005:19). Lyfstraf was aan die orde van die dag om `n passiewe leerkultuur by die leerders in te boesem. Leerders was dus deur opvoeders afgeknou om orde en suksesvolle eksamenuitslae te handhaaf. Hargreaves, Hester en Mellor (1975:256, soos aangehaal in Robertson, 2005:22) voer aan dat navorsing al getoon het dat daar `n direkte verbintenis tussen lyfstraf en geweld in die samelewing bestaan.

Sedert 1994 met die afskaffing van apartheid is die onderwyssisteem radikaal verander. Een van die veranderinge is dat lyfstraf summier afgeskaf is (Departement van Onderwys, 2000:5). Volgens sommige opvoeders het die afskaffing van lyfstraf verreikende gevolge gehad. Die afskaffing van lyfstraf is nie baie gunstig deur alle opvoeders aanvaar nie, soos die volgende mening weerspieël: `n Nie-gewelddadige benadering tot dissipline sal geen effek op "skollie" leerders het nie veral as daar bendebedrywighede en geweld in die skool is nie. Die verbod op lyfstraf het gelei tot `n agteruitgang in die gedrag van leerders en om `n kultuur van leer weer in skole te laat posvat, is die rottang die enigste oplossing. Die enigste manier om met leerders met gedragsprobleme om te gaan, is om hulle `n pak slae te gee (Departement van Onderwys, 2000:7).

Om dinge te vererger, was opvoeders vasgevang tussen die transmissiemodel van opvoeding in die apartheidera en die nuwe uitkomsgebaseerde model van onderwys (Van der Horst en Mc Donald, 2001:20-21). Hulle moes die kurrikulum laat slaag in ongunstige omstandighede onder andere oorvol klasse as gevolg van die rasionalisering in die onderwys. Hierdie abnormale omstandighede het afknouery verder aangehelp omdat effektiewe toesighouding vir baie opvoeders 'n probleem geraak het.



http://etd.uwc.ac.za/

Hierdie afknouers treiter opvoeders en medeleerders en dryf hul tot depressie en isolasie. Opvoeders en leerders wat aan afknouery onderwerp word, raak soms die aggressors. Afknouery is tans `n ernstige probleem wat negatiewe gevolge inhou vir die algemene skoolklimaat en vir die reg van leerders om in `n veilige omgewing sonder vrees te studeer (National Resource Centre for Safe Schools, 1999). Kosbare onderrigtyd gaan verlore as gevolg van afknouers wat ander leerders met potlode en penne steek, byname gee, uittart, dreig, slaan en hul besittingss afvat en steel.

Omdat baie opvoeders by die skool dreig om die professie te verlaat en ander gedemoraliseer word deur die gebrek aan dissipline waarin afknouery `n reuse aandeel het, is dit belangrik om die lot van die opvoeders en leerders te verlig deur afknouery in die skool onder die soeklig te plaas en oplossings te probeer vind - nie net vir opvoeders nie, maar vir leerders en die gemeenskap in die breë. Ook vir my as prinsipaal sal dit geweldig baie beteken om die probleem hok te slaan en kwaliteit onderwys te bevorder. Nog `n rede waarom ek graag fokus op afknouery is omdat afknouery lewenslange nadelige gevolge vir die individu en die land inhou.

Daar is genoegsame bewyse dat kinders wat op agtjarige ouderdom as afknouers geïdentifiseer is, se kanse om op vier-en-twintig jarige ouderdom gevonnis te word vir `n kriminele oortreding ses keer meer is as dié van nie-afknouers (Nasional Resource Centre For Safe Schools, 1999). Daar word ook verder beweer dat afknouers `n groter kans teenoor nie-afknouers staan (vyf keer meer) om op dertigjarige ouderdom 'n ernstige kriminele rekord in die gesig te staar. Kinders wat chroniese afknouers is, blyk om afknouers te bly in hul volwasse lewe.



http://etd.uwc.ac.za/

Om te verhoed dat afknouers die skool`n nie-funksionele skool maak en om kwaliteitonderwys te verseker, opvoeders se professionaliteit te beskerm en leerders te lei na ontwikkelde landsburgers met potensiaal, was die projek dringend noodsaaklik.

## 1.6 BEGRIPSVERHELDERING

`n Sinoniem vir "afknouery" is "boelie". Die Engelse ekwiwalent vir afknouery is "bullying". Die Oxford Student's Dictionary of Current English beskryf `n "bully" as `n persoon wat sy/haar krag en mag gebruik om diegene wat swakker as hy/sy is te beseer of af te skrik.

Skrywers en navorsers maak van verskeie definisies gebruik om afknouery te omskryf. Daar is diegene wat glo dat afknouers daarop uit is om doelbewus seer te maak en wraak te neem soos blyk uit die volgende aanhalings:

> Bullying should be seen on a continuum of severity. The term bullying is all embracing including anti-social acts such as assault, extortion, intimidation, and violence. Bullying is a wilful, conscious desire to hurt another person, volgens Tattum en Lane (1989:10).

> Bullying is systematic, occurring repeatedly, and it embraces a variety of hurtful actions, including name-calling, social exclusion, having money taken or belongings damaged as well as more obvious physical forms such as hitting and kicking, volgens Bowers *et al* (1994), soos aangehaal in Lee (2004:12).

Ander navorsers glo weer dat die afknouer in beheer wil wees en sy gesag wil afdwing. Hier volg `n paar aanhalings wat hierdie uitgangspunt onderstreep:

> Bullying is a form of aggressive behaviour which is usually hurtful and deliberate: it is often persistent, sometimes



http://etd.uwc.ac.za/

> continuing for weeks, months or even years and it is difficult for those being bullied to defend themselves. Underlying most bullying behaviour is an abuse of power and a desire to intimidate and dominate, volgens Sharp en Smith (1994:1).

> Bullying is a negative and often aggressive or manipulative act or series of acts by one of more people against another person or people usually over a period of time. It is abusive and is based on an imbalance of power, volgens Sullivan *et al* (2004:3).

> A continuum of behaviour which involves the attempt to gain power and dominance over another, volgens Askew (1989), soos aangehaal in Lee (2004:12).

Bostaande skrywers en navorsers sien afknouery as 'n negatiewe verskynsel wat spruit uit anti-sosiale gedrag. Hierdie tipe gedrag manifesteer in aggressiwiteit en die drang om ander te domineer.

Afknouery word nie altyd as negatief beskou nie. Daar is diegene wat glo dat afknouery deel is van die grootwordproses en dat dit `n positiewe verskynsel is.

Lorenz (1967:25), wat beskou word as die vader van etologie (karakterleer), wys daarop dat aggressie is deel van die mens se mondering en speel `n sleutelrol in die oorlewing en ontwikkeling van die menslike spesie. Tog is hy nie `n voorstander van `n gewelddadige samelewing nie. Lorenz erken die belangrikheid van opvoeding in die oordrag van waardes en kennis.

Dit is problematies om `n alomvattende definisie vir afknouery te gee (Lee, 2004:10-11). Uit bostaande definisies kan ons aflei dat afknouery `n aggressiewe gedragspatroon is en dat dit soms met geweld gepaard gaan. Daar kan ook afgelei word dat afknouery `n handeling is wat oor `n tydperk, soms weke en selfs maande, geskied en dit gaan gepaard met die misbruik van mag.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Die afknouer is daarop ingestel om die slagoffer verbaal, fisiek of geestelik seer te maak of te intimideer (Lee, 2004:9-10).

Ek beskou afknouery as `n herhaalde patroon van intimidasie met `n intense, doelbewuste begeerte om `n ander persoon leed aan te doen. Dit geskied nie eenmalig nie, maar dit kan oor `n periode strek. Afknouery kan langdurige gevolge inhou vir die slagoffer sowel as aggressor.

In my ondersoek gaan ek hoofsaaklik konsentreer op afknouers wat hul skuldig maak aan fisiese en verbale afknouery.

Varnava (2002:7) argumenteer dat die wortel van geweld lê opgesluit in leerders se kinderdae waar hulle gewelddadige gedrag van volwassenes aanleer. Varnava glo dat kinders aanleer dat geweld aanvaarbaar is en `n effektiewe manier is om probleme op te los of om jou doel te bereik. Lee (2004:53) glo ook dat eksterne faktore `n invloed op afknouery in die skool het:

> In part, bullying in schools stems from external forces and the wider social problems and attitudes and, therefore, long-term answers will include a broader, social approach that considers areas such as community education, parenting skills and the development of inclusive cultures.

Tog kan groot welslae behaal word in die bekamping van afknouery indien al die rolspelers betrek word. Hierdie is ook die uigangspunt van Suckling en Temple (2002:1):

> There is no doubt that bullying in schools is insidious and difficult to manage and deal with – a complex issue that urgently demands affective action. We have found that bullying in the school environment can only be dealt with effectively if the



http://etd.uwc.ac.za/

whole school is behind the endeavour, that trying to handle it in isolation does not work in the long term.

## 1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes is gebruik om beter te verstaan hoe die skool vaar op die gebied van afknouery. Kwalitatiewe navorsingsmetodes is in die Sosiale Wetenskappe ontwikkel om navorsers in staat te stel om sosiale en kulturele verskynsels soos afknouery te bestudeer. Kwantitatiewe navorsingsmetodes aan die anderkant het oorspronklike ontwikkel om natuurlike fenomene te bestudeer. Die doel daarvan is om relevante feite vas te vat en hul met oorsaak en gevolg te verduidelik deur middel van empiriese en analitiese metodes.

Kwalitatiewe benadering sal oorheersend wees omdat dit die beste is om informasie in te win rondom die ontstaan van verhoudings en gevoelens deur gebruik te maak van onderhoude en ander kwalitatiewe data-insamelingstegnieke.

Die navorsing maak gebruik van 'n gevallestudie. Die skool wat gebruik is vir die navorsing is die inrigting waar ek onderwys gee en gevolglik is die skool maklik toeganklik en ken ek die opset.

Die navorsingsinstrumente sal die volgende insluit: kwalitatiewe onderhoude, waarneming, dokumentasie-analise en vraelyste.

## 1.8 ETIEK

Die navorsing sal gekenmerk word deur `n atmosfeer van ondersteuning, omgee en respek.



http://etd.uwc.ac.za/

Persone in die skool is die geleentheid gebied om kommentaar te lewer oor die geloofwaardigheid en akkuraatheid van die teks. Skuilname vir individue, groepe en die skool is gebruik om die regte van mense te beskerm. Waar individuele onderhoude met kinders gevoer is, is die konsensus van ouers voor die tyd gekry. Vraagstukke soos my intensies en doelwitte is ook eers met die skool wat betrokke is, bespreek in belang van deursigtigheid en eerlikheid. Die Wes-Kaapse Onderwys Departement is ook genader vir die goedkeuring van navorsing in die skool.

## 1.9 BYDRAE TOT KENNIS

Moontlik kan die inligting wat uit die studie bekom word `n bydrae lewer om skole meer inklusief te maak.

## 1.10 HOOFSTUKUITLEG

Hierdie studie beslaan vyf hoofstukke.

Hoofstuk 1 gee 'n agtergrond van afknouery, 'n uiteensetting van die navorsingsvrae wat die studie gaan lei, die rede vir die studie,'n begripsverheldering rondom afknouery, 'n beperkte oorsig van die navorsingsmetodes wat ingespan gaan word asook die hoofstukuitleg.

Hoofstuk 2 gee `n oorsig van internasionale literatuur oor die onderwerp asook die moderne debatte rondom afknouery.

Hoofstuk 3 gee `n uiteensetting van die metodologiese prosesse, instrumentasie en analitiese prosesse van toepassing op die studie. Die rasionaal agter die keuse van metodologie van toepassing word in diepte in



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

die hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 4 gee `n uiteensetting en bespreking van die navorsingsbevindinge. Dit fokus veral op die doelwitte van die studie en vraagstukke wat na vore gekom het uit die data.

In Hoofstuk 5 word gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings word gedoen op grond van die uitslae van die ondersoek. Die beperkinge van die studie word ook aangedui sowel as aanbevelings vir toekomstige navorsing.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK TWEE

## LITERATUURSTUDIE

### 2.1 INLEIDING

Oral in Suid-Afrika is daar `n groeiende bekommernis rakende afknouery in skole. Afknouery ontsien nie geslag, ouderdom of graad nie en vind plaas in voorskool, brei uit in die primêre skool en ontaard soms in die hoërskool (Rigby, 1996:36-37). Afknouery kan `n fisiese, emosionele, verbale of `n kombinasie van al drie vorme aanneem.

Vroeër was dit `n algemene persepsie dat afknouery `n relatiewe normale en skadelose proses is waardeur kinders gaan (Bidwell,1997:2, soos aangehaal in Nkosi, 2000:11)). Sedertdien is daar `n groot paradigmaskuif in die denkwyse rondom afknouery. In Mei 1987 het daar `n belangrike ontmoeting tussen internasionale outoriteite op die gebied van skoolterreinafknouery aan die Harvard Universiteit plaasgevind (Nevada Attorney General's Office, 2002). Volgens dié artikel het verskeie gedagtes sterk na vore gekom. Skoolafknouery is `n enorme probleem. Vrees en lyding het `n integrale deel van die daaglikse lewe van slagoffers geraak wat gemaak het dat hulle sekere areas op die skool vermy het, afwesig gebly het, gedros het of selfs selfmoord gepleeg het. Jeugdige afknouers sal heel waarskynlik wanneer hul volwassenheid bereik, ontaard in misdadigers en gebuk gaan onder professionele en gesinsprobleme. Daar word sterk geglo dat vroeë intervensieprogramme kan nie net afknouery stopsit `nie, maar kan ook tot redding kom van slagoffers en die afknouers en potensiële tragiese gevolge vir die gemeenskap verhoed. Die heersende uitgangspunt dat bakleiery onder kinders `n manifestasie is van normale aggressiewe gedrag van die jeug, moet verwerp word.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Afknouery het nou nuwe status begin kry en gevolglik is intervensieprogramme in plek gekry om die euwel die hoof te bied.

Een van die grootste probleme wat `n anti-afknouery program in die gesig staar, is om die verskynsel te definieer (Lee, 2004:9). Hoe afknouery gedefinieer word, het `n impak op die praktyk veral die wyse waarop kinders en volwassenes die verskynsel begryp en verstaan wat op sy beurt weer `n invloed op die voorkoming van afknouery het (Lee, 2004:11).

Wat sake so ingewikkeld maak, is dat leerders wat afgeknou word, swyg oor die voorvalle, omdat hulle bang is vir verdere viktimisasie en dié wat wel dapper genoeg is om dit te rapporteer, word somtyds geïgnoreer en word dan ook verder afgeknou of geïntimideer.

Diegene wat afknouery ignoreer en afmaak, moet onthou dat geen enkele vorm van afknouery pynliker as `n ander is nie. Sosiale uitsluiting waar leerders uit groepe gedwing word, kan meer pyn en magteloosheid veroorsaak as 'n fisiese aanval en verbale tergery kan letsels laat wat `n slagoffer lewenslank kan folter (Lee, 2004:10).

In die hoofstuk word daar gekonsentreer op navorsing op die gebied van afknouery, die aard en karaktertrekke van die verskynsel asook die oorsaak en gevolge daarvan.

## 2.2 NAVORSING OP DIE GEBIED VAN AFKNOUERY - BEKNOPTE HISTORIESE OORSIG

Thayser (2001:10) verklaar dat afknouery is `n meer komplekse onderwerp as wat die aanvanklike voorkoms wil aandui. Sy stem saam met Olweus (1993) dat omdat afknouery so `n ingewikkelde fenomeen is, dit net geskik sal wees



http://etd.uwc.ac.za/

om in te gaan op die geskiedenis van navorsing op die gebied van afknouery.

Volgens Smith en Sharp (1994:2-3) is dit verbasend dat afknouery verdra was in skole die afgelope klomp jare. Dit word bevestig deur Rigby (1996:11-12) wat aanvoer dat vir geslagte lank het kinders mekaar geterg, geteister en afgeknou. Soms is dit gedoen vir die pret, ander tye weer doodernstig tot groot vermaak of afgryse van andere of dit nou ouers, opvoeders of ander kinders is. Vir baie was dit maar iets alledaags, iets natuurliks, die normale geaardheid van mense, iets onafwendbaar.

Volgens Rigby (1996:11) het die gety begin swaai. Sedert 1991 het daar in baie wêrelddele nuwe denke en ingesteldheid rondom afknouery posgevat. Mense het daarvan bewus geraak dat afknouery onder skoolkinders `n onaanvaarbare sosiale euwel is en dat die gevolge groter is as wat hulle hul ooit kon indink. Belangrik is dat daar nou geglo word dat daar iets gedoen kan word om afknouery die hoof te bied.

Die meeste navorsing op die gebied van afknouery was in Noorweë en Swede gedoen (Smith en Sharp, 1994:2). Hulle gaan voort deur daarop te wys dat `n artikel genaamd *Teasing and Bullying* deur Burk in die *Pedagogical Seminary* vir 1897 vrygestel was.

Daarna was daar `n lang droogte tot in die 1970s met `n paar klein artikels wat hul verskyning gemaak het en in 1978 het Olweus 'n Engelse weergawe van sy boek getiteld *Aggression in the schools: Bullies and whipping boys*, gepubliseer. Volgens Smith en Sharp het skoolafknouery `n lae profiel in Brittanje gehandhaaf tot diep in die 1980s.

Rigby (1996:12) wys daarop dat die paradigmaskuif rondom afknouery in skole in die 1970s in alle erns in Skandinawië begin het. Die baanbreker was



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

professor Dan Olweus van die Universiteit van Bergen. Hy was daartoe in staat om die opvoedkundige owerhede in Noorweë oor te haal om afknouery in skole stop te sit, en met hulle hulp `n nasionale veldtog te loods wat daarop gemik was om afknouery in skole te verminder. In die jare wat gevolg het, was daar stadig maar seker en later op `n stewige pas studies rondom afknouery in baie lande van stapel gestuur. Lande soos Brittanje, die V.S.A., Kanada, Holland, Italië, Spanje en Japan het gevolg en nou onlangs in Australië.

Potterton (2004:5), `n gesaghebbende op die gebied van afknouery in die Suid-Afrikanse konteks, wys daarop dat Leach (1997) die pionier was vir navorsing oor afknouery in Suid-Afrika. Sy het inleidende navorsing in voormalige Model C-primêreskole in Pietermaritzburg uitgevoer. Leach het tot die ontdekking gekom dat in die skole hoër vlakke van afknouery bestaan as wat voorkom in oorsese skole aan die hand van studies wat daar gedoen is. Potterton lig ook die werke uit van Thayser (2001) wat die stories van ses vroue naspeur. Hierdie vroue was onderwerp aan groepmishandeling of afknouey in hul skooljare. Thayser propageer die aanwending van terapie, sowel as die belangrikheid van groepsverhoudings gedurende die kinderjare en volwassenheid. Potterton self het baanbrekerswerk op die gebied van afknouery in Suid-Afrikaanse skole gedoen. Van sy werke sluit in `n doktorale proefskrif (2004), getiteld *Seen and Heard: Listening to Children and Creating Caring Schools.* In dié studie spits Potterton hom veral toe op afknouery in skole en die pastorale sorg wat in die skole bestaan.

Bewustheid op die gebied van afknouery is besig om in Suid-Afrika te groei (Thayser, 2001:16). Tog lê daar nog `n lang pad voor vir navorsing oor afknouery in die Suid-Afrikaanse konteks as `n mens dit vergelyk met die afmetings wat afknouery deesdae aanneem in ons skole. In `n artikel in die *Huisgenoot* (gedateer 26 Oktober 2006:10) wys Marida Fitzpatrick op die



http://etd.uwc.ac.za/

volgende: "Die vlakke van geweld en mishandeling in skole is onaanvaarbaar hoog, word in `n Menseregtekommissie se onlangse verslae oor toegang tot basiese onderrig, gesê."

Die gunstige omstandighede vir geweld in Suid-Afrikaanse skole kom al `n geruime tydjie aan. So moet daar, onder andere, vinger gewys word na ons apartheidstelsel, ons vroeë onderwysstelsel sowel as ons moderne jeug waar dit voorkom asof sekere waardes soos selfrespek, respek vir gesag en dissipline by die venster uitgegooi is. Volgens Potterton (2004:2) het geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing al wortel geskied lank voor apartheid en wel voor en na die aankoms van die Europese koloniste in die land. Die ou apartheidstelsel voor 1994 was met geweld op die Swart burgers in die land afgedwing en in plek gehou.

Porteus (1999), in Potterton (2004:2), herken ook die historiese oorsprong van geweld in Suid-Afrika en dat staatsbeheer bekom is deur middel van geweld. Sy argumenteer dat geweld in Suid-Afrika voordurend beskou was as `n instrument om invloed te laat geld, beide op interpersoonlike asook op `n breër sosiale vlak. Kinders sien geweld as normaal en `n uitweg om hul probleme op te los. Porteus sê voorts dat in gemeenskappe waar die vlakke van geweld hoog is, loop dit oor in die skole. Kontemporêre jeugkultuur, veral die V.S.A. as rolmodel in die vorm van flieks en musiek, dra ook by tot die leerder se persepsie dat geweld normaal is. Apartheid se letsels van aggressie, haat, frustasie, vernedering, teenkanting en wantroue mag nog vlak lê. Mense was totaal van hul menswaardigheid gestroop. Hierdie bagasie wat politieke geweld en teenkanting insluit, mag dalk van ouer na kind oorgedra word. Armoede, misdaad, ongeletterdheid, werkloosheid en drankmisbruik (dopstelsel op plase) is almal opdrifsels van die apartheidsera en die lont vir geweld in die gemeenskappe. Casella (2002:350) verklaar dat oor die algemeen sien opvoeders families en die gemeenskappe as die aanleidende



http://etd.uwc.ac.za/

oorsaak van geweld in skole.

Aan die anderkant moet ons onderwysstelsel ook die blaam neem vir geweld in die samelewing, sowel as in ons skole. Robertson (2005:17) wys daarop dat na die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1902 was die begrip van Christelik Nasionale Onderwys (CNO) gevestig. Volgens Williams (1995:45) was die CNO aanvanklik bedoel as beleid vir leerders wat die lewens- en wêreldsiening van die Afrikaner-Nasionaliste aanhang. Williams wys daarop dat die CNO na 1948 `n integrale deel van die Afrikaners se stryd geword het om mag te bekom. Volgens hom was die twee hoofdoelwitte van die CNO die bewaring van Afrikaner-identiteit teen Britse imperialisme en die handhawing van wit dominansie oor die swart menigte in die land. Die Departement van Onderwys (2001:5) en Robertson (2005:19) stem hiermee saam en voeg by dat CNO daarop gemik was om die apartheidstelsel te ondersteun deur leerders te skool om passiewe burgers te raak wat outoriteit onvoorwaardelik aanvaar. Opvoeders was toegelaat en aangemoedig om die rottang te gebruik om beheer uit te oefen en af te reken met die leerders wat uit pas is.

Om kinders te slaan as strafmaatreël of om hulle te dissiplineer was as vanselfsprekend in `n gemeenskap aanvaar wat gedurig geweld in die gesig staar. Die Departement van Onderwys (2001:8) beklemtoon dat onweerlegbare studies regdeur die wêreld bewys het dat dit heel onwaarskynlik is dat geweld deur geweld opgelos kan word en dat daar internasionale bewyse is dat lyfstraf direk geassosieer kan word met die vlakke van interpersoonlike en gemeenskapsgeweld. Die Departement van Onderwys (2001:4) verklaar voorts dat in `n samelewing soos dié waarin ons ons bevind, wat `n lang geskiedenis van geweld en die misbruik van menseregte het, dit nie `n maklike taak is om die oorgangskuif te maak na vrede, verdraagsaamheid en respek vir menseregte nie. Skole het tans `n sleutelrol te speel in die transformasieproses deur die fundamentele waardes



http://etd.uwc.ac.za/

vir kinders in te skerp. Baie opvoeders het die paradigmaskuif gemaak en daarin geslaag om alternatiewe strategieë te implementeer, maar daar is ook baie wat worstel om alternatiewe vir lyfstraf in hul klaskamers te vind.

Volgens `n artikel in die *Huisgenoot (2006:13-15)* word geweld in skole huidiglik toegeskryf aan `n gebrek aan dissipline en gehalte onderwys, tekort aan opvoeders sowel as swak, lui en ongekwalifiseerde opvoeders, swak infrastruktuur in skole asook MIV/Vigs wat jaarliks sy tol onder opvoeders eis.

## 2.3 PERSPEKTIEWE OP AFKNOUERY

Afknouery is `n negatiewe en dikwels aggressiewe of manipulerende daad of reeks dade deur een of meer persone teenoor `n ander persoon of persone oor `n periode van tyd. Dit is afstootlik en spruit uit magsongelykheid (Sullivan *et al,* 2004:3).

As die woord geweld by `n mens opkom, is die meeste mense geneig om aan fisiese mag of aanvalle te dink. `n Breër definisie van geweld sluit ook in psigologiese en emosionele skade. Hierdie pyn en besering kan uitgebrei word deur die insluiting van die pyn en lyding bekom deur die beskadiging van `n persoon se eiendom deur, byvoorbeeld, `n leerder se boek op te skeur.

Audi, soos aangehaal in die South African Council for Educators (2002:101), bied `n baie insiggewende definisie van geweld:

> Violence is the physical attack upon, or the vigorous physical abuse, or vigorous physical struggle against, a person or animal; or the highly vigorous physchological abuse of, or the sharp, caustic psychological attack upon, a person or animal; or the highly vigorous, or incendiary, or malicious and vigorous, destruction or damaging of property.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

In `n poging om skoolgeweld beter te verstaan, veral met betrekking tot moontlike redes vir gewelddadige optrede, is dit wys om na die uitgangspunte van sommige kenners te kyk.

Volgens Potterton (2004:4) is afknouery op skool `n vorm van laevlakgeweld. Hy glo dat afknouery gewis `n vorm van aggressiewe gedrag is en kan dit direk of indirek uitspeel.

Flannery, soos aangehaal in Potterton (2004:3), verklaar dat daar nie een omvattende manier is om geweld in skole te verstaan nie. Flannery lig vier belangrike faktore uit wat geassosieer kan word met die ontstaan van geweld op `n latere stadium in die lewe van `n jeugdige. Flannery praat van kulturele faktore wat geassosieer kan word met veranderinge in `n organisasie en sy waardes; biologiese faktore wat insluit moontlike biologiese en fisiologiese wortels van aggressie; sosiologiese faktore wat vereenselwig word met armoede, gebrekkige skoolopleiding, diskriminasie, dwelmmisbruik of bendekultuur; en laastens sielkundige faktore soos die kind se onvermoë om met sy omgewing om te gaan of in te pas in sy omgewing.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Brendtro en Du Toit (2005:11) glo dat die pad na geweld gewoonlik begin met mishandeling of trauma in die vroeë lewe van die kind. `n Kind wat nie daarin slaag om emosionele pyn te verwerk nie, is in `n toestand van krisis. Diegene wat oor die probleem broei, mag besluit om die aggressie na binne te keer of uitwaarts te rig. As hul eers gemaklik raak in die situasie om ander seer te maak, is verandering moeilik. Met `n gebrek aan positiewe sosiale bande is sulke persone `n voortdurende gevaar vir ander. Brendtro en Du Toit (2005:11) glo dat die vertrekpunt vir alle probleme is stres. Stres is `n toestand van fisiese en sielkundige opwekking wat dui op `n uitdaging of `n probleem. Volgens hulle is stresverwante gebeure deel van ons moderne samelewing. Maar stres wat té intens raak en aanhoudend is, gee aanleiding tot gedrag wat



http://etd.uwc.ac.za/

daarop uit is om ander te pynig en seer te maak. "Stressors" wat kinders omring, word deur hulle in drie groepe verdeel:

- Fisiese stressors wat die welstand affekteer. Dit sluit in mishandeling, siekte, honger, gebrek aan slaap, geraas, beknopte en gevaarlike omgewings.
- Emosionele stressors wat psigologiese pyn in die hand werk en ervaar word in gevoelens van vrees, woede, droefheid, skaamte, skuldgevoelens en onbevoegdheid.
- Sosiale stressors wat normale opgroeibehoeftes ontwrig. Dit druis in op die ontwikkeling van samesyn, onafhanklikheid, vrygewigheid en die selfvertroue om iets te bemeester of te bereik.

Bostaande faktore kan geweld in skole aanblaas. Indien opvoeders op die kentekens bedagsaam is, kan aggressie in skole onder beheer gebring word en kan rampe in skole afgeweer word. Macbeth en Fine (1995:3) huldig die uitgangspunt dat konflik nie noodwendig afbrekend is nie; inteendeel dit is `n belangrike deel van lewe en groei. Hulle glo dat konflik skadelik is wanneer dit geïgnoreer of onderdruk word, of as dit uitloop op afknouery, dominansie of afsluiting.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Lee (2004:11) verklaar dat dit uiters moeilik is om afknouery met akkuraatheid te definieer en verskeie toonaangewende skrywers op die gebied het gepoog om dit te doen, maar met weinige konsekwentheid.

Bostaande uitgangspunt word verder onderstreep deur Thayser (2001), wat beweer dat navorsers glad nie kan saamstem op een universele definisie vir die begrip "afknouery" nie. Volgens Thayser haal baie Olweus (1993) se definisie aan. Olweus (1993:9) se definisie oor afknouery lees soos volg:



http://etd.uwc.ac.za/

> A student is being bullied or victimized when he or she is exposed, repeatedly and over time, to negative actions on the part of one or more other students ... It is a negative action when someone inflicts, or attempts to inflict, injury or discomfort upon another - basically what is implied in the definition of aggressive behaviour. Negative actions can be carried out by word (verbally), for instance, by threatening, taunting, teasing, and calling names. It is a negative action when somebody hits, pushes, kicks, pinches or restrains another - by physical contact. It is also possible to carry out negative actions without use of words or physical contact, such as making faces or dirty gestures, intentionally excluding someone from a group, or refusing to comply with another person's wishes.

Die volgende definisies kom algemeen voor en is geneem uit toonaangewende werke oor die onderwerp “afknouery“:

> Afknouery is `n vorm van aggressiewe gedrag wat gewoonlik doelbewus plaasvind en daarop gemik is om te beseer. Dit is dikwels langdurig, kan aanhou vir weke, maande of selfs jare en dit is moeilik vir diegene wat afgeknou word om hulself te verdedig. Onderliggend aan die meeste afknouerige gedrag is die misbruik van mag en `n begeerte om te intimideer en te domineer. (Sharp en Smith, 1994:1).

> Afknouery kan beskryf word as die sistematiese misbruik van mag (Smith en Sharp, 1994:2).

> Afknouery is herhaaldelike verdrukking, psigologies of fisies, van `n minder dominerende persoon deur `n baie dominante persoon of `n groep persone (Rigby, 1996:15).

Volgens Suckling en Temple (2002:69) is dit belangrik dat studente daarvan bewus moet wees dat afknouery in verskeie vorme manifesteer. As hulle afknougedrag kan identifiseer, kan studente meer akkuraat beskryf wat gebeur het en watter effek dit op hulle gehad het.



http://etd.uwc.ac.za/

## 2.4 VORME VAN AFKNOUERY

### 2.4.1 Fisiese afknouery

Fisiese afknouery is die mees ooglopende vorm van afknouery en vind plaas wanneer `n persoon liggaamlike leed aangedoen word deur so `n persoon se hare te trek of die persoon te slaan, skop, stoot, byt, krap, spuug of enige ander vorm van fisiese aanvalle op die persoon uit te voer. (Sullivan, 2000:11; Suckling enTemple, 2002:69; Sullivan *et al,* 2004:11).

Daar is `n verskil tussen afknouery en kriminele gedrag. Afknouery is anti-sosiaal, maar is nie kriminele gedrag nie (Sullivan, 2000:13). Volgens Sullivan het sommige aggressiewe gedrag al die kenmerke van afknouery (is fisies, het al vantevore gebeur, daar is magsmisbruik), maar dit oorskry die grense van skoolafknouery en die jurisdiksie van die skool. Dit is kriminele oortredings en moet hanteer word deur die polisie en jeugoutoriteite, afhangend van hoe oud die oortreder is. Sullivan (2000:13) beskou die volgende as kriminele gedrag: ernstige aanranding of om iemand met `n wapen of `n voorwerp aan te val soos `n gebreekte bottelstuk, mes of lem; ernstige diefstal; ernstige dreigemente om iemand ernstig te beseer of dood te maak; iemand seksueel te misbruik (ingeslote ongevraagde seksuele betasting).

### 2.4.2 Verbale Afknouery (Nie-fisiese afknouery of sosiale afknouery)

Verbale afknouery is een van die algemeenste vorm van afknouery omdat dit maklik aangewend kan word en baie doeltreffend is, veral waar ander mense teenwoordig is. Verbale afknouery vind plaas wanneer die afknouer woorde op `n kwaadwillige wyse gebruik om iemand anders in verleentheid te bring om sodoende goed of bemagtig te voel (Suckling en Temple, 2002:69). Daar word



http://etd.uwc.ac.za/

ook verder onderskeid getref tussen verbale- en nie-verbale afknouery (Sullivan, 2000:11). Verbale afknouery behels lasterlike telefoonoproepe, afpersing vir geld of materiële besittings, intimidasie of dreigemente tot geweld, iemand uitkoggel (name gee), kwaadstokery en vloekwoorde toesnou. Naamgee en terg is van die algemeenste gevalle onder leerders en is net so skadelik en emosioneel aftakelend as fisiese afknouery (Krige *et al,* 2000:2).

Indien verbale afknouery in intensiteit toeneem, kan dit ontaard in fisiese afknouery. Sommige skrywers soos Sullivan (2000:11) gaan `n stap verder en kategoriseer verbale afknouery in direkte nie-verbale afknouery en indirekte nie-verbale afknouery. Direkte nie-verbale afknouery word volgens Sullivan dikwels vergesel deur fisiese of verbale afknouery. Dit sluit in onbeskofte gebare soos middelvinger wys asook om wrede, lelike gesigte te trek. Dit word dikwels nie beskou as afknouery nie aangesien dit relatief skadeloos voorkom. Tog kan dit gebruik word om beheer oor iemand te verkry asook om te intimideer en te laat verstaan dat iets ernstigs gaan gebeur.

Volgens Sullivan (2000:11) is indirekte nie-verbale afknouery op sy beurt weer manipulerend en subtiel. Dit sluit in die manipulering van verhoudinge en die opbreek van vriendskappe asook die stuur van dikwels naamlose, kwetsende briefies. Hierdie briefskrywery kom veral onder die dogters voor en gaan gewoonlik gepaard met jaloesie oor een of ander seun in die klas. Sommige van die briewe is nogal erg lasterlik en karakterskendend, veral waar die slagoffer se familie in gedrang kom. Briewe waarin ouers as hoere, dronklappe en vigsdraers afgemaak word, is al deur afknouers aan leerders gestuur. Situasies kan so erg raak, dat slagoffers al gevra het om na `n ander skool of klas oorgeplaas te word.



http://etd.uwc.ac.za/

### 2.4.3 Psigologiese afknouery

Volgens Sullivan (2000:11) het elke navorser op die gebied van afknouery `n effense ander definisie en beskrywing van afknouery. Alhoewel daar `n onderskeid getref kan word tussen fisiese en psigologiese afknouery, argumenteer hy dat beide fisiese en nie-fisiese afknouery `n psigologiese dimensie het. Lee (2004:10) en Suckling en Temple (2002:70) plaas die kenmerke van psigologiese afknouery onder die benaming sosiale afknouery en uitsluiting. Alhoewel fisiese afknouery dikwels sigbare pyn en seerkry in die vorm van letsels en skrape veroorsaak, verklaar Sullivan *et al* (2004:6) dat alle vorme van afknouery onsigbare pyn in die vorm van interne psigologiese (of emosionele) skade teweegbring. Indien die seerkry onsigbaar is, is daar die gevoel dat daar geen bewyse is dat iets slegs of verkeerd plaasgevind het nie.

Tog sê Lee (2004:10) dat dit belangrik is om te onthou dat geen enkel vorm van afknouery pynliker is as `n ander nie. Lee gaan voort deur te sê dat spesiale eksklusie (psigologiese afknouery) kan meer pyn en ontmagtiging veroorsaak as fisiese aanvalle en verbale afknouery en kan merke of spore laat ver bokant dit wat deur fisiese afknouery agtergelaat is. Lee glo dat die impak van afknouery nie gemeet kan word aan die vorm van afknouery nie, maar liefs deur die verlies van sosiale status, mag en pyn (seerkry) wat deur die slagoffer ervaar is. Psigologiese afknouery of eksklusie of sosiale afknouery vind plaas wanneer leerders doelbewus uit `n groep of speletjie gelaat word (Krige *et al,* 2000:2).

`n Ander kenmerk is intimidasie binne-in die groep. Volgens Suckling en Temple (2002:70) is dit vir jonger leerders op primêre skole die ingewikkeldste vorm van afknouery om te rapporteer omdat dit baie subtiele uitdrukkings het. Volgens hulle sal leerders eksklusie beskryf as wanneer hul deur ander leerders geïgnoreer word, verbied word om saam te speel, wanneer



http://etd.uwc.ac.za/

hul onsigbaar gemaak word, die slegste taak of opdrag in die groep gegee word of wanneer die groep weghardloop en hulle wegsteek. Ander gevalle is waar `n leerder nie genooi word na `n verjaardagpartytjie nie of wanneer leerders in klasse groepe moet vorm vir een of ander taak of gedurende pouses doelbewus geïgnoreer word. (Krige *et al,* 2000:2). Baie opvoeders straf leerders deur hul nie saam te neem op opvoedkundige uitstappies nie, hul toegang te weier tot voeding of hul nie toe te laat om kulturele bedrywighede in die skoolsaal by te woon nie.

Die uitsluiting het `n geweldige nadelige uitwerking op die slagoffer se selfbeeld, selfvertroue en menswaardigheid (Krige *et al,* 2000:3). Soos by ander vorme kan die uitsluiting direk wees of dit kan indirek wees (Lee, 2004:10).

Direk is wanneer die uitsluiting doelbewus voor die tyd op die slagoffer uitgevoer word, terwyl by indirekte uitsluiting die slagoffer eers daarvan bewus raak wanneer hy/sy poog om by die groep aan te sluit.

### 2.4.4 Seksuele teistering

Seksuele teistering is ongevraagde seksuele aandag. Dit laat die persone op wie dit uitgevoer word ongemaklik voel, verlaag voel of vernedering smaak (Sullivan, 2000:12). Gewoonlik word seksuele teistering teenoor dogters uitgevoer, maar seuns kan ook die slagoffers wees. Volgens Suckling en Temple (2002:70) bestaan seksuele teistering uit onwelvoeglike tekeninge en gebare sowel as gesprekke, onbehoorlike grappe oor die slagoffer, om te skuur teen `n persoon, te betas asook om hom of haar vrae van `n seksuele aard te vra om die persoon skaam te maak of in verleentheid te bring. Krige *et al* (2000:3) onderskei verdere groeperinge van seksuele teistering. Hulle praat van verbale seksuele teistering waar slagoffers onder andere `n hoer genoem word; fisiese



http://etd.uwc.ac.za/

seksuele teistering waar seuns teen die dogters skuur, hul borste of sitvlak betas of ongevraagd aan enige liggaamsdeel raak, byvoorbeeld tussen die bene; en die laaste geval visuele seksuele teistering waar seksuele aanmerkings gemaak word of pornografie aan dogters gewys word. Ongevraagde seksuele betasting word dus na *verwys* as afknouery of teistering. Alhoewel dit deel is van afknouery, is dit meer as afknouery opsigself. Ongevraagde seksuele betasting grens aan seksuele aanraking en is `n kriminele oortreding (Sullivan, 2000:12).

Baie opvoeders en selfs prinsipale is al skuldig bevind en het as gevolg hiervan hul werk verloor. In sommige gevalle word leerders afgeknou as gevolg van hul seksuele oriëntasie. Volgens Sullivan (2000:12) is homoseksuele verhoudings in die meeste Westerse lande wettig en deur die samelewing in die geheel aanvaarbaar. Tog is die kultuur in baie hoofstroomskole in die lande homofobies met ander woorde gekant teen verhoudinge binne dieselfde geslag.

Binne die skole word daar heel dikwels teen diegene wat erken dat hul lesbies of homoseksueel is, gediskrimineer en word hul soms slagoffers van afknouery in verskillende vorme.

### 2.4.5 Rassistiese afknouery

Rassistiese afknouery kan fisies, sosiaal of psigologies tot uiting kom wanneer iemand negatief geëtiketteer word as verskillend as andere op grond van sy/haar ras (Besag, 1989 soos aangehaal in Suckling en Temple, 2002:70). Rasgemotiveerde geweld en teistering in die wye gemeenskap vind weerklank in ons skole.

Krige *et al* (2000:3) verklaar dat sedert Suid-Afrikaanse skole rasgeïntegreerd geraak het, daar gevolglik `n toename in rassistiese insidente in skole is. Die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

rede hiervoor, voer hulle aan, is die feit dat Suid-Afrikaanse leerders oor die algemeen opgegroei het in `n rasverdeelde land, waar mense van verskillende etniese groepe gewantrou en afgekeur is.

Sullivan (2000:12) verklaar dat rassistiese afknouery vind plaas waar rassisme en afknouery mekaar ontmoet. Hy sê voorts dat dit `n misbruik van mag is, fisies of psigologies, in `n poging om die slagoffer te verkleineer of om te beseer. In die proses word die slagoffer se familie, godsdiens, kultuur en gemeenskap ook gedenigreer. So word Moslem leerders as vuil Slamse uitgemaak, asook bestempel en gespot dat hulle die maan aanbid.

### 2.4.6 Afknouery is `n aanhoudende vorm van teistering en misbruik van mag

Teistering is `n term wat dikwels gebruik word as `n sinoniem vir afknouery. Volgens Rigby (1996:21) word die woord "bullying" (afknouery) meer dikwels gebruik in Brittanje as in die Verenigde State waar die term "harassment" (teistering) meer gewild is. Rigby gaan verder deur `n onderskeid te tref tussen teistering en afknouery. Hy verklaar dat teistering `n tipe afknouery is, gewoonlik van `n nie-gewelddadige aard, waar die slagoffer herhaaldelik sleg behandel word deur `n sterker persoon of `n groep persone as gevolg van sy of haar idmaatskap van `n sosiale groep. So kry ons dan rassistiese afknouery wat gemik is op `n persoon of persone wat aan `n sekere ras of etniese groep behoort of seksuele teistering waar persone van die vroulike geslag (of soms manlike geslag in die geval van homoseksualitiet) afgeknou word.

Hoe dit ookal sy, afknouery is `n verskynsel wat oor `n lang periode kan plaasvind. In sommige gevalle word leerders elke dag by die skool afgeknou, waar ander sporadies afgeknou word. Thayser (2001:17-18) stel statistiek van navorsing beskikbaar wat in verskillende lande gevind is. Hierin blyk dit dat



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

daar kinders is wat eenkeer of verskeie kere per week of gereeld afgeknou word, met ander woorde kinders wat volgehoue, ongenadiglike afknouery ervaar het. Byrne (1994), soos aangehaal in Lee (2004:22), verklaar dat afknouery vir weke, maande of selfs jare aanhou.

Mag is sentraal tot afknouery. Groter mag kan heelwaarskynlik `n persepsie wees en slegs so waargeneem word deur die slagoffer, maar dit is voldoende om aanleiding te gee tot magsongelykheid in `n verhouding.

Olweus (1991), soos aangehaal in Lee (2004:23), verklaar dat afknouery is `n aanduiding van `n "asymmetic power imbalance" tussen afknouers wat sterker, fisies en/of psigologies as hul slagoffers is. Daar is volgens Lee twee vorme van ongebalanseerde mag. Eerstens is daar diegene wat hul gesag (mag) op ander afdwing deur direkte kontak of kommunikasie. Hulle het `n verhouding met sekere leerders wat die leerder weerloos maak sodat hulle nie kan reageer en in opstand kom teen die aggressiewe aandag van die oortreder nie. Tweedens is daar diegene wat hul gesag (mag) laat geld oor hul portuurgroep sonder om direkte vorm van aksie te neem. Hulle mag is gebaseer op die sosiale status in die klas of skool en hul teenwoordigheid alleen is voldoende om ander in die klas of skool te ontmagtig. Moontlikhede hier is `n prefek of die kind van die prinsipaal of die kind van `n prokureur. Afknouers misbruik dus hul mag deur gebruik te maak van hul posisie in die skool, hul lengte, krag, grootte of ouderdom om ander leerders te beheer en te intimideer. Senior leerders wat junior leerders se besittings afneem en hul fisiek en verbaal intimideer, is uitvloeisels hiervan.

Om op te som kan gesê word dat afknouery aanhoudend is en dat dit vir weke, maande en jare kan aanhou. Onderliggend aan die meeste vorme van afknougedrag is die misbruik van mag en die begeerte om te intimideer en te domineer (Sharp en Smith, 1994:1).



http://etd.uwc.ac.za/

### 2.4.7 Tegnologiese afknouery

Tegnologiese afknouery word ook genoem "cyberbullying" of "e-afknouery" (Lee 2004:10). Dit sluit in die gebruik van die internet en e-pos asook selfone om ander leed aan te doen. Behalwe die sielkundige lyding wat oor `n afstand toegedien word, kan die ontvanger onbekend vir die afknouer wees en dus is die vorm van afknouery indirek.

## 2.5 IDENTIFISERING VAN AFKNOUGEDRAG

Leerders wat geboelie word, bring dit normaalweg nie onder die aandag van opvoeders of ouers nie. Gewoonlik is daar gedragspatrone te bespeur wat aan die opvoeder `n aanduiding gee dat iets met die leerder gebeur het.

### 2.5.1 Die slagoffer

Volgens Sullivan *et al* (2004:7) is daar verskeie redes waarom iemand wat afgeknou word daaroor swyg. Die vernaamste redes is dat slagoffers bang is en vrees vir verdere vergelding en leed.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hulle dink dat hulle meer uitgesonder gaan word as hul vertel en hulle hoop heimlik dat as hulle nie gaan vertel nie, hulle in die goeie boekies van die afknouer gaan beland. Hulle het nie baie vertroue in die opvoeder nie. Hulle is bang dat as hulle hul ouers vertel en dit in die ore van die skooloutoriteit gaan kom, sal die afknouery vererger.

Om hul portuurgroep in die moeilikheid te laat beland, is nie "cool" nie. Hulle hou hulself verantwoordelik vir die afknouery.

Stephenson en Smith (1989) en Olweus (1978), soos aangehaal in Sullivan



http://etd.uwc.ac.za/

(2000:25-26), identifiseer drie tipe slagoffers, naamlik:

- Passiewe slagoffers wat gekarakteriseer word as angstig, gebrekkig aan selfbeeld en selfvertroue, fisies swak en ongewild. Hulle doen niks om aanleiding te gee tot aanvalle nie.
- Uittartende slagoffers is fisies sterker en aktiewer as passiewe slagoffers. Hulle word beskryf as leerders wat probleme het met konsentrasie; veroorsaak irritasie rondom hulle en lok ander leerders (partykeer `n hele klas) uit om hulle af te knou.
- Aktiewe slagoffers/afknouers word beskou as diegene wat beide aggressie aanhits en ook aggressiewe dade pleeg. Hulle is baie aggressief en word deur sterker leerders afgeknou en terselfdertyd knou hulle swakker leerders af.

Sullivan *et al* (2004:12-13) wys daarop dat simptome wat na vore kom wanneer leerders afgeknou is, is dat hierdie leerders onwillig is om die skool by te woon, is chronies afwesig, vrees om na skool te loop en verander gedurig van roete. Hierdie leerders vaar skielik swakker in hul skoolwerk omdat hulle nie hul volle potensiaal benut nie, want hulle lewe in vrees en bly ongelukkig wat `n direkte effek op hul leer het. Die leerders raak gewoonlik stil waar hulle voorheen baie praterig was en daar verskyn soms skrape en kneusplekke op hul liggaam. Dit mag ook gebeur dat sulke leerders weier om te eet, angstig is en tekens van stres toon.

Tydens persoonlike intervensie is al teëgekom dat sommige leerders die skool wou verlaat en sommige het selfs probeer selfmoord pleeg. Volgens Lee (2004:51) sowel as Sullivan (2000:29-30) moet ouers op die uitkyk wees as hul kind gedurig geld skool toe wil neem, want hul kind is moontlik die teiken



http://etd.uwc.ac.za/

van afpersing. Ouers sal ook oplet dat leerders wat afgeknou word, baie depressief is, `n lae selfbeeld het en moeilik vriende maak. Hulle sal agterkom dat hul kind baie slapeloos is en selfs nagmerries kry. Ouers sal ook vind dat die leerder baie meer aggressief in die huis is veral teenoor die jonger boetie of sussie. In uitsonderlike gevalle mag dit wees dat leerders wat afgeknou word in opstand met hul opvoeders kom.

Daar kan duidelik verandering in hul gedrag bespeur word. Leerders dra ook wapens omdat hulle afgeknou word of omdat hulle bedreig voel op pad skool toe en terug.

### 2.5.2 Die afknouer

Die meeste afknouers het gewoonlik mag oor `n groep en sal die klas domineer (Newman-Carlson *et al,* 2000:25). In baie gevalle behoort `n afknouer aan `n "bendegroep" in die skool wat daarop uit is om ander leerders te intimideer en af te knou (Beane, 1999:13). Hulle is normaalweg beide bang en aggressief van karakter. Hulle is ook hiperaktief en het baie keer probleme om te konsentreer. Hulle is soms `n steurnis in klasse en ontwrig ook soms klasse. Leerders hou normaalweg nie van afknouers nie en baie opvoeders vind dit moeilik om met hulle te werk. Volgens Newman-Carlson *et al* (2000:56-57) het die huislike omstandighede en grootmaakproses `n groot invloed op afknouers se gedrag. Ouers se aggressiewe gedrag tuis teenoor hul kinders kan by die kind die idee laat ontstaan dat afknouery aanvaarbaar is en dus gebruik die kind geweld om sy/haar probleme op te los (Beane, 1999:122 en 125). Rigby (1996: 74-75) verklaar dat ouers se gebrek aan warmte, liefde en emosionele gebondenheid laat `n kind ontaard in `n afknouer. Nog `n eienskap van `n afknouer is dat hulle sorg dat hulle nooit betrap word nie, want sodra hulle uitgevang word, val hul ondersteuning weg, en is hul magsposisie daarmee heen (Sullivan *et al,* 2004:15).



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Banks (1997:2) gaan van die veronderstelling uit dat leerders wat betrokke is by afknouery `n behoefte het om magtig en in beheer te voel. Dit wil voorkom asof hulle:

- Bevrediging put uit die toepassing van lyding.
- Baie min empatie vir hul slagoffers het.
- Altyd verskonings vir hul optrede het deur die blaam te plaas op die slagoffers.
- Groei op in huise waar fisiese straf (o.a. lyfstraf) aan die orde van die dag is en daar `n gebrek aan ouerbelangstelling en warmte is.
- Ondermyn die gesag van volwassenes, is anti-sosiaal en is geneig om die skoolreëls te verbreek.

Coloroso (2002:1-2), soos aangehaal in Neser *et al* (2004), identifiseer die volgende algemene kenmerke van afknouers:

- Hulle hou daarvan om ander mense te domineer.
- Hulle gebruik mense om hul doelwitte te bereik.
- Hulle vind dit moeilik om `n ander se standpunt in te sien.
- Hulle is net opgeskeep met hul eie behoeftes, en nie die behoeftes, plesier, regte en gevoelens van andere nie.
- Hulle beskou swakker broertjies of sussies as prooi.
- Hulle maak gebruik van blaam, kritiek en valse beskuldigings om hul eie onvermoë in die slagoffer te projekteer.
- Hulle weier om verantwoordelikheid vir hul dade te aanvaar.

Bostaande inligting kan geweldig help om die aard en omvang van afknougedrag in die skool te identifiseer en om geskikte intervensie-programme in plek te stel om die afknouer te rehabiliteer.



http://etd.uwc.ac.za/

## 2.6. DIE MOTIEF VIR AFKNOUERY

Die omstandighede waarin die kind opgroei en grootraak, is een van die beweegredes waarom leerders hul tot afknouery wend. Die volgende aanhaling deur Bluestein (2001:272) onderstreep die feit:

> Clearly, the seeds for violence and bullying behaviour are planted long before kids come to school ... and are nearly always associated with the child's lack of self-regulation skills and a home life characterized by chaos, unpredictability, disruptions, drugs and alcohol, lack of parental love or warmth, harsh discipline, and parental behaviour patterns of abuse and neglect.

Uit bostaande aanhaling kan die afleiding gemaak word dat afknouers tree so op omdat hulle opsoek is na liefde en aandag (Krige *et al,* 2000:6). Leerders wat ander afknou, is persone wat voorheen deur ander leerders of ouer broers of susters afgeknou was, volgens Beane (1999:12). In baie gevalle het afknouers ook `n gebrek aan selfvertroue en kan soms baie eensaam en alleen wees (Krige *et al,* 2000:1-3).

Volgens Suckling en Temple (2002:71) knou kinders ander leerders af om soms geld en kos in die hande te kry. In baie gevalle knou leerders ander af omdat hulle verveeld is en net wil pret hê. Hulle glo ook dat baie leerders ander afknou omdat hulle wil wraak neem vir iets wat een of ander tyd met hulself gebeur het.

Suckling en Temple (2002:77) glo dat `n groot persentasie van hierdie tipe leerders kom uit `n gedragsmoeilike familielewe en beskik oor min sosiale en interpersoonlike vaardighede. Baie van die afknouers kom uit gemeenskappe wat nie afknouery ernstig opneem nie. Afknouers voel goed en word deur medeleerders as manne beskou.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Volgens Krige *et al* (2000) neig leerders baie keer tot die verskynsel omdat hulle voel hulle kry geen erkenning by die skool nie. Hulle presteer nie na wense op akademiese vlak of op sportgebied nie, en deur af te knou dwing hulle respek af.

`n Rigiede outoritêre stelsel met baie reëls en min vryhede by die huis of skool noop soms ook kinders om hulle op ander maniere te laat geld (Suckling en Temple, 2002:77). Gebalanseerde, "oulike" kinders kan ook afknou en hier dink ek veral aan die graad agts wat die graad drieë verkleineer omdat hulle in `n magsposisie is. Dit mag ook wees dat afknouers jaloers is op hulle maats en hul sodoende wil verneder. Hulle word ook deur sommige van hul maats beskou as "cool" en sterk, maar in hul binneste is hulle eintlik baie ongelukkig.

## 2.7 WAAROM AFKNOUERY NIE TOELAATBAAR IS NIE

Alle maatreëls om die kind van die moderne tyd sy of haar regmatige plek in die samelewing te gun is geskoei op `n wêreldwye tendens. Die Konvensie oor Kinderregte is so `n inisiatief waar internasionaal besluit is om die burgerlike, staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte van die kind te beskerm (Departement van Onderwys, 2000:5).

In Suid-Afrika word ons grondwet onderskryf deur `n kultuur van menseregte. Krige *et al* (2000:5) wys daarop dat die Handves van Regte soos vervat in die 1996 Grondwet skryf voor `n lys van fundamentele menseregte wat deur die Wet beskerm en afgedwing word. So word daar onder andere voorgeskryf dat elke kind die reg het om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering (seksie 28(i)(d) van die Handves van Regte, soos aangehaal in Krige *et al* (2000:5). Afknouery is `n skending van verskeie van die regte en opvoeders en ouers het `n verpligting om die regte te beskerm en na te streef.



http://etd.uwc.ac.za/

In die onderwys word daar ook streng gelet op die regte van die kind. Die Konvensie oor Kinderregte en die Grondwet van Suid-Afrika rakende kinderregte kom sterk na vore in die gedragskode van die South African Council for Educators (SACE). Alle opvoeders in die land is verplig om te registreer by SACE en is verplig om die kode van die organisasie te gehoorsaam en hulle daarby neer te lê.

Die kode maak spesifiek voorsiening vir menseregte en kinderregte [South African Council for Educators, 2002:99-134]. Die kode vereis dat opvoeders, onder andere, nie hul leerders mag verneder op watter wyse ookal en hulle ook nie mishandel, hetsy fisies of sielkundig nie. Die kode verwag van opvoeders om redelike stappe in plek te kry om die veiligheid van die leerders te verseker. Indien opvoeders leerders afknou of toelaat dat leerders mekaar afknou, is dit `n verbreking van die regte van die kind. Daar is verskeie maniere hoe afknouery die regte van `n kind kan skend.

### 2.7.1 Afknouery skend die kind se reg tot menswaardigheid

Dit is te veel om te verwag dat die Suid-Afrikaanse samelewing binne die afsienbare toekoms `n etiese samelewing sal raak. Maar ons kan die etos (die etiese kultuur en praktyke) van die skool verbeter deur menseregte te vertroetel en uit te leef (SACE, 2002:109). Volgens die SACE kode (3.5) het die leerder die reg om nie verneder of misbruik te word nie. Fisiese, verbale en sielkundige afknouery ontneem `n leerder van sy menswaardigheid en selfrespek (Krige *et al,* 2000:5). Leerders wat voordurend aan negatiewe kritiek en vernedering onderwerp word, sal uiteindelik `n swak selfbeeld en `n gebrek aan vertroue ontwikkel. Hulle isoleer hulself, voel onbevoeg en vind dit moeilik om positiewe sosiale verhoudinge op te bou.



http://etd.uwc.ac.za/

### 2.7.2 Afknouery skend die leerder se reg op privaatheid en privaatbesit

Leerders se besittings word vrylik en voortdurend gesteel in skole of daar word in leerders se sakke gekrap. Hierdie vorm van afknouery is `n miskenning van `n kind se reg op private besit (Krige *et al,* 2000:5). In ander gevalle word leerders se swak prestasies deur die opvoeder in die hele klas uitgeblaker in `n poging om die leerder af te knou of psigologies seer te maak (Departement van Onderwys, 2001:15). Ander leerders in die klas kan die inligting verder voer om leerders af te knou. Leerders se vordering of enige ander persoonlike inligting of sielkundige toetsing in die profiel van `n leerder is vir die opvoeder se oë alleenlik (Kode 8.3 SACE, 2002:150). Skending van die reg is lynreg teen die gedragskode soos opgeneem in SACE en grens aan wangedrag deur die opvoeder.

### 2.7.3 Afknouery skend `n leerder se reg tot vrye assosiasie en sekuriteit

Leerders moet in `n veilige omgewing kan skoolgaan. Die skool moet sekere strukture en beleide in plek hê wat leerders beskerm teen bendegeweld en afknouery hetsy verbaal, fisies of sielkundig (Departement van Onderwys, 2001:5).

Lyfstraf deur opvoeders is onmenslik teenoor die leerder en kan lei tot vrees by die leerder en `n gevoel dat probleme opgelos kan word deur middel van geweld (Departement van Onderwys, 2000:7-8). Ons kan dus aflei dat die Suid-Afrikaanse Grondwet gekant is teen enige vorm van afknouery, hetsy fisies, emosioneel of verbaal.

Die ander rede waarom afknouery in skole nie geduld behoort te word nie, is dat dit baie nadelige gevolge inhou vir verskeie rolspelers, onder andere vir die slagoffer, die afknouer sowel as die familie en die omstanders.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

## 2.8 GEVOLGE VAN AFKNOUERY

### 2.8.1 Gevolge vir die slagoffer

Om aan afknouery onderwerp te word, kan lei tot probleme wat tot in die slagoffer se volwasse lewe oorgedra word (Batche en Knoff, 1994:168). Volgens Beane (1999:1) kan `n slagoffer as gevolg van afknouery aan die volgende simptome ly: `n lae selfbeeld, vernedering en skuldgevoelens, oordrewe gevoel van geïsoleerdheid en eensaamheid, depressie, gevoel van verwerping en `n lae belangstelling in die aktiwiteite van die skoollewe en swak akademiese vordering.

Volgens Sullivan (2000:27) weerhou die isolasie en uitsluiting wat gepaard gaan met afknouery nie net die slagoffer van gesonde vriendskap en sosiale interaksie nie, maar dit laat hulle onaantreklik en onbevoeg voel. Hy gaan voort deur te verklaar dat diegene wat afgeknou word, dikwels probleme ondervind om goeie verhoudinge op te bou en dit lei daartoe dat die slagoffer `n minder suksesvolle lewe voer. Die slagoffers van afknouery het `n gevoel van onbevoegdheid en as gevolg daarvan onderpresteer hulle. Emosioneel voel hulle bang, vervreemd, kwaad, skaam, depressief, ontmagtig, seergemaak, hartseer, nie-menswaardig, vertrap, lelik en niksbetekend. Fisies lei afknouery tot beenbreke, gebreekte tande, harsingskudding, geswolle oë en selfs permanente breinskade, meswonde en selfs die dood. Selfmoord is ook vir baie slagoffers die laaste uitweg (Sullivan *et al, 2004:20)*.

### 2.8.2 Gevolge vir die afknouer (aggressor)

Rigby (1996:64*)* verklaar dat die toekoms van leerders wat op `n vroeë stadium van hul lewe afknouery beoefen, nie baie rooskleurig is nie. Afknouery op skool word geassosieer met verskeie vorme van wangedrag



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

soos winkeldiefstal, skryf van graffitti en botsings met die polisie in die algemeen.

Volgens Rigby wil dit verder voorkom dat die leefwyse van `n afknouer bestaan uit aggressie, impulsiwiteit en `n ek-gee-nie-om-houding. Hierdie afknouers loop die gevaar om op `n latere stadium voor die hof te verskyn op aanklag van jeugmisdaad.

Neser *et al (*2004:83*)* sien afknouers as leerders met `n geskiedenis van mishandeling waar hulle self afgeknou of mishandel was. In sommige gevalle ervaar hul situasies in die lewe waarmee hul nie kan omgaan nie en dit laat hulle hulpeloos en nie in beheer voel nie. Hulle mag ook leerders met swak sosiale vaardighede wees, wat nie kan inpas nie en ook nie aan die verwagtinge van die akademiese en buite-kurrikulêre programme van die skool voldoen nie. Hulle knou dus af om bevoeg en suksesvol te voel, beheer ander om verligting te bring aan hul eie gewaarwordinge van hulpeloosheid.

Bostaande sentimente rondom die eienskappe en gevolge van afknouer op die oortreder self word nie deur almal gedeel nie. Volgens Rigby (1996:48) beskou sommige mense afknouery as `n nietige in plaas van `n vernietigende verskynsel omdat dit volgens hulle van korte duur is en baie min mense affekteer. Rigby (1996:48) skryf dat ander mense dit nog verder dryf en aanspraak daarop maak dat afknouery positiewe effekte het. Volgens die siening word afknouers sterk grootgemaak, hulle karakter word gebou en hulle word voorberei vir die werklike lewe. `n Opvoeder in `n Australiese skool het die stelling gemaak dat dit die afknouers is wat suksesvol in die lewe en sakewêreld sowel op sportgebied is. Dié opvoeder sê voorts dat as afknouers die reg ontneem word om af te knou, ontsê ons hulle waardevolle kanse om vaardighede en kwaliteite aan te leer om suksesvol te wees (Rigby, 1996:48).



http://etd.uwc.ac.za/

Myns insiens is die nadelige gevolge vêr groter as die voordele en in die lig daarvan wil ek die afleiding maak dat afknouers in die proses nadelig beïnvloed word.

### 2.8.3 Gevolge vir die familie en omstanders

Afknouery kan ook `n nadelige invloed hê op die slagoffer se vriende, familie, opvoeders en ander leerders wat ooggetuie is van die daad (Krige *et al, 2000:11).* Volgens Krige *et al* voel ouers kwaad en gefrustreerd omdat hulle dit nie kan verwerk en aanvaar dat hul kind afgeknou word nie. Hulle kry ook die gevoel van magteloosheid as hul nie oor die nodige kundigheid beskik om hul kind te help nie, veral waar hul geen hulp of ondersteuning van die skool se kant af kry nie. Krige *et al (2000:11)* gaan voort deur te verklaar dat omstanders/ooggetuies van afknouery ervaar skuldgevoelens en skaamte omdat hul nie daartoe in staat is om die afknouery stop te sit nie, en die slagoffer te help nie. In baie gevalle is hulle bang om tussenbeide te tree uit vrees dat hulle afgeknou sal word.

## 2.9 SLOTOPMERKINGS

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is duidelik dat afknouery nie `n modêrne verskynsel is nie en dat daar al lank geworstel word om die euwel te bekamp (Rigby, 1996:11). Sommige mense glo dat afknouery deel is van die grootwordproses en die kind sterk maak om sukses in die lewe te behaal (Rigby, 1996:48). Die teendeel is dat dit `n kind kan vernietig en sielkundige letsels laat tot diep in sy/haar volwasse lewe (Lee, 2004:53). Voorts kan afknouery leerders dryf om stokkies te draai, en sommige gevalle tot selfmoord te dwing of om self in aggressors te ontaard (Rigby, 1996:5661). In `n atmosfeer van afknouery kan daar ook nie sinvol onderwys gegee word nie, want afknouery loop uit op dissiplinêre probleme (Lee, 2004:53). Omdat afknouery agter die rug van opvoeders asook subtiel plaasvind, is dit belangrik dat skole `n daadwerklike poging aanwend om die



http://etd.uwc.ac.za/

verskynsel hok te slaan.

Dit moet deel van die heel-skool-ontwikkeling wees en in beleid vasgevat word en wel in die vorm van `n anti-afknouery beleid (Suckling en Temple, 2002:7). Hierdie beleid kan nie `n isolasie deur die skool opgestel word nie, maar moet ander rolspelers soos die ouers, die kind en die ouergemeenskap betrek om positiewe langtermyn suksesse te verseker. Volgens Krige *et al* (2000:18) het kinders die reg om opgevoed te word in `n veilge omgewing; een wat vry is van vrees, intimidasie, geweld en misbruik. Daarom is `n anti-afknouerybeleid uiters belangrik om `n duidelike boodskap uit te stuur dat afknouery nie in die skool geduld sal word nie.

Die volgende hoofstuk konsentreer op die navorsingsmetodologie om sodoende navorsingsinstrumente in plek te kry sodat die aard en omvang van afknouery in die skool vasgestel kan word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 3

## NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 3.1 INLEIDING

Die primêre doelwit van hierdie hoofstuk is om 'n beskrywing te gee van die navorsingsmetodologie en die navorsingsontwerp, wat gebruik is om te help met die insameling van alle relevante data wat nodig is om die afgebakende studieterrein te bestudeer

### 3.2 DOELWITTE

**Die hoofnavorsingsvraag**

Wat is die voorkoms van afknouery in die geselekteerde plattelandse primêre skool in die Wes-Kaap?

**Die spesifieke navorsingsvrae**

- Wat is die omvang en aard van afknouery?
- Wie knou af en waarom?
- Wat doen die skool om afknouery die hoof te bied?
- Hoe kan die skool beter georganiseer word om afknouery te bekamp?

### 3.3 ETIESE KODE

Schumacher en McMillan, (1993:182) verklaar dat etiek oor die algemeen beskou word as 'n manier om beginsels aan te spreek soos reg of verkeerd, geskik of nie-geskik, goed of sleg.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Vir die navorsing is daar gelet op die etiese kode van die Raad vir Geeesteswetenskaplike Navorsing (RGN:1997). Dit gee duidelike en kernagtige riglyne vir professionele gedrag wat die vertroue van mense in die navorser verstewig. Hier volg 'n kort opsomming met verwysing na die beginsels van deelname, deursigtigheid, professionaliteit en toerekenbaarheid.

Respondente is as navorsingsgenote geag. Ouers, opvoeders en leerders is bewus gemaak dat leerders onttrek gaan word om vraelyste in te vul en dat opvoerders buite kontaktyd benodig gaan word vir onderhoude. Indien enige navorsing 'n persoon se persoonlikheid, sosiale en kulturele waardes aangetas, sou word, sal dit nie aanvaar word nie. Respondente wat meer kwesbaar is, het die nodige beskerming geniet. Indien 'n deelnemer nie verder aan die projek wou deelneem nie, sou deelname summier opgeskort word. Enige finansiële of enige ander aansporingsmaatreëls wat respondente onregmatig mag beïnvloed, is nie aangewend nie.

Alle rolspelers is deeglik ingelig waaroor die projek gaan om sodoende agterdog en bevooroordeling uit die weg te rium. Observasie in 'n klaskamer is vir die uitsluitlike doel om die gedragspatrone van leerders vas te stel en is geensins bedoel om die dissipline of leskwaliteit van die opvoeder te evalueer nie. Deelnemers is nie onder valse pretensies by die navorsing betrek nie. Openheid met alle navorsingsbevindinge is deurgaans gehandhaaf. Optimale verspreiding van navorsingsbevindinge op akademiese sowel as sosiale gebied het geskied. Bewyse ten opsigte van die handhawing van ondernemings aangaande die vertroulikheid van data was aan die orde van die dag. Die navorser het die anominiteit van enige persoon of die instansie in die projek verseker deur 'n verbintenis dat geen inligting aan enige persoon of instansie deurgegee sou word nie. Om anominiteit te waarborg is letters van die alfabet gebruik in plaas van name van deelnemers. Om nie die privaatheid van



http://etd.uwc.ac.za/

deelnemers te skend nie, is die toestemming van ouers, die skool en die department om die navorsing te doen, eers verkry.

Daar is 'n hoë premie geplaas word op die verbintenis tot wetenskaplike integriteit en uitnemendheid, maatskaplike gevoeligheid en verantwoordelikheid sowel as die erkening van die individu se waardigheid. Geen afleidings is byvoorbeeld op grond van ras of geloof gemaak nie.

Indien onvoorsienbare omstandighede die navorsing bedreig het, sou die navorsing onmiddellik opgeskort gewees het.

## 3.4 DIE NAVORSINGSONTWERP

'n Navorsingsontwerp word gedefinieer as 'n algemene plan om 'n navorsingstrategie te implementeer (Mouton, 2001:15; Mouton 2003:55; Gravetter en Forzano, 2003:464).

Volgens Babbie (1989:89) spreek 'n navorsingsontwerp die volgende aan: die beplanning van wetenskaplike ondersoeke, ontwerp in strategieë om te ondersoek, om iets te beskryf en te verduidelik. Die ontwerp wat deur die navorser gekies word, bepaal die data-insamelingsmetodes, die tegnieke en instrumente en of die ondersoek 'n kleinskaalse etnografiese studie, 'n gevallestudie of 'n lewensgeskiedenis is. In hierdie geval is van 'n gevallestudie gebruik gemaak.

Verskeie data-insamelinginstrumente is gebruik om die nodige data te bekom om sodoende 'n ryke beskrywing te gee van die sosiale gebeurtenis wat ondersoek word. Die sosiale fenomeen wat nagespeur is, is afknouery in 'n plattelandse laerskool. Vraelyste, onderhoude, waarneming en dokumentasie-analise is gebruik om die data te versamel om sodoende inligting en insig te



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

verskaf om die navorsingsvrae te beantwoord. In die navorsingsprojek is van beide kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak om data te bekom geskik vir die analisefase. Die kwalitatiewe benadering is oorheersend wat die navorser in staat gestel het om die opvoeders en leerders se persepsie en begrip van afknouers te ondersoek en die omvang daarvan in die skool uit te lig. Kwantitatiewe navorsing is slegs gebruik om die magdom data verkry uit onderhoude en vraelyste te kontroleer, groepeer en te meet.

### 3.4.1 Kwalitatiewe vs kwantitatiewe navorsing

In die kwantitatiewe navorsingsbenadering gaan daar van die standpunt uit dat menslike gedrag voorspelbaar en gereguleer kan word. Daarom word daar gepoog om die menslike gedrag onder gekontroleerde omstandighede te bestudeer.

Die kwalitatiewe benadering beskou menslike gedrag as vloeibaar, dinamies, sosiaal, konteksueel en persoonlik. Dus word die gedrag van mense in hul natuurlike omgewing bestudeer. Die konteks waarbinne die gedrag plaasvind, word bestudeer.

"The distinction between the qualitative and quantitative paradigm lies in the quest for understanding and for in-depth inquiry", aldus Freebody (2003:3). In kwantitatiewe navorsing val die klem op die beheer van die veranderlikes. In kwalitatiewe navorsing word die veranderlikes nie beheer nie, maar die fokus is op die begrip en verduideliking van die veranderlikes deur gebruik te maak van verskeie data-insamelingsmetodes (Freebody, 2003:3).

Die meeste navorsers doen òf kwalitatiewe òf kwantitatiewe navorsing, maar sommige navorsers kombineer die twee. Die sterkpunt van kwantitatiewe



http://etd.uwc.ac.za/

navorsings is betroubaarheid – dieselfde metings sal dieselfde resultate keer op keer produseer (Babbie en Mouton, 2001). Die krag van kwalitatiewe navorsing op sy beurt lê opgesluit in geldigheid (waarheid) – navorsing deur die gebruik van verskeie data-insamelingsinstrumente kan lei tot 'n indiepte verstaan van die sosiale fenomeen (Babbie en Mouton, 2001).

In die kwantitatiewe navorsingsmetode word beskrywend-verklarend gewerk en universele uitsprake word gemaak. Navorsers wat hierdie metode gebruik, gee voorkeur aan presiese konsepte, dit wil sê konsepte wat gekwantifiseer kan word deur gebruik te maak van skale en indekse. Om data te versamel word van kwantitatiewe metodes gebruik gemaak. Daar word gebruik gemaak van beskrywende en inferensiële statistiese tegnieke wanneer data ontleed word (Kvale, 1996:66-67).

Die kwalitatiewe metode is essensieel beskrywend en inferensieel (Miles en Huberman, 1994:7). Navorsers wat van hierdie werkswyse gebruik maak, streef daarna om 'n bepaalde konteks te verstaan. In hierdie navorsingsmetode word universele verband nie bestudeer nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Merriam (1998:21) verklaar voorts dat navorsers wat kwalitatief te werke gaan se werkswyse is meestal verkennend-beskrywend en word daar van sensiterende in plaas van kwantifiseerbare konsepte gebruik gemaak. Data-insameling vind plaas deur middel van kwalitatiewe metodes. Die ontleding van data word gedoen deur gebruik te maak van interpretiewe raamwerke, skemas en modelle (Merriam, 1998:11)

### 3.4.2 Beskrywing van die monsterneming

Na aanleiding van faktore soos uitgawes, tyd en toeganglikheid is dit nie altyd moontlik of prakties om opnames van 'n hele bevolking in te samel nie.



http://etd.uwc.ac.za/

Volgens Cohen en Manion (1980:75) beywer die navorser hom/haar om informasie vanuit 'n kleiner groep van die bevolkings op so 'n wyse te verkry dat die kennis wat ingesamel word verteenwoordigend is van die totale bevolking wat ondersoek word.

Die kleiner groep of subgroep is 'n monster. Miles en Huberman (1994:27) beskou 'n monster as 'n kleiner groep mense wat geneem is uit 'n bevolking wat gebruik word vir 'n spesifieke indiepte studie asof die monster verteenwoordigend is van die geteikende bevolking.

Kwalitatiewe monsters is geneig om doelgerig ("purposive") te wees in plaas van ewekansig ("random"). Ewekansige monsterneming kan uitloop op bevooroordeelde monsters indien die getalle klein is (Miles en Huberman, 1994:27). In hierdie studie het die navorser gebruik gemaak van doelgerigte monsterneming. Volgens Cohen en Manion (1980:77) is doelgerigte monsterneming 'n proses waar die navorser uitgesoekte gevalle selekteer om in die monsterneming ingesluit te word op grond van hul tipering. Op hierdie wyse vind 'n monsterneming plaas wat die spesifieke behoeftes van die navorser bevredig. Vir hierdie studie is leerders uit die intermediêre fase gekies. Die betrokke fase is vir die navorser meer bekend omdat hy in die fase onderrig gee en bewus is daarvan dat die leerders meer geskik is vir die studie.

Ander proefpersone is drie opvoeders wat uit die intermediêre fase gekies is verteenwoordigend van graad vier, vyf en ses. Die navorser ken die opvoeders wat kommunikasie vergemaklik. Onderhoude is met die drie opvoeders gevoer. 'n Vraelys is ook onder hul gesirkuleer. Die individu wat geselekteer is, is oor die algemeen diegene wat die kundigheid of ervaring met betrekking tot die doel van die studie het. In die studie is deelnemers gekies wat nie slegs maklik bereikbaar is nie, maar wat ook ryk informasie kon verskaf oor afknouery op grond van hul skoolervaring. Die navorser is deel van die



http://etd.uwc.ac.za/

personeel en toegang was maklik. Dit was nie net koste en tydeffektief nie, maar die regte deelnemers wat 'n bydrae tot die ondersoek kon maak, kon ook geïdentifiseer word. Die doel van die ondersoek was nie om 'n ewekansige monsterneming op te bou of veralgemenings te maak op grond van die bevindinge nie, maar liefs persone of agtergronde te kies wat volgens die navorser 'n breë spektrum verteenwoordig van die beoogde navorsing (Maykut en Morehouse, 1994:127). Die opvoeders wat gekies is, dien op die dissiplinêre komitee en het baie te doen met afknouery. Hulle onderrig ook in die intermediêre fase vir die dieselfde leerders wat as proefpersone gebruik is. Miles en Huberman (1994:29) verklaar dat doelbewuste monsterneming is gebaseer op die veronderstelling dat die navorser hom/haar begrip van die geselekteerde individu of groep wil uitbrei.

Goedkeuring om die opname in die betrokke skool te onderneem, is by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (W.K.O.D.) bekom. 'n Volledige navorsingsvoorstel is aan die onderwysdepartement voorgelê. Die goedkeuring van ouers wie se kinders aan die navorsing deelgeneem het, is ook verkry.

### 3.4.3 Gevallestudie

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**Agtergrond van die gevallestudieontwerp**

Dockrell en Hamilton (1980:33) verklaar dat in die verlede was gevallestudiemetodes oor die algemeen aangewend en ontwikkel waar daar 'n duidelike behoefte was om die idiosinkrasie van individuele insidente te konfronteer soos byvoorbeeld historiese rekonstruksie, joernalistieke en dokumentêre rolprentvervaardiging of 'n lewensbeskrywing.



http://etd.uwc.ac.za/

In die wetenskaplike paradigma berus die opvoedkundige navorsing op die skepping van 'n teoretiese raamwerk wat getoets kan word deur eksperimentasie, replieke en suiwering (Cohen en Manion, 1980:99). Aan die anderkant gebruik navorsers die gevallestudiemetode waar daar 'n gebrek aan 'n duidelike visie of 'n geskikte teoretiese basis is waarvandaan geopereer kan word.

Dockrell en Hamilton (1980:33) wys verder daarop dat dit blyk asof slegs antrapologiese en etnologiese prosedures ontwikkel het om gevallestudienavorsing kumulatief te gebruik. As gevolg hiervan word gevallestudienavorsing oor die algemeen as 'n lae status navorsingsmetode beskou. In reaksie op bostaande kritiek het Yin (1994:9) daarop gewys dat die grootste bron van bekommernis is die gebrek aan nougesette gevallestudie navorsing. Te dikwels was die gevallestudie navorsers traak-my-nie-agtig en het hulle toegelaat dat dubbelsinnige of twyfelagtige sieninge die uitkoms van hul bevindinge en afleidings beïnvloed.

**Definisie van 'n gevallestudie**

UNIVERSITY of the

Cohen en Manion (1980:99) beskryf 'n gevallestudie soos volg:

WESTERN CAPE

> The case study researcher typically observes the characteristics of an individual unit – a child, a clique, a class, a school or a community. The purpose of such observation is to probe deeply and to analyse intensively the multifarious phenomena that constitute the life cycle of the unit with a view at establishing generalisations about the wider population to which that unit belongs.

Dockrell en Hamilton (1980:3) definieer gevallestudie as die ondersoek van 'n geval in aksie. Hierdie ondersoek van 'n geval stel die navorser in staat om die elemente wat betekenis gee aan 'n situasie vas te vang en weer te gee.



http://etd.uwc.ac.za/

Gevallestudies kan 'n metode wees om op 'n individu, 'n groep of 'n algehele gemeenskap te konsentreer (Berg, 2001: 225).

In hierdie studie is die skool die breë fokus, terwyl die opvoeders en die leerders as individue geteiken word. Daar gaan indiepte gekyk word na die aard (elemente) van afknouery.

**Voor- en nadele van die gevallestudie**

Bailey (1978:128) lys drie voordele met betrekking tot gevallestudies: In die eerste plek is die navorser in staat om notas te maak oor die uitstaande kenmerke; tweedens vind gevallestudieobservasie plaas oor 'n langdurige tydperk waarin die navorser 'n intiemer en informele verhouding kan opbou met diegene wat geobserveer word; derdens is gevallestudieobservasie minder reagerend as ander tipe data-insamelingsmetodes. Volgens Dockrell en Hamilton (1980:33) gee gevallestudienavorsing insig in spesifieke gevalle, gebeurtenisse of situasies wat ondersoek word. Dockrell en Hamilton (1980:44) gaan verder deur te verklaar dat in 'n gevallestudie daar konkrete, helder en gedetaileerde informasie oor die fenomeen wat ondersoek word, aan die lig kom.

Daar is egter ook nadele verbonde aan gevallestudienavorsing. Cohen en Manion (1980:104) beskryf gevallestudies as subjektief, bevooroordeeld, dit het 'n gebrek aan kwantifiserende maatstawwe. Volgens Cohen en Manion (1980:105) verrys daar nou twee kritieke vrae uit bostaande swakhede. In die eerste plek ontstaan die vraag hoe die leser sal weet of die navorser nie perspektief verloor het met betrekking tot wat veronderstel is om ondersoek te word nie. Tweedens hoe kan daar vasgestel word of uitslae van die navorsing van hierdie ondersoek van toepassing is op ander situasies?



http://etd.uwc.ac.za/

In die mini-tesis word die swakhede van die gevallestudienavorsing soos volg gekontroleer: Die navorser maak gebruik van semi-gestruktueerde (onderhoud) vrae wat die navorsing lei en die gevallestudie se uitslae is slegs van toepassing op die area waar die ondersoek geloods word.

## 3.5 NAVORSINGSINSTRUMENTE

Die keuse van data-insamelingstegnieke berus op die konsepsuele raamwerk, navorsingsvrae en die monsterneming kriteria (Robson, 1993:167).

### 3.5.1 Data-insameling deur onderhoude

Cohen en Manion (1980:271) beskryf die navorsingsonderhoud as 'n tweepersoongesprek wat deur die onderhoudvoerder geïnisiëer word vir die spesifieke doel om navorsingsrelevante inligting te bekom. Die doel van onderhoudvoering word verder beklemtoon deur Patton (1990:278):

> We interview people to find out from them those things we cannot directly observe. We cannot observe feelings, thoughts and intentions. We cannot observerve behaviours that took place at some previous point in time. We cannot observe how people have organised the work and meanings they attach to what goes on in the world. We have to ask people questions about those things.

Om opvoeders se persepsie en houding ten opsigte van afknouery te bepaal sal die navorser deur die regte vrae diep genoeg moet delf, sodat die diepste gevoelens en kennis van die opvoeders tydens onderhoude na die oppervlakte kan kom.

Die onderhoude het op 'n semi-gestruktureerde wyse geskied. Omdat ek spesifiek inligting rondom die konteks van die skool sowel as die opvoeders



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

se siening oor afknouery wou insamel, is hierdie semi-gestruktureerde proses ideaal, want dit gee die navorser die geleentheid om voor die tyd vrae op te stel om die onderhoud te lei. Dit bied ook aan die respondente die geleentheid om vrylik te praat sonder te veel leiding en strukture (Kvale, 1996:124).

'n Bandopnemer is met die toestemming van die deelnemers vir hierdie navorsing gebruik. Dit verseker dat wat gesê is, bewaar is vir analise op 'n later stadium. Op hierdie manier kon oogkontak behou word en kon die emosionele en verbale in die stem vasgevang word (Kvale, 1996:160-162). Die bandspeler is tyd- en koste-effektief aangesien onderbrekings tot 'n minimum beperk word. Skuilname vir die respondente sowel as die skool is gebruik.

### 3.5.2 Data-insameling deur waarneming

Volgens Cohen en Manion (1980:101) is daar twee vorme van waarneming, naamlik deelnemende observasie en nie-deelnemende observasie. In deelnemende observasie is die waarnemer absoluut deel van die groep aangesien die waarnemer aan alle aktiwiteite van die groep wat bestudeer word, deelneem. Aan die anderkant staan nie-deelnemende observasie afsydig teenoor groepaktiwiteite wat ondersoek word en vermy die observeerder groepslidmaatskap. Die tipe navorsing bepaal die tipe waarneming. In hierdie studie het die waarneming beide deelnemende observasie sowel as nie-deelnemende observasie ingesluit. In die proses van nie-deelnemende observasie het die observeerder onopsigtelik eenkant op die skoolterrein stelling ingeneem en vooraf geïdentifiseerde gedrag, in dié geval afknouery, waargeneem en aantekeninge gemaak. In ander gevalle het die waarnemer van die deelnemende observasiemetode gebruik gemaak. In die geval het die waarnemer opsigtelik in die klas stelling ingeneem, terwyl almal van sy teenwoordigheid bewus was. Beide werkswyses is in hierdie navorsing



http://etd.uwc.ac.za/

gebruik om sodoende optredes, gedrag en houdings wat onder die verskillende waarnemingsmetodes ontstaan, met mekaar te vergelyk.

Volgens Bailey (1982:254) is daar stappe wat slaafs nagevolg moet word in die waarnemingsproses:

- Bepaal vooraf die doelwitte van die studie.
- Besluit oor die navorsingsgroep.
- Verkry toestemming vir die navorsingsprojek .
- Werf persone wat deel van die navorsingsprojek gaan uitmaak en wen hul vertroue en goedkeuring.
- Gebruik veldnotas gedurende waarneming en opnames.
- Hanteer krisisse soos dit mag voorkom.
- Gee 'n aanduiding wanneer die studie voltooi sal wees.
- Analiseer die data.
- Skryf 'n verslag oor die bevindinge.

Bostaande stappe is in die studie aangewend. Wat die veldnotas in observasie studies betref, gee Lofland soos aangehaal in Cohen en Manion (1980:195) die volgende wenke:

- Maak 'n rekord van die notas so gou as moontlik na observasie om te verhoed dat van die informasie verlore gaan.
- Dissiplineer jouself om notas vinnig aan te teken, want optekening kan net so lank vat as die werklike observasie.
- Om te dikteer is goed, maar om te skryf hou die voordeel in dat stimulerende gedagtes vasgepen kan word.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

- Om veldnotas te tik in plaas van skryf, hou die voordeel in dat dit makliker en vinniger is om te lees, veral wanneer verskeie kopieë gemaak word.
- Dit is raadsaam om ten minste twee kopieë van die veldnotas te maak. Een oorspronklike kopie kan bewaar word vir verwysing en die ander kopie kan aangewend word as 'n rowwe opsomming wat opgesny, gereorganiseer asook herskryf word.
- Die notas moet so volledig as moontlik wees sodat wanneer dit selfs maande later weer opgeroep word, dit 'n redelike lewendige prentjie van die gebeure kan gee.

### 3.5.3 Data-insameling deur vraelyste

Davidson soos aangehaal in Cohen en Manion (1980:80) het die volgende oor 'n ideale vraelys te sê:

> It is clear, unambiguous and uniformly workable. Its design must minimize potential errors from respondents … and coders. And since people's participation in surveys is voluntary, a questionnarehas to help in engaging their interest, encouragingtheir co-operation, and elicitating answers as close as possible to the truth.

Voordele van vraelyste is dat dit koste effektief is; maklik is om te analiseer; die meeste respondente is vertroud met vraelyste en dit verminder bevooroordeling. Nadele van geskrewe vraelyste is onder andere dat die moontlikheid van lae reaksie mag bestaan; lyftaal en gesigsuitdrukkings word nie vasgevang nie en dit mag wees dat veral by kinders, as respondente, 'n geletterdheidsprobleem mag opduik.



http://etd.uwc.ac.za/

‘n Gestruktureerde vraelys wat ook as ‘n geslote vraelys bekend staan, is in hierdie studie gebruik. Dit sluit vrae wat met ja/nee-response beantwoord kon word, in. Dit het ook vrae waar die proefpersoon sy antwoord vanuit ‘n voorgestelde lys antwoorde selekteer, ingesluit (veelvoudige keusevrae) (Baumgartner *et al.*, 2002:93-96). Hierdie vraelys is deur 120 leerders beantwoord wat insluit 40 leerders uit elkeen van grade vier, vyf en ses.

Vir die doel van hierdie opname is ondervraging in die vorm van ‘n selfontwerpte vraelys gedoen. Die vraelys is vir enige onduidelikhede getoets ‘n week voordat die proefpersone die vraelys voltooi het. Die vraelys is deur tien Graad 7 leerders wat nie by die opname betrokke was nie, ingevul. Die vraelys het tussen 10 en 15 minute per leerder geduur afhangende van die leerder se leesvermoë en sy of haar vermoë om die vrae te beantwoord. Voordat die leerders die vraelys voltooi het, is elke vraag aan hulle verduidelik om verwarring uit die weg te ruim.

Die loodsprogram het sekere aspekte uitgelig waarvoor voorsorgmaatreëls getref moes word. In die eerste plek was daar leerders wat ‘n leesprobleem gehad het. Vir sulke tipe leerders sou die vrae liefs voorgelees moes word. Ander het weer probeer om bymekaar kers op te steek om populêre antwoorde te gee. Leerders moet liewers in isolasie werk. Van hulle het deur die vraelys gejaag om eerste klaar te maak, in plaas van weldeurdagte antwoorde te verskaf wat eg is.

## 3.6 DATA-ANALISE

Kwalitatiewe navorsing werk ‘n aansienlike klomp data in die hand wat opgesom, beskryf en geanaliseer moet word. Die verskynsel wat ondersoek word, moet beskryf en geklassifiseer word en patrone en verhoudings moet geïdentifiseer word.



http://etd.uwc.ac.za/

Volgens Merriam (1998:198) is data-analise 'n komplekse proses wat insluit die heen en weer beweging tussen konkrete stukkies data en abstrakte konsepte, tussen induktiewe en deduktiewe redenasie, tussen beskrywing en interpretasie. Hierdie insig konstitueer die bevindinge van die studie.

Relevant tot die analise van die navorsingsbevindinge is wat Merriam (1998:17-18) noem "Grounded Theory". Die "Grounded Theory" benadering volgens Merriam (1998:159) bestaan uit kategorieë, eiendomme en hipotesis wat die konsepsuele verbintenis tussen en onder die kategorieë en eiendomme (of subkategorieë) is. Om hierdie "Grounded Theory" te ontwikkel moet van die "Constant Comparative" metode gebuik gemaak word. Die basiese strategie van die metode het te make met presies wat die naam impliseer – konstante vergelyking (Merriam, 1998:15). In die proses begin die navorser met 'n spesifiede insident van sy onderhoud, veldnotas en dokumente en vergelyk dit met 'n ander insident in dieselfde stel data of 'n ander stel data.

Hierdie vergelykings lei tot tentatiewe kategorieë wat later vergelyk word met een die ander. Hierdie vergelykings gee aanleiding tot die ontwikkeling van 'n hipotese en later tot die daarstelling van 'n aantal teorieë. Die eindresultaat van die kwalitatiewe navorsing is 'n teorie wat gegrond is op die data – dus die naam "Grounded Theory".

Volgens Miles en Huberman (1994:10-11) is tematisering 'n vorm van datareduksie -analise wat data verskerp, sorteer, gefokus maak, verwerp en organiseer sodat die finale afleiding en verifiëring gemaak kan word. Miles en Huberman (1994:246) gaan voort deur te verklaar dat wanneer 'n navorser met teks of minder goed georganiseerde demonstrasies werk, let hy/sy dikwels op herhaaldelike patrone of temas wat verskeie aparte stukkies data bymekaar trek. Merriam (1998:179) noem dat hierdie kategorieë of temas sekere herhaalde patrone wat oorwegend in die data voorkom, aansny.



http://etd.uwc.ac.za/

Kvale (1996:206) verstewig die belangrikheid van tematisering. Kvale huldig die mening dat die ontwikkeling en differensiëring van kategorieë is 'n kwalitatiewe strewe, en die skepping van geskikte kategorieë mag netso 'n insiggewende bydrae van kennis wees as die aantal waarnemings wat gemaak word vanuit die verskillende kategorieë.

Die analise van data in hierdie studie sluit in aspekte van beide "Grounded Theory" en temaseleksie om sodoende die magdom van data te kategoriseer, te vergelyk en te analiseer.

## 3.7 SLOTOPMERKINGS

Hierdie hoofstuk gee grotendeels 'n uiteensetting van die gekose navorsingsmetodologie, ontwerp en navorsingsinstrumente asook 'n aanduiding van die metode van data-analise en die etiese raamwerk.

Die feit dat ek my personeellede ken, mag daartoe lei dat ek dalk 'n subjektiewe in plaas van 'n objektiewe siening huldig rondom die antwoorde wat verkry is tydens die onderhoude. Dit kan 'n skewe beeld van die opvoeder se realiteit gee. Triangulasie het hierdie tekortkominge aangespreek.

Die navorsingsontwerp is so gestruktueer om akkurate data op te lewer wat die navorsingsvraag kan beantwoord. Noukeurige aandag is gegee aan geloofwaardigheid, betroubaarheid en etiese kwessies. Algehele objektiwiteit is 'n reuse uitdaging, maar elke poging sal aangewend word om data korrupsie uit die weg uit te ruim.

In Hoofstuk 4 word die situasie by die plattelandse laerskool in die Wes-Kaap weergegee en geanaliseer.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK VIER

## DATA-ANALISE EN AANBIEDING

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die bevindinge onthul en 'n bespreking rondom die insette van leerders, opvoeders, ouers sowel as die invloed van die onderwysowerhede ten opsigte van die verskynsel gedoen.

## 4.2 LEERDERS SE PERSEPSIES VAN AFKNOUERY

Om vas te stel wat die leerders se persepsies rondom afknouery is, is daar gebruik gemaak van 'n vraelys en persoonlike onderhoude met leerders gerugsteun deur observasie.

### 4.2.1 Leerdervraelys

Vir die vraelys is proefpersone uit een laerskool in die Worcester omgewing waar die navorsing geloods is, geselekteer. Leerders (N=120) vanaf graad vier tot ses is vir die ondersoek gebruik. Sien tabel 4.1. Die betrokke skool en leerders is gekies omdat dit vir die navorser toeganklik en gerieflik is. 'n Toestemmingsbrief is aan die leerders gegee sodat hulle ouers dit tuis kan voltooi en onderteken. Alle ouers het ingestem.

**TABEL 4.1 AANTAL PROEFPERSONE**

| GRAAD | AANTAL |
|---|---|
| 4 | 40 |
| 5 | 40 |
| 6 | 40 |
| **TOTAAL** | **120** |



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Die betrokke grade is tydens 'n sewedagsiklus in die volgende volgorde besoek (Tabel 4.2)

**TABEL 4.2 GRADE BESOEK**

| DAG | GRAAD |
|---|---|
| Dag 1 | 4 |
| Dag 2 | |
| Dag 3 | |
| Dag 4 | 5 |
| Dag 5 | |
| Dag 6 | |
| Dag 7 | 6 |

Die vraelys is ontwerp om die leerders se persepsies van afknouery in die skool vas te stel. Hierdie persepsies is in verskillende kategorieë verdeel onder andere die verskillende rolspelers in die skool wat betrokke is by afknouery, verskillende vorme van afknouery in die skool; areas op die skool waar die afknouery plaasvind; gevolge van afknouery op die slagoffer; rapportering en suksesse sowel as mislukkings in die aanspreek van die probleem. Die vraelysondersoek het gedurende die eerste semester van die 2007 skooljaar plaasgevind. Om enige tekortkominge in die vraelys aan te spreek, is die vraelys eers deur 'n loodsgroep voltooi (sien 3.5.3).

### 4.2.1.1 Rolspelers betrokke by afknouery

**Die slagoffer**

Die volgende vrae is aan die respondente gestel: Was jy vanaf Januarie 2007 tot Junie 2007 afgeknou? Hoeveel keer was jy gedurende die tydperk afgeknou? Was jy deur een kind of 'n groep kinders afgeknou? Dit blyk duidelik dat afknouery wel in die skool geskied en in 'n onrusbarende hoë mate. Van die 120 respondente het 94% (113 uit 120) aangedui dat hul wel



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

afgeknou was die afgelope ses maande, terwyl 'n skamele 6% (7 uit 120) die verskynsel vrygespring het. Dit bevestig Sullivan (2000:15) se verklaring dat afknouery in alle skole plaasvind en in 'n baie hoër mate as wat die meeste mense ooit besef. Deur te erken dat dit wel in jou skool plaasvind, is die eerte stap in die regte rigting om dit te voorkom.

Verder het 35% leerders (42 uit 120) getoon dat hul gereëld afgeknou was; 30% (36 uit 120) was tweekeer oor die ses maande slagoffers; 29% (35 uit 120) leerders was slegs eenkeer afgeknou. Die res, naamlik 6% (7 uit 120), was nie afgeknou nie.

Ook het 65% (78 uit 120) van die leerders aangedui dat hul deur 'n individuele leerder afgeknou is, terwyl 29% (35 uit 120) leerders deur 'n groep bygekom is.

Bostaande inligting ondersteun Rigby (1996:15) se verklaring dat afknouery 'n herhaalde verdrukking, psigologies of fisies op 'n minder dominerende persoon of 'n groep persone is (kyk ook 2.3 op bladsy 22). In my ondersoek was daar 'n effense afwyking van die dominante faktor. In die groep wat afgeknou het, was daar minder dominante leerders wat by verdere ondersoeke verklaar het dat hulle deur middel van gunsies by die groep ingesluit is, om sodoende wraak te neem teen 'n leerder wat hom of haar afgeknou het. Die gunsies sluit in geld, brood of enige ander besitting wat aan die dominante persoon in die groep gegee word. Die slagoffer is ook nie noodwendig 'n minder dominante persoon nie. Veral die groter en sterker leerders van die buitewyke (naburige plase) is vêr van die huis en vrees vir vergelding deur bendes op die dorp aan wie die afknouer behoort. Gevolglik dra die leerder maar getroos druiwe of ander vrugte aan vir die afknouer.



http://etd.uwc.ac.za/

**Die omstander**

Omstanders is gewoonlik diegene wat toeskouers is van afknouery.

Die vraag wat hier die ondersoek gelei het, was: "Het jy gedurende Januarie 2007 tot Junie 2007 gesien dat 'n kind afgeknou was?" Van die 120 respondente het 96% (115 uit 120) leerders getuig dat hul al insidente waargeneem het, terwyl 4% (5 uit 120) dit nie teëgekom het nie.

Om die omvang van die waanemery vas te stel, was die vraag gestel hoeveel keer die respondent vanaf Januarie 2007 tot Junie 2007 al afknouery in die skool opgemerk het. Die reaksie was as volg: 56% (67 uit 120) het op 'n gereëlde basis gesien dat kinders afgeknou word; 18% (22 uit 120) het dit al tweekeer opgemerk terwyl 22% (26 uit 120) leerders dit nog eenkeer teëgekom het, terwyl 4% (5 uit 120) geen afknouery opgemerk het nie.

Op die vraag of dit 'n groep kinders of 'n individu was wat die afknouery uitgevoer het, was die antwoorde soos volg: 32% (38 uit 120) leerders het aangedui dat hulle gesien het hoe 'n groep leerders 'n ander afgeknou het, terwyl 64% (77 uit 120) waargeneem het hoe 'n individu die aksie uitgevoer het en 4% (5 uit 120) niks gewaar het nie.

Suckling en Temple (2002:95) bevestig dat die omstander 'n belangrike rol te speel het in die voorkoming van afknouery. Hulle kan opgelei word om nie die insident aan te moedig of dit te ignoreer nie of dit selfs stop te sit. Die feit dat die speelterrein nie baie groot is nie, maak dat afknouery nie ongesiens verbygaan nie. Indien die omstanders se invloed in die regte rigting gekanaliseer word, kan dit as 'n magsbasis gebruik word om afknouery in die skool te stuit.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

**Die aggressor**

Op grond van die vraelys se bevindinge het 89% (107 uit 120) leerders aangedui dat hul wel iemand afgeknou het, terwyl 'n skamele 11% (13 uit 120) leerders erken het dat hulle niemand die afgelope ses maande afgeknou het nie. Van die 107 leerders het 37% (44 uit 120) aangedui dat hul dit slegs eenkeer gedoen het, 'n verdere 38% (46 uit 120) leerders het hul tweekeer skuldig gemaak aan afknouery terwyl 14% (17 uit 120) leerders dit op 'n gereëlde grondslag gedoen het. In die meeste gevalle was die aggressors alleen, 85% (102 uit 120), terwyl 4% (5 uit 120) in groepverband afgeknou het. Dit alles dui daarop dat afknouery volgens leerders in die skool onrusbarend hoog is en dat intervensieprogramme deur middel van die ouergemeenskap, die skool, die polisie en maatskaplike dienste in plek gekry moet word om die syfers af te bring sodat die skool in 'n veilige hawe vir leerders omskep kan word.

Die bewyse is ook daar dat kinders wat op 'n vroeë ouderdom as afknouers geïdentifiseer is, kan in hul latere lewe in kriminele ontaard (sien 1.4). Dit word verder bevestig deur Rigby en Cox (soos aangehaal in Sullivan 2000:15) wat bevind het dat volwassenes wat vroeër as afknouers geïdentifiseer was heelwaarskynlik betrokke sal raak in ander vorms van anti-sosiale gedrag soos onder andere winkeldiefstal en skryf van graffiti. Afknouers het dus indringende hulp nodig sodat hul gesond kan groei en die daarstel van 'n gesonde samelewing.



http://etd.uwc.ac.za/

#### 4.2.1.2 Manifestasie van afknouery in die skool

**Tabel 4.3 VERSKILLENDE VORME VAN AFKNOUERY** (uitgedruk in persentasies)

| Afknoudimensies | Tipe | Elke dag | 1 of 2 keer 'n week | 1 of 2 keer 'n maand | Tot. | Nog nooit |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Fisiese afknouery 33%** | Geskop en geslaan | 16 | 39 | 20 | 75 | 25 |
| | Rond gepluk | 28 | 28 | 18 | 74 | 26 |
| | Geld of kos of besittings afgevat | 4 | 13 | 13 | 30 | 70 |
| **Verbale afknouery 53%** | Name gee wat seermaak | 38 | 42 | 8 | 88 | 12 |
| | Geterg | 26 | 50 | 8 | 84 | 16 |
| | Leuenstories van jou vertel | 13 | 30 | 13 | 56 | 44 |
| | Gedreig om jou seer te maak | 9 | 33 | 16 | 58 | 42 |
| **Emosionele afknouery 8%** | Doelbewus uitgesluit | 7 | 20 | 18 | 45 | 55 |

In tabel 4.3 was die verskillende vorme wat in die skool teëgekom is, gegroepeer in drie afdelings, naamlik fisiese afknouery, verbale afknouery en emosionele afknouery. Die persentasie van elke afdeling naamlik fisiese afknouery (33%), verbale afknouery (53%) en emosionele afknouery (8%) is 'n verwerkte persentasie deur die gemiddelde van elke afdeling te herlei tot 'n persentasie uit 94% wat verteenwoordigend is van die leerders wat afgeknou was. Die formule wat ingespan is, is die volgende:

$$\frac{Totaal - van - afdeling}{Groottotaal} \text{ X } \frac{94\%}{1} = \text{Gemiddelde persentasie per afdeling}$$

Bv. Fisiese afknouery: $\frac{179}{510} \text{ X } \frac{94}{1} = 33\%$

Uit tabel 4.3 kan afgelei word dat meer leerders slagoffers is van verbale afknouery (53%). In verbale afknouery (kyk 2.4.2) word slegte name aan 'n



http://etd.uwc.ac.za/

persoon toegesnou of iemand terg of maak van grappe ten koste van 'n ander persoon in 'n aftakelende wyse. Volgens O'Moore en Minton (2004:72) is die vorm van naamgeëry of terg taamlik afbrekend en seer as dit handel oor iemand se familie, ras of godsdiens of hoe die persoon lyk!

Fisiese afknouery (kyk 2.4.1) wat persoonlike kontak insluit of iemand se geld of besittings afneem, is tweede op die skool se ranglys (33%). Waar verbale afknouery vir almal se gebruik oop is, verg fisiese afknouery dat jy oor die algemeen sterker as jou teenstander moet wees. Dit is waarom hierdie tipe afknouers gewoonlik aggressiewe persone is, wat lief is vir baklei en goeie vegters is en die persone wat hulle afknou, is gewoonlik diegene wat nie hou van baklei nie (O'Moore en Minton, 2004:75). Hierdie afknouers is dus 'n meer geselekteerde groep wat 'n geskiedenis het van afknouery. Hulle kan geïdentifiseer word en by 'n rehabilitasieprogram ingesluit word.

Emosionele afknouery (8%) is nie so maklik waarneembaar nie. Dit word meer subtiel gedoen en sluit in sosiale uitsluiting vanuit 'n groep. Volgens Lee (2004:10) kan hierdie vorm van afknouery meer pyn veroorsaak as fisiese of verbale afknouery en dit kan 'n slagoffer bybly tot in sy of haar volwasse lewe (kyk ook 2.4.3).

Kommerwekkend is die feit dat so baie van die afknouery aggressiewe vorme van afknouery behels (verbaal en fisies). Hierdie aggressie in die skool sal beslis aangespreek moet word voordat dit ontaard in kriminele aanrandings.

'n Groot leemte in die vraelys is dat dit nie voorsiening maak vir ander vorme van afknouery soos seksuele teistering en rassistiese afknouery. Dit kom egter wel na vore in die persoonlike onderhoude wat met leerders gevoer is.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

### 4.2.1.3 Gebiede in die skool waar afknouery plaasvind

In die vraelys was leerders gevra om plekke op die skool uit te lig waar afknouery gewoonlik plaasvind. Tabel 4.4 bevat die volgende inligting wat uitgedruk is in persentasie.

**TABEL 4.4 AREAS IN DIE SKOOL WAAR AFKNOUERY GESKIED**

| Area van afknouery | Elke dag | Een of tweekeer 'n week | Een of tweekeer 'n maand | Totaal | Nog nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| In die klaskamer | 51 | 35 | 8 | 94 | 6 |
| Op die speelgrond | 23 | 52 | 13 | 88 | 12 |
| In die toilet | 3 | 13 | 17 | 33 | 67 |
| Op die stoepe gedurende omruiling/klaswisseling | 52 | 27 | 11 | 90 | 10 |
| Loop na en van die skool | 15 | 36 | 17 | 68 | 32 |

Afknouery het op die volgende plekke afgespeel in volgorde van frekwensie. In die klaskamer 94% (113 uit 120) leerders, op die stoepe tydens omruiling 90% (108 uit 120), loop van en na die skool 68% (81 uit 120) en 33% (40 uit 120) in die toilet. Kommerwekkend is die feit dat so 'n hoë persentasie van afknouery volgens die leerders in 'n klaskamer plaasvind waar daar veronderstel is om meer kontrole en toesig te wees in verhouding met die ander gebiede waar toesig nie altyd moontlik is nie.

Bostaande frekwensie verskil van dié van Rigby en Sullivan. Rigby (1996:179) noem dat die vier hoofgebiede (in volgorde van frekwensie) waar afknouery plaasvind is: die speelterrein, die klaskamer, opweg vanaf die skool huis toe en op pad skool toe. Soos aangehaal in Sullivan (2000:19) is soortgelyke bevindinge gemaak in lande soos België (Vettenburg, 1999),



http://etd.uwc.ac.za/

Kanada (Ziegler en Rosenstein–Manner, 1991), Engeland en Wallis (Smith, 1999), Duitsland (Lösel en Bliesener, 1999), onder andere.

Volgens Sullivan (2000:125) is die klaskamer oor die algemeen 'n veilige hawe gedurende periodes, maar afknouery kan wel daar plaasvind as die opvoeder nie sigbaar is nie. Sullivan gaan verder deur te verklaar dat buite in die gange, die oop speelterrein, toilette en ander publieke plekke op die skool is leerders meer weerbaar vir afknouery. Volgens Sullivan is dit omdat leerders se sosiale groepering hier meer vloeiend en minder dinamies is as in 'n klaskamer en gewoonlik is toesig nie so oral aanwesig nie.

Volgens Sullivan (2000:126) glo dat die uitbreiding van kontrole oor die geïdentifiseerde areas die eerste stap in die rigting wees om afknouery te ontmoedig en uiteindelik die verskynsel te bekamp. Hy gaan voort deur te bevestig dat dit uiters belangrik is om gevaarsones vir afknouery in die skool te identifiseer om behoorlik patrollering op die skool meer doeltreffend te maak en sodoende die skool as veilige hawe vir leerders te vestig.

### 4.2.1.4 Gevolge van afknouery op die slagoffer

**Fisiese en psigologiese gevolge**

Op die vraag hoe die afknouery hulle grotendeels/meestal geaffekteer het, het die 120 respondente soos volg gereageer (kyk tabel 4.5).



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

**TABEL 4.5 GEVOLGE VAN AFKOUERY OP DIE SLAGOFFER**

| Reaksie op afknouery | % | Aantal leerders uit 120 |
|---|---|---|
| Ek was bang om skool te te gaan en het tuis gebly | 27 | 33 |
| Ek het siek geword | 7 | 9 |
| Ek kon nie slaap nie | 23 | 27 |
| Ek het angstig gevoel | 13 | 16 |
| Ek het hoofpyne gekry | 12 | 14 |
| Ek het teneergedruk/stresvol gevoel | 12 | 14 |
| | | |
| **Sub Totaal** | **94%** | **113** |
| Leerders wat nie afgeknou was nie | 6% | 7 |
| **TOTAAL** | **100%** | **120 Leerders** |

Inligting wat bekom is uit hierdie afdeling van die vraelys het 'n tweeledige doel. In die eerste plek onderstreep dit die korttermyn nadelige effek wat afknouery op die slagoffer het. Tweedens kan die aanduidings of simptome bewyse lewer dat 'n seun of dogter wel afgeknou word.

Die uitwerking wat die afknouery op die respondente gehad het, sluit nou aan by bostaande simptome wat deur Lee en andere beskryf word. Leerders wat by die huis bly se werk ly daaronder en die situasie kan so ondraaglik raak dat ouers hul kinders uithaal en by 'n ander skool inskryf. Dit word bevestig deur Rigby (1996:52) wat dit verder voer deur te noem dat die situasie so hand-uit ruk dat ouers bereid is om van woonplek te verander. Die skool se beeld kan in die proses aansienlike skade ly.

In 'n Australiese studie (Rigby 1996:54) het dit aan die lig gekom dat leerders wat afgeknou word, se algemene gesondheidstoestand daaronder ly.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

In Tabel 4.5 beskryf leerders onder andere hoe hul gesondheid geaffekteer is. Hulle gesondheid sluit beide fisiese en psigologiese gevalle in. Ons moet egter versigtig wees in ons aanname, want ons het hier te make met self-rapportering. Hierdie chroniese siektestoestand kan egter later uitloop op selfmoord (Rigby, 1996.57).

Sullivan (2000:29-30), Lee (2004:51), Randall (1996:41) en O'Moore en Minton (2004:51-53) onderskei die volgende tekens en simptome wat aandui dat 'n leerder moontlik afgeknou word: die leerder kom angstig voor en tog weier die persoon om te sê wat skort, onverklaarbare snye en kneusplekke aan die liggaam, beskadigde klere, boeke en skooltoerusting, onderprestasie, versoeke vir ekstra geld, onwilligheid om skool toe te gaan, gedragsverandering en gemoedsverandering, lae selfvertroue en self-esteem, klagtes van hoofpyne en maagpyne en slaaploosheid. Van hierdie simptome vind weerklank in tabel 4.5 wat 'n sterk aanduiding is dat die leerders wel afgekou is en dit nie 'n geval is dat hul nie die werk kan baasraak of liefs by 'n ander skool wil wees waar van hul vriende ingeteken is nie.

**Emosionele gevolge**

Op die vraag in die vraelys oor hoe leerders gevoel het terwyl hul afgeknou was, was die reaksie soos volg: van die 120 respondente het 2% (3 uit 120) leerders gesê dat dit hul nie gepla het nie; 38% (45 uit 120) het aangedui dat hul meestal kwaad gevoel het; 45% (54 uit 120) het meestal hartseer gevoel; 9% (11 uit 120) het skaam gevoel. Die res 6% (7 uit 120) was nog nie afgeknou nie. Van die leeders wat hartseer was, was 34% (41 uit 120) dogters, terwyl 11% (13 uit 120) seuns was. Dit stem ooreen met Rigby se bevindinge. Van die leerders wat kwaad geword het, was 10% (12 uit 120) dogters, terwyl die oorgrote meerderheid seuns was - 28% (33 uit 120). Dit ondersteun die feit dat dogters meer geneig is tot droefheid (hartseer).



http://etd.uwc.ac.za/

Ook Rigby (1996:52) het agtergekom dat leerders emosioneel verskillend reageer wanneer hul afgeknou word. Vir sommige pla dit nie, terwyl ander weer kwaad of hartseer raak.

Op die vraag hoe die leerder gevoel het nadat hy of sy afgeknou was, was die reaksie soos volg. Vir 15% (18 uit 120 leerders) het dit nie gepla nie; 33% (40 uit 120 leerders) was meestal kwaad; 38% (46 uit 120 leerders) was meestal hartseer terwyl die oorblywende 8% (9 uit 120) skaam gevoel het. Die res 6% (7 uit 120) was nie afgeknou nie. Van die leerders wat hartseer was, was 22% (27 uit 120) dogters, terwyl 16% (19 uit 120) seuns was. Wat die leerders betref wat kwaad geraak het, was 14% dogters (17 uit 120)en 19% (23 uit 120) was seuns. Dit is weer eens 'n bewys dat dogters meer geneig is om hartseer te raak terwyl seuns kwaad raak.

Rigby (1996:53) is dit ook eens dat meisies gewoonlik die slagoffers is wat meer hartseer openbaar as wat in die seuns die geval is. Tog is daar tekens dat dogters al hoe meer teenstand bied teen afknouery en dominansie. Diegene wat weinig gepla is wanneer hulle afgeknou word, is merendeels die seuns (Rigby 1996:49). Dit mag 'n vorm van bravade wees omdat hulle dit kan "vat"en nie "kla" daaroor nie. Tog sien hierdie leerders hulself as meer ongewild en het hulle minder vriende (Rigby 1996:53).

As omstanders het 4% (5 uit 120) leerders aangedui dat hulle nog nie gesien het dat 'n leerder afgeknou word nie. Uit die oorblywende aantal leerders was 10% (12 uit 120) skaam; 42% (50 uit 120) was kwaad; 33% (40 uit 120) was teleurgesteld en vir 11% (13 uit 120) het dit nie gepla nie. Van diegene wat kwaad geraak het, was 12% (14 uit 120) dogters en 30% (36 uit 120) seuns. Ook 'n bewys dat seuns meer geneig is om kwaad te raak terwyl dogters uiting gee in die vorm van hartseer. Rigby (1996:53) verklaar dat leerders wat kwaad raak wanneer hulle afgeknou word so gefrustreerd



http://etd.uwc.ac.za/

raak omdat hulle woede moet onderdruk en dit dan op ander weerlose kinders uithaal (hulle afknou). Die leerders wat weer hartseer is of raak (Rigby 1996:53) se situasie is erger. Hierdie hartseer slagoffers is nie in staat om weerstand te bied teen afknouery of is selfs nie in die posisie om andere af te knou nie. Volgens Rigby is hulle minder gelukkig in hulle alledaagse lewens as diegene wat kwaad raak en dit is gewoonlik hulle wat vertroue in hulself verloor, hulle onttrek en nie maklik vriende maak nie. Afknouery floreer in die teenwoordigheid van bystanders en hulle kan 'n kritieke rol speel om die verskynsel teen te gaan ten spyte van die feit dat hul in die proses hul status, vriendskappe en mag kan verloor asook 'n goeie kans staan om afgeknou te word (Lee, 2004:43). Die nadelige effek op omstanders sluit nou aan by die bevindinge van die literatuur soos in 2.8.3.

#### 4.2.1.5 Rapportering van insidente

**TABEL 4.6 RAPPORTERING NA 'N AFKNOU INSIDENT** (uitgedruk in persentasie)

| **Aan wie gerapporteer is** | |
|---|---|
| 'n vriend | 27 |
| 'n opvoeder | 13 |
| my ma of pa | 35 |
| 'n ander volwasse persoon | 1 |
| my broer of suster | 11 |
| geeneen | 7 |
| Leerders wat afgeknou is | 94 |

Van die 94% (113 uit 120) leerders wat afgeknou is, het 87% (105 uit 120) leerders dit aangemeld, terwyl slegs 7% (8 uit 120) geswyg het daaroor. As



http://etd.uwc.ac.za/

dit vergelyk word met die syfers van Adiar *et al* (Sullivan 2000:29) is dit verblydend dat die aanmeldsyfer so buitengewoon hoog is, want dit is die regte stap in die rigting van die opstel van 'n afknoubeleid en die bekamping daarvan. Groot vertroue word geplaas in 'n vriend (27%) en ouers (35%) terwyl vertroue in 'n opvoeder (13%), broer of suster (11%) of 'n ander volwasse persoon (1%) 'n laer profiel handhaaf.

Rapportering aan 'n vriend is van onskatbare waarde, want die vriend se weergawe oor die insident kan 'n meer objektiewe siening gee oor wat gebeur het (Rigby; 1996:188). Ook kan dit gebruik word om vas te stel of die slagoffer se storie klop. Die informant se indentiteit moet ook geheim gehou word om viktimisasie uit die weg te ruim en die platform te skep vir vriende om met vrymoedigheid insidente te rapporteer. Tog moet daar gewaak word teen vriende wat saamsweer om iemand anders in die moeilikheid te bring. Die lae syfers van rapportering aan 'n opvoeder kan toegeskryf word aan die feit dat leerders bewus daarvan is dat meer dikwels as nooit opvoeders aangemelde afknouery sal ignoreer (Sullivan, 2000:29).

Tog, om afknouery stop te sit, is dit noodsaaklik dat studente daarvan bewus moet word dat dit nie slegs "allright" is om insidente te rapporteer nie, maar dat dit ook uiters belangrik is (Sullivan, 2000:29).

#### 4.2.1.6 Reaksie op rapportering

In die vraelys het 43% (51 uit 120) leerders aangedui dat dinge verbeter het, 13% (16 uit 120) het gesê dat dinge vererger het, by 25% (30 uit 120) gevalle het die afknouery 'n tydlank stopgesit en in 13% (16 uit 120) insidente het niks gebeur nie. Die suksessyfer verskil van dié van Rigby. Volgens Rigby (1996:186) het die feit dat slagoffers andere van hul afknouery vertel het, nie noodwending gelei tot 'n verbetering in hul situasie



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

nie. Inteendeel, na aanleiding van 'n studie deur Rigby en Slee (Rigby, 1996:186) was daar in 50% van gevalle geen verbetering aangemeld nie en in 7% van gevalle het die situasie vererger. Tog verklaar Rigby (1996:186) dat daar met beperkte vertroue suksesse gewaarborg kan word en dat ons baie seker kan wees dat wanneer leerders iemand in hul vertroue neem, hul normaalweg desperaat hulp soek.

#### 4.2.1.7 Skool se ingesteldheid rondom afknouery

Op die vraag of die skool afknouery ernstig opneem, was die reaksie soos volg: 81% (97 uit 120) leerders het positief geantwoord deur te verklaar dat die skool wel afknouery ernstig opneem; 5% (6 uit 120) het aangedui dat die skool glad nie afknouery ernstig opneem nie, terwyl 14% (17 uit 120) leerders laat blyk het dat hulle onseker is of die skool die verskynsel ernstig opneem al dan nie. As die 94% wat aangedui het dat hulle wel die afgelope ses maande slagoffers was, opgeweeg word teen die positiewe reaksie van 81%, strook dit nie met mekaar nie. Tog as in aanmerking geneem word dat 43% van die leerders aangedui het dat daar 'n verbetering ingetree het nadat hul die insidente gerapporteer het, is dit 'n ligpunt in die bekamping van afknouery in die skool.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 4.2.2 Onderhoude met leerders

Die rede waarom onderhoude met leerders gevoer is, is gebaseer op die uitgangspunt van Kvale (1996:1):

> If you want to know how people understand their world and their life, why not talk with them? The qualitative research interview attempts to understand the world from the subjects' points of view, to unfold the meaning of peoples' experiences, to uncover their lived world prior to scientific explenations.



http://etd.uwc.ac.za/

In die vraelys was leerders net beperk tot die vrae. In die onderhoude het hulle meer beweegruimte om met meer inligting oor afknouery, wat so 'n subtiele verskynsel is, vorendag te kom.

Vir die onderhoude is daar gebruik gemaak van 18 leerders (N=18). Die leerders vir die onderhoude is geselekteer op grond van die feit dat hulle in die vraelys aangedui het dat hulle al beide slagoffers sowel as aggressors van afknouery was. 'n Ander rede is dat die leerders aan my as prinsipaal bekend is en al in verskeie voorvalle van afknouery betrokke was. Die leerders is soos volg gekies (kyk tabel 4.7).

**TABEL 4.7 LEERDERS WAT GEBRUIK IS VIR ONDERHOUDE**

| Graad | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|
| 4 | 3 | 3 | 6 |
| 5 | 3 | 3 | 6 |
| 6 | 3 | 3 | 6 |
| **TOTAAL** | **9** | **9** | **18** |

Die onderhoud is so ontwerp om die leerders se persepsie van afknouery nog verder te ondersoek en om die inligting in die vraelys aan te vul. Uit die tema het daar weer eens verdere kategorieë sowel as subkategorieë gevloei (kyk tabel 4.8).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

**TABEL 4.8 GEÏDENTIFISEERDE KATEGORIEË EN SUBKATEGORIEË**

| TEMA | KATEGORIEë | SUBKATEGORIEë |
|---|---|---|
| Leerders se persepsies van afknouery | → Wat is afknouery | → Perspektiewe op afknouery<br>→ Beeld van 'n slagoffer<br>→ Beeld van 'n aggressor<br>→ Geslagsfaktor |
| | → Gevolge van afknouery | → Slagoffer<br>→ Aggressor |
| | → Faktore wat bydra tot afknouery | → Mag<br>→ Omgewing<br>→ Familie<br>→ Skool<br>→ Omstander |
| | →Aanspreek van afknouery | → Skool |

Die onderhoude het buite kontaktyd van die leerders plaasgevind. Onderhoude was in 'n klaskamer met leerders gevoer aangesien dit 'n bekende omgewing vir hulle was. Onderhoude was op die volgende wyse geskeduleer, (kyk tabel 4.9).



http://etd.uwc.ac.za/

**TABEL 4.9 ROOSTER VAN ONDERHOUDE**

| Siklus | Dag | Graad | Dogter | Seun |
|---|---|---|---|---|
| Eerste | 1 | 4 | 1 | 1 |
| | 2 | 4 | 1 | 1 |
| | 3 | 4 | 1 | 1 |
| | 4 | 5 | 1 | 1 |
| | 5 | 5 | 1 | 1 |
| | 6 | 5 | 1 | 1 |
| | 7 | 6 | 1 | 1 |
| Tweede | 1 | 6 | 1 | 1 |
| | 2 | 6 | 1 | 1 |
| | **Totaal** | | 9 | 9 |

#### 4.2.2.1 Leerders se beskrywing van afknouery

**a) Leerders se perspektiewe rondom afknouery**

Die leerders se ervaringe kan verdeel word in:

i) Fisiese afknouery (kyk ook 2.4.1)

39% (7 uit 18) het beken dat hulle gewelddadig afgeknou was. Fisiese afknouery, volgens Sullivan (2000:11), veroorsaak sigbare seerkry soos snye en kneusplekke. Leerders wat in hierdie kategorie val, was geslaan, gebyt, geskop, getrap, gepooitjie, geknyp, geklap, met 'n potlood gesteek en hulle besittings afgeneem. Van die gevalle het onder die skool se aandag gekom. Die slagoffers se ouers is maklik bereikbaar aangesien hulle die skool kom opsoek om die aangeleentheid uit te klaar. Die aggressors se ouers, daarenteen, het aan maatskaplike werkers verduidelik dat dit die skool se plig is om die situasie aan te spreek en die probleme op te los. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die ouers glad nie in staat is om die leerders te dissiplineer nie en dat die leerders ook broers en susters tuis afknou. Baie ouers verwag van die skoolhoof om die kinders te slaan. Die polisie se teenwoordigheid het weinig impak omdat leerders



http://etd.uwc.ac.za/

bewus is daarvan dat die polisie slegs berading kan gee waaraan sommige leerders hul weinig steur. Van die leerders is al so blatant dat hulle minagtend toestemming gee dat die polisie se hulp maar ingeroep kan word.

ii) Verbale afknouery (kyk ook 2.4.2)

28% (5 uit 18) leerders het tydens die onderhoud verklaar dat hulle al gevloek, geterg, uitgeskel en byname gegee is; snedige aanmerkings (sien hakies) is gemaak oor hulle voorkoms (slegte hare), geloof (slamse), blyplek (plakkerskamp of plaasjapies). In die meeste voorvalle was die ouers die onderwerp van bespreking (geskel) aangesien dit 'n kind diep seermaak as daar iets negatiefs oor sy/haar ouers gesê word soos jou ma is 'n dronklap. Elliott (1997:42) verklaar ook dat een aspek van afknouery wat algemeen onder seuns en dogters voorkom, en wat ook gerapporteer word as die mees stresvolle ervaring, is naamgeëry. Leerders is so sensitief oor hul blyplek en baie weier botweg dat opvoeders hulle by hul huise aflaai na sportbyeenkomste.

iii) Emosionele afknouery (kyk ook 2.4.3)

11% (2 uit 18) leerders het aangedui dat hulle al geïsoleerd was deur vorige vriende en dat ander leerders botweg geweier het om met hulle vriende te wees of met hulle te speel omdat die aggressors die ander leerders opmaak teenoor die slagoffers. Die slagoffers het genoem dat dit 'n bittere tyd was wat hulle deurgemaak het en dat dit 'n nadelige uitwerking op hul akademiese, sowel as sportbedrywighede gehad het.

iv) Rassistiese afknouery (kyk ook 2.4.5)

Uit die onderhoude het albei swart leerders, dit wil sê, 11% (2 uit 18) aangedui dat leerders hul as "kaffers" uitgekryt het. Hierdie vorm van



http://etd.uwc.ac.za/

afknouery is nie aangespreek in die leerders se vraelys nie. Volgens Sullivan (2000:12) vind rassistiese afknouery in alle lande plaas en word dit gemik teenoor minderheidsgroepe. Sullivan gaan verder deur te verklaar dat die mees algemene vorm van rassistiese naamgeëry is wat in breë ondervind word deur etniese minderheidsgroepe. In Suid-Afrika is dit meerderheidsgroepe sowel as minderheidsgroepe wat aan die tipe afknouery onderwerp word.

v) Seksuele afknouery (kyk ook 2.4.4)

Hierdie is ook 'n vorm van afknouery wat tydens die onderhoude na die oppervlakte gekom het. Volgens Sullivan (2000:12) is seksuele afknouery ongevraagde seksuele aandagtrekkery. Dit laat die ontvanger daarvan ongemaklik, verkleineerd en vernederd voel. Gewoonlik is dit teen dogters gemik, maar seuns kan dit ook ondergaan veral as daar neerhalend na hulle as "moffies" verwys word en daar spottenderwys aan hulle geraak word. 11% (2 uit 18) leerders het genoem dat van die seuns aan hul sitvlak en private dele gevat het tydens die omruil van periodes asook op die speelterrein. In dié voorvalle was dogters die slagoffers.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

**(b) Beeld van 'n slagoffer** (kyk ook 2.5.1)

Kenmerke wat deur die onderhoude blootgelê is, is die volgende: 22% (4 uit 18) leerders het slagoffers beskryf as soet, stil, gehoorsame, mooi gemanierde kinders wat hul werk doen; 6% (1 uit 18) sien 'n slagoffer as iemand wat jonger is as ander leerders terwyl 72% (13 uit 18) slagoffers sien as klein, bang en wat gou huil en nie terug kan baklei nie. Oor die algemeen is dit weerbare en sagte teikens wat "aangeval" word. Algemene kenmerke wat gevind word in leerders wat gereeld afgeknou word, is volgens Rigby (1996:73) die volgende:



http://etd.uwc.ac.za/

hulle is fisies minder sterker as andere, is fyntjies en onseker van hulself, is introverte en het 'n lae selfbeeld. Van die kenmerke wat deur Rigby voorgehou word, soos lae selfbeeld en introverte het diepgaande kennis en studie nodig en is nie maklik opspoorbaar in die antwoorde van die leerders nie. Van die leerders wat afgeknou word, is positief in hul skoolwerk en hulle sal seer sekerlik nie 'n lae selfbeeld op daardie vlak hê nie.

c) **Beeld van 'n aggressor** (kyk ook 2.5.2)

Uit die onderhoude het 61% (11 uit 18) leerders afknouers gesien as groter en sterker leerders, 28% (5 uit 18) leerders het hulle opgesom as ouer leerders en 11% (2 uit 18) het aangedui dat afknouers onbeskof en ongehoorsaam is. Volgens Rigby (1996:73) is daar uitsonderings. Volgens hom is grootte en sterkte meer geneig om 'n faktor onder seuns as onder dogters te wees. Volgens Rigby (1996:72) is die kenmerke van die afknouer soos volg: Hulle is groter en sterker as die gemiddelde kind, is aggressief en impulsief, handhaaf 'n lae empatie vlak en gee oor die algemeen nie om vir ander nie en hulle gee gewoonlik nie hul samewerking nie. In die onderhoude het dogters veral gekonsentreer op die seuns en hulle uitgemaak as die groep wat veral handgemeen raak. Dogters verkies meer om te skel en briewe te skryf. In die klasse gaan die afknouery aan sonder dat die opvoeder daarvan bewus is. Rigby (1996:73) verklaar dat daar uitsonderings is.

d) **Geslag en afknouery**

Op die vraag in die onderhoud oor wie meer geneig is tot afknouery, seuns of dogters, was die uitslag soos volg: 100% (18 uit 18) leerders



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

het bevestig dat seuns meer as dogters hul skuldig maak aan afknouery.

In bykans al die gevalle is die rede daarvoor aangevoer dat seuns oor die algemeen sterker is. Rigby (1996:46) verklaar dat net soos meer seuns as dogters geviktimiseer word, het die meerderheid seuns hulself geïdentifiseer as kinders wat andere afknou. Sullivan (2000:20) sê ook dat in die algemeen is seuns meer geneig om af te knou asook om slagoffers te wees as dogters, veral in die laerskool.

Navorsers (Sullivan, 2000:20; O'Moore en Minton, 2004:8 en 50; Elliot, 1997:2-3) is dit eens dat die afknou-ervaring van seuns en dogters verskil. Seuns is meer geneig om fisies af te knou terwyl dogters hul na meer "indirekte" metodes wend soos doelbewuste uitsluiting uit groepe, versprei van valse gerugte en die skryf van briewe.

Die uitslag van die onderhoude bewys die teendeel. 72% (13 uit 18) leerders glo dat dogters fisies sowel as verbaal afknou. Fisies sluit in aksies soos baklei, hare trek, krap, klap en mekaar gryp. Verbale afknouery behels vloek, skel en lelike briewe skryf, terg en skinder. 16% (3 uit 18) leerder het aangedui dat dogters sover hul kennis strek net verbaal afknou; 6% (1 uit 18) leerders het aangedui dat dogters emosioneel afknou deur hulle uit te sluit uit hul vriendekring; 6% (1 uit 18) kon nie uitsluitsel gee nie.

In die geval van die metodes wat seuns gebruik om af te knou was die uitslag soos volg: 72% (13 uit 18) het onomwonde gesê dat seuns hul wend tot fisiese afknouery wat grotendeels insluit skop, trap, slaan, pootjie en potlood steek; 22% (4 uit 118) leerders het genoem dat



http://etd.uwc.ac.za/

seuns verbaal afknou deur te terg, spot en name gee; 6% (1 uit 18) het verklaar dat seuns dogters seksueel treiter deur aan hul sitvlakke te vat. Bostaande statistiek bevestig dat seuns meer geneig is om fisies af te knou. Tog verskil dit van die bewering wat gemaak word deur Rigby (1996:45) dat wat verbale afknouery betref, is die verhouding tussen seuns en dogters min of meer dieselfde, want 72% van die leerders het gesê dat dogters verbaal afknou terwyl 22% genoem het dat seuns hul hieraan skuldig maak. Wat fisiese afknouery betref, is die persentasie vir seuns sowel as dogters dieselfde, naamlik 72%.

### 4.2.2.2 Gevolge van afknouery

**a) Op die slagoffer** (kyk ook 2.8.1)

94% (17 uit 18) leerders het aangedui dat hul of hartseer of teneergedruk gevoel het toe hulle afgeknou was. 6% (1 uit 18) is nie afgeknou nie. Volgens Rigby (1996:63) is die leerder se situasie erger as leerders wat kwaad raak. (Sien ook 2.8.1). Volgens O'Moore en Minton (2004:80) is daar diegene wat nie hul woede op ander uithaal nie, maar dit opkrop. Dit kan aanleiding gee tot sterk gevoelens van frustasie en haat en dit kan daartoe lei dat 'n persoon homself/haarself wil beseer of selfs selfmoord pleeg. Dit is dus belangrik dat die persone hul emosies en gevoelens met ander deel.

b) **Op die aggressor** (kyk ook 2.8.2)

Terwyl hul met die daad besig was, het 56% (10 uit 18) leerders aangedui dat hul woedend/kwaad was; 17% (3 uit 18) het tevrede, lekker, goed gevoel; 11% (2 uit 18) het bang gevoel vir vervolging; 11% (2 uit 18) het sleg/hartseer gevoel; 5% (1 uit 18) het niks gevoel



http://etd.uwc.ac.za/

nie. Die oorgrote meerderheid van afknouery het uit woede plaasgevind. Volgens Elliot (1997:82) is daar niks verkeerd met aggressie wat behoorlik gekanaliseer en gereguleer word nie. Baie sportsoorte vereis die gebruik van gekontroleerde aggressie wat kan dien as 'n leerervaring vir die beoefening van hoe om woede en aggressie te bestuur. Na die daad gepleeg was, het 89% (16 uit 18) leerders aangedui dat hul spyt, sleg, hartseer gevoel het. 11% (2 uit 18) het bang en angstig gevoel vir vervolging deur die skool. Die feit dat afknouers berou toon oor hul optrede dui daarop dat hul kan verander. Volgens Roberts (2006:156) het afknouers ondersteuning nodig om weg te breek van hulle ou verkeerde gewoontes en moet hulle nie versaak word nie.

### 4.2.2.3 Faktore wat bydra tot afknouery

#### a) Die individu

Volgens Roberts (2006:14) is mag en beheer in werking by afknouery. Daar is 'n ongebalanseerdheid in mag wat bestaan tussen die afknouer en die slagoffer. Die ongebalanseerdheid, volgens Roberts, kan 'n sterk werklikheid wees soos in die geval van 'n individu wat oorweldig word deur 'n sterk, enkel aggressor of 'n groep. Soms kan die ongebalanseerdheid denkbeeldig wees soos in die geval van 'n individu wat reageer op intimidasie uit vrees vir wat mag gebeur. Die ongebalanseerdheid van mag maak dat die teikens van afknouery glo dat hul nie in staat is om hul te verdedig nie of dat hulle werklik nie hulself kan laat geld nie. As ons na die beeld van 'n aggressor terugkeer, sal ons agerkom dat die aanvallers groter, sterker en ouer is. Die slagoffer op sy/haar beurt is weer klein, bang, huil gou en kan nie



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

terugbaklei nie. Dus het ons te make met dit leerders wat glo dat hulle nie hulself kan verdedig nie.

**(b) Die omgewing**

Die vraag was gestel aan die leerders of die omgewing waarin hul woon veilig is. Van die 18 respondente het 89% (16 uit 18) leerders aangedui dat hul nie veilig voel in die omgewing waarin hul woon nie. Redes wat aangevoer is, is bendegeweld, misdaad, drankmisbruik en die gebruik van dwelms, messtekery, geweerskietery sowel as roof van besittings. Slegs 11% (2 uit 18) leerders het gesê dat hul woon in 'n veilige omgewing. Dit mag van die faktore wees wat wel aanleiding gee tot afknouery in die skool.

Volgens Suckling en Temple (2002:8) word afknouery beskou as 'n vorm van geweld. Hulle gaan voort deur te verklaar dat in ons moderne samelewing is daar 'n oplewing in geweld en ons families word blootgestel aan misdaad, gesinsgeweld en dit wat ons in die media waarneem. Volgens Suckling en Temple kan waardes beïnvloed word deur hierdie sosiale veranderinge: kinders raak ongevoelig teenoor geweld en geweld begin nou 'n norm (leefwyse) raak en vir baie is dit 'n manier om probleme op te los.

**c) Die familie van afknouers**

Daar is verskillende maniere waarop families afknouery kan aanmoedig. Volgens Rigby (1996:75) dra 'n disfunksionele familie daartoe by dat 'n gebrek aan empatie by 'n kind ontstaan. Ouers wat nie omgee vir hul kinders nie, hulle nie aanvaar vir wat hul is nie en ook nie hul gevoelens in aanmerking neem nie, verstewig die gebrek



http://etd.uwc.ac.za/

aan empatie in 'n kind. Sulke kinders word nie na omgesien nie, so waarom sal hulle dan omgee vir andere? 44% (8 uit 18) leerders het aangedui dat hul nie gelukkig is in hul huise nie. Die redes wat aangevoer word is dat ouers drink, hulle is in pleegsorg en nie by wettige ouers nie, ma en pa wat baklei, stiefpa wat afknouerig is en nie die nodige liefde gee nie.

Verblydend is dat 56% (10 uit 18) leerders aangedui het dat hulle gelukkig in hul ouerhuis is omdat hulle alles kry wat hul vra en wil hê. Tog verklaar Rigby (1996:75) dat hy leerders uit goeie ouerhuise teëgekom het wat afknouers is. In die geval van ouers wat trots is of omgee vir hul kinders, kan die trots misplaasde trots wees as ouers aggressiwiteit in hul kinders aanmoedig. As leerders ook alles wat hul kry deur manipulasie bekom, kan dit ook uitloop op afknouery in die skool.

Op die vraag hoe hulle gedissiplineer word as hulle reëls in die huis oortree, was daar 'n oorweldigende meerderheid wat gesê het dat hulle pak kry. 83% (15 uit 18) het verklaar dat lyfstraf toegedien word sowel as geskel word. Van die slaangoed sluit in die plathand, sandale, lyfband, pyp, 'n lat en 'n nat lap. Die geskel wissel vanaf verwyte tot in sommige gevalle vloektaal. Slegs 17% (3 uit 18) leerders het aangedui dat hul nie-gewelddadig gedissiplineer word. Daar word mooi gepraat en een leerder het aangedui dat sy heeldag in die huis moet bly sonder kos. Leerders mag onder die indruk gebring word dat hulle 'n verskil kan maak deur geweld te gebruik.

Ouers sal berading moet kry oor hoe om die afknouprobleem in die skool aan te spreek. O'Moore en Minton (2004:51) wys daarop dat



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

ouers 'n sleutelrol behoort te speel in die bekamping van afknouery, aggressiewe gedrag en teistering in die skool.

**d) Die skoolopset**

Volgens Rigby (1996:169) is skole direk verantwoordelik vir die veiligheid van leerders gedurende skooltyd. Die verantwoordelikheid is minder duidelik gedurende ander tye en op ander plekke. Sullivan (2000:5) stel dit duidelik dat 'n skool 'n morele en 'n wetlike verantwoordelikheid het om die skool 'n veilige hawe vir sy leerders te maak.

Toe die vraag aan leerders gestel was oor waar afknouery in die skoolgrond plaasvind, was die reaksie soos volg: 56% (10 uit 18) het aangedui dat dit op die uithoeke van die speelterrein en agter geboue plaasvind; 17% (3 uit 18) het gesê dat dit in die klaskamer gebeur; 11% (2 uit 18) noem dat dit in die toilette plaasvind; 11% (2 uit 18) dat dit op pad huis toe gebeur en 5% (1 uit 18) dat dit op die stoepe plaasvind. In al die gevalle het die leerders genoem dat dit gebeur indien die opvoeder nie teenwoordig is nie. Elliot (1997:27) beweer dat afknouery floreer waar toesig minimaal is. Rigby (1996:173) verklaar dat daar dikwels aanbeveel word dat om afknouery in die skool te verminder moet die kwaliteit toesig vermeerder word.

**e) Die omstanders**

Afknouers, volgens Lee (2004:41), is dikwels onwillig en slagoffers nie in staat om te verander nie en dus besit die omstander die potensiaal om verandering te beïnvloed of verandering teweeg te bring.



http://etd.uwc.ac.za/

Uit die onderhoude met die leerders het 77% (14 uit 18) leerders gesê dat omstanders die afknouers aanhits om te baklei; 11% (2 uit 18) kyk net sonder om tussenbeide te tree; 6% (1 uit 18) sê dat die voorval onder die aandag van die opvoeder gebring word en 6% (1 uit 18) sê dat die omstander tree tussenbeide om die afknouery stop te sit. Die oorgrote meerderheid van die skool val in die kategorie van omstanders. Volgens Suckling en Temple (2002:95) kan ons 'n veiliger en meer ondersteunende skool omgewing vir alle leerders skep as ons die meerderheid bemagtig om deel van die oplossing (om verantwoordelik op te tree) en nie deel van die probleem (om die afknouer te bemagtig deur negatiewe optrede) te wees nie.

#### 4.2.2.4 Bekamping van afknouery

Toe leerders gevra was of die skool afknouery ernstig opneem en wat gedoen word om die probleem aan te spreek het 94% (17 uit 18) positief geantwoord terwyl 6% (1 uit 18) negatief gereageer het deur te sê dat die skool nie genoeg doen nie. Op die vraag wat gedoen word, het 39% (7 uit 18) gesê dat die opvoeders praat met die leerders; 28% (5 uit 18) het gesê dat die opvoeders leerders uitmekaar maak en hoof toe stuur; 16% (3 uit 18) noem dat die opvoeders skel; 11% (2 uit 18) sê dat die opvoeders die leerders die saak laat uitpraat en dan moet hulle vir mekaar om verskoning vra; 6% (1 uit 18) sê dat daar niks gebeur nie.

Uit bostaande inligting blyk dit duidelik dat elke opvoeder hom of haar eie manier volg om die probleem te beredder en dat daar geen definitiewe patroon (beleid) of voorkomingsprogram gevolg word nie. Sullivan (2000:vi) bevestig dat 'n groeiende bron van bewyse daarop dui dat die probleem rakende afknouery aangespreek kan word en dat



http://etd.uwc.ac.za/

die verskynsel kan verminder indien beleid toegepas en onderhou word en waar 'n reeks van voorkomingsmaatreëls konsekwent geïmplementeer word.

#### 4.2.2.5 Strategieë wat geïmplementeer kan word

Toe aan die leerders gevra was watter maatreëls die skool nog kan aanwend om afknouery te bekamp was die reaksie soos volg: 27% (5 uit 18) leerders het gevoel dat oortreders pouse en smiddae na skool sonder voedsel agtergehou moet word; 22% (4 uit 18) het geglo dat die afknouers geslaan en weggejaag moet word; 11% (2 uit 18) het sterk gevoel dat die leerders geskors moet word; 6% (1 uit 18) wou hê dat die polisie ingeroep moet word; 6% (1 uit 18) het gesê dat die oortreders uitgeskel moet word; 'n verdere 6% (1 uit 18) voel dat die aggressor kantoor toe gestuur moet word en die naam van so 'n persoon in 'n swartboek opgeteken moet word. 'n Meer genadiglike optrede is deur 11% (2 uit 18) leerders voorgestel wat geglo het dat die regte optrede aan die leerders voorgehou moet word en dat die hulp van die ouers ingeroep behoort te word. Die oorblywende 11% (2 uit 18) leerders kon nie uitsluitsel gee oor wat gedoen moet word nie.

Die algemene neiging by die leerders is dat geweldadige metodes ingespan moet word om die probleem aan te spreek.

### 4.2.3 Observasie

Rigby (1996:25) is die mening toegedaan dat as leerders op die speelterrein waargeneem sou word, baie voorvalle van afknouery geïdentifiseer sou word. Rigby (1996:26) gaan voort deur te verklaar dat as ons ons verlaat op die oordeel van mense wat afknouery oor 'n



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

periode in hul omgewing waargeneem het, sal ons heelwaarskynlik waardevolle inligting oor afknouery bekom. Opvoeders is in die posisie om 'n oordeel te vel.

Soos verduidelik in 3.5.2 is daar gebruik gemaak van twee vorme van waarneming, naamlik deelnemende en nie-deelnemende observasie. Deelnemende observasie het in die klaskamer tydens 'n lesuur gebeur terwyl nie-deelnemende observasie op die stoepe tydens die omruil van periodes en op die speelterrein sowel as toilette voor skool, gedurende pouses en na-skool plaasgevind het. Die teikengroepe was graad vier, vyf en ses. Vir observasie in die klaskamer is van 'n klasrooster gebruik gemaak om vas te stel by watter opvoeder die klas lês kry. Opvoeders se bestuurstyle verskil en dit kan 'n impak op die algemene dissipline van die klas hê.

In die nie-deelnemende observasieproses was leerders maklik identifiseerbaar aangesien ek as prinsipaal hulle ken en hulle gewoonlik ook in klasverband met mekaar speel. Boonop is die grondslagfase se pouses geskei van dié vanaf graad vier tot agt wat die waarnemingsproses heelwat vergemaklik het. Beide waarnemingsprosesse het oor 'n sewe dae siklus plaasgevind.

Gedurende die deelnemende observasieproses het daar niks in die lyn van afknouery gebeur nie. Leerders het normaalweg met hul werksaamhede voortgegaan en hulle was nie toegelaat om sonder toestemming in die klas na 'n maat te stap nie, onnodig te praat of maats te steur nie. Die program het ordelik en stigtelik verloop. Insidente wat wel plaasgevind het, was gedurende die nie-deelnemende observasieproses.



http://etd.uwc.ac.za/

Voorskool: Daar was 'n senior leerder wat 'n kleiner leerder uit die grondslagfase se brood en ander eetgoed afgevat het. Soggens is daar geen terreindienste waar opvoeders toesig hou nie.

Omruil van periodes: Veral die graad vier leerders het hulle meer daartoe geleen om die leerder voor hom/haar te pootjie. Meisies het weer mekaar se hare getrek en dan die skuld op iemand anders gepak. Die graad vyf en ses leerders het weer probeer om mekaar van die stoepe af te stamp of om die leerders wat in die ander rye verby hulle beweeg het, te pluk of hulle oor die kop te slaan. Dit het gewoonlik plaasgevind indien 'n opvoeder op een of ander rede nie buite op die stoepe kon wagstaan nie.

Toilette: 'n Voorval waar 'n graad ses seun en sy maat graad vier seuntjies, wat besig was om te urineer, gesteur het, het veroorsaak dat hulle hul broekies natmaak. Dit is deur 'n prefek gerapporteer.

Na-skool was daar 'n voorval van 'n vuisgeveg op die terrein terwyl die buitewyk seuns op die bus gewag het. Twee meisies wat op pad huis toe was, het ook mekaar liederlik uitgeskel. Een van die leerders het dit die volgende dag onder die skool se aandag gebring.

In alle gevalle is die leerders in die kantoor aangespreek. By die vuisgeveg en skel-episode is die ouers skool toe ontbied. Waar die twee dogters mekaar uitgeskel het, het slegs een leerder se moeder die skool besoek. By die vuisgevegvoorval kon niemand opdaag nie aangesien die ouers in hul werk staan. Een het wel telefonies die skool gekontak terwyl die ander ouer 'n brief geskryf het waarin dit aan die lig gekom het dat die seun net so 'n skrikbewind by die huis voer.



http://etd.uwc.ac.za/

Uit die observasieproses het dit duidelik geblyk dat toesighouding 'n groot rol kan speel om afknouery te bekamp en dat daar 'n duidelike afknoubeleid in plek moet wees om maniere te vind om ouers te betrek en om die verskeie vorme van afknouery aan te spreek.

## 4.3 ONDERHOUDE MET OPVOEDERS

Hierdie onderhoude het 'n tweeledige doel. Eerstens probeer dit antwoorde gee op die breë navorsingsvrae soos uiteengesit in 1.3. Tweedens, soos ook deur Rigby (1996:116) geargumenteer, sal die wyse waarop afknouery in 'n spesifike skool aangespreek word, afhang van die skool se begrip van afknouery en die bewusmaking dat dit 'n volgehoue probleem met uiters nadelige gevolge is.

Onderhoude is met die klasopvoeders van die 120 respondente (leerders) gevoer. Dit bring mee dat daar met 2 opvoeders in graad vier, 2 in graad vyf en 2 in graad ses gesprekke gevoer is. Die gesprekke het buite kontaktyd plaasgevind. Uit die onderhoude met die opvoeders kon daar 'n tema, kategorieë en subkategorieë bespeur word (kyk tabel 4.10.)

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

**TABEL 4.10 OPVOEDERS ONDERHOUDE RONDOM AFKNOUERY**

| TEMA | KATEGORIEë | SUB-KATEGORIEë |
|---|---|---|
| Opvoeders se persepsie rondom afknouery | - Wat is afknouery | - persepsie van afknouery<br>- vorme van afknouery<br>- ouderdomsfaktore<br>- geslagsfaktore<br>- hoe dikwels afknouery voorkom<br>- beeld van 'n slagoffer<br>- beeld van 'n afknouer |
| | - Redes waarom afgeknou word | - ongebalanseerdheid in mag<br>- sosio-eknomiese faktore<br>- die huisgesin<br>- die omgewing |
| | - Aanspreek van afknouery | - strategieë wat in die skool bestaan |

### 4.3.1 Omskrywing van afknouery

**a) Opvoeders se persepsie van afknouery**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In die onderhoude met opvoeders is die volgende kategorieë onderskei:

i) Fisiese afknouery: Afneem van besittings, groter kind wat kleiner kind slaan.

ii) Verbale afknouery: Leerders wat mekaar terg; dogters wat mekaar uitskel; veral dogters wat skinderstories aandra.



http://etd.uwc.ac.za/

iii) Psigologiese afknouery: Dogters wat katterig met mekaar is en nie met mekaar speel nie.

Interessant is dat opvoeders nie seksuele en rassistiese afknouery aangeraak het nie, alhoewel dit volgens leerders wel in die skool plaasvind. Opvoeders sal definitief leiding moet kry oor wat afknouery behels en wat nie as afknouery beskou word nie.

**b) Vorme van afknouery wat wel in die skool voorkom**

In die onderhoude met al die opvoeders het die fisiese aspek van afknouery sterk na vore gekom. Die voorbeelde van afknouery wat volgens die opvoeders wel in die skool plaasvind, is die volgende: leerders slaan mekaar; intimidasie; bakleiery; groter leerders vat kleiner leerders se brood af; groter leerders wat ook kleiner leerders se skoolgereedskap afneem en dwing hul wil af op kleiner leerders; fisieke geweld wat meestal by seuns voorkom.

Psigologiese, verbale en ander vorme van afknouery word glad nie genoem nie. Weer eens is dit 'n bewys dat dit volgens die opvoeders glad nie plaasvind nie of nie so gereeld voorkom soos fisiese geweld nie of baie subtiel plaasvind.

**c) Ouderdomsfaktor by afknouery**

Aan die opvoeders is gevra met watter ouderdomsgroep hulle afknouery assosieer. Hulle het saamgestem dat dit in alle ouderdomsgroepe voorkom - van babastadium waar daar gegryp, gekrap of hare getrek word tot in volwasse stadium. Wat die fases in die skool betref, is opvoeders dit eens dat dit vanaf graad een tot graad



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

twaalf voorkom, maar meer spesifiek die intermediêre fase tot en met senior fase. Die rede waarom dit veral in die intermediêre fase plaasvind, is omdat die leerders in hul oorgangsjare is. Volgens die opvoeders van graad vyf ontgroei die leerders nou hul kinderskoentjies en beweeg hul na 'n tienerstadium. Dit is wanneer hul dan meer aandag wil hê en dit deur middel van afknouery soek. Oorouderdom leerders in die klas voel dat hulle gerespekteer moet word en probeer dan respek afdwing deur middel van afknouery.

Syfers bewys sterkliks dat die 10-14 jaar ouderdomsgroep is die groep wat die ergste gebukkend gaan onder afknouery (Rigby, 1996:37).

**d) Geslagsfaktor in afknouery**

Soos reeds in Rigby (1996:46) vermeld, word meer seuns as dogters geviktimiseer en meer seuns as dogters erken dat hulle ander leerders afknou.

Opvoeders glo dat seuns sowel as dogters afknou, maar dat dit meestal by seuns plaasvind.

Dit wil egter voorkom dat in die skool waar die ondersoek plaasgevind het, daar meer gekonsentreer word op fisiese geweld en gevolglik mag verbale afknouery ongesiens verbyglip. Dit kan die indruk by opvoeders skep dat seuns die dogters oorskadu.

Elliot (1997:2) glo ook dat volgens die gevalle wat versamel is, dit wil voorkom dat seuns meer geneig is tot fisiese afknouery terwyl dogters verbaal wreed is.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

e) **Hoe dikwels afknouery voorkom**

Op 'n vraag aan die opvoeders hoe dikwels hulle afknouery in die skool opmerk, was die reaksie dieselfde. Alle opvoeders het verklaar dat dit elke dag, op 'n gereelde basis voorkom. Afknouery geskied binne en buite die klaskamer op 'n gereelde basis.

f) **Beeld van 'n slagoffer**

Opvoeders beskou slagoffers as tranerige, stil, saggeaarde leerders. Hierdie slagoffers is dikwels klein en tengerig van postuur en oor die algemeen jonger as hul aanvallers. Die leerders is vol vrees en is bang om homself/haarself te laat geld en vermy liefs die insidente van afknouery. Hulle is ook dikwels die leerders wat fyn opgevoede maniertjies openbaar en wat geteiken word en nie maklik vriende maak nie. Roberts (2006:21) sien ook slagoffers as persone wat ongekoördineerd is, jonger, kleiner, swakker, meer lusteloos, en geneig is om 'n laer pynvlak ten opsigte van hulle portuurgroep te vertoon.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

g) **Beeld van 'n afknouer**

Volgens die opvoeders is die afknouer 'n groot kind wat 'n kleiner kind afknou. Dit kan ook 'n stadige leerder wees wat geen vordering toon in sy/haar skoolwerk nie en dan probeer hul hulself te bewys deur af te knou. Ouer leerders is ook geneig om af te knou asook leerders wat baie rusteloos is. Hierdie beskrywing toon ooreenkomste met dié van Rigby. Rigby (1996:72) se siening van 'n afknouer sluit weer eens soos in die geval in die onderhoude met die leerders, nou aan by die wedervaringe van die opvoeders, naamlik dat die afknouer groter



http://etd.uwc.ac.za/

en sterker is, aggressiewer en impulsief is, gee nie sy samewerking nie en handhaaf 'n lae vlak van empatie.

Oortreders het netso dringend hulp nodig as die slagoffers, want as daar nie ingetree gaan word nie, staan hul 'n goeie kans om met die gereg te bots in hul latere lewe.

### 4.3.2 Redes waaom leerders afknou

#### (a) 'n Wanbalans in mag

Opvoeders maak melding van 'n groter outjie wat 'n kleiner persoon met die vuis slaan of skop of hul besittings afneem. Ander tye word die slagoffer emosioneel afgeknou deur middel van uitsluiting, gebare wat gemaak word en die slagoffer word geterg. Rigby (1996:15) verklaar dat die mag aanwending hier sielkundig is en nie opsigtelik is nie. Daar word meer subtiel te werk gegaan en die afknouery vind in die geheim plaas.

#### (b) Sosio-ekonomiese omstandighede

Opvoeders voer aan dat ouers dwelms gebruik en gevolglik is daar nie kos en geld in die huis nie. Die kinders is gefrusteerd en honger en knou ander kinders af om sodoende in hul basiese behoeftes te voorsien.

#### (c) Die huisgesin

Volgens opvoeders slaan die pa die ma en die kind word onder die indruk gebring dat probleme met geweld opgelos moet word. Die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

leerder is self 'n slagoffer van afknouery tuis en hy/sy sit maar net die bose kringloop voort by die skool deur ander kinders wat swakker is, te beseer. Die kinders ontvang ook nie die nodige aandag en liefde in die huis nie.

Suckling en Temple, soos aangedui in 2.6, glo dat 'n groot persentasie van die leerders kom uit 'n gedragsmoeilike familielewe en hulle beskik oor min sosiale en interpersoonlike vaardighede. Ook Roberts (2006:50) bevestig dat die gesinslewe vir 'n afknouer mag dalk nie 'n gelukkige lewe wees nie. Roberts brei uit deur te sê dat geweld voorkom, ouers gee nie om vir die leerder nie, niemand in die huis wys die leerder hoe om probleme op te los sonder aggressie en intimidasie nie. Straf word baie hard toegepas en geskied volgens die bui van die ouer en min empatie is in die huis aanwesig.

**(d) Omgewing**

Opvoeders is dit eens dat afknouery ontdooi in 'n gewelddadige omgewing waar aanrandings en bendegeweld aan die orde van die dag is. Hierdie geweld raak nou 'n geïntegreerde deel van die kind se leefwyse en hy/sy sien niks fout in afknouery nie.

Die omgewing waarin die leerder opgroei, het volgens Suckling en Temple in 2.6, ook 'n uitwerking op afknouery. Afknouers kom uit gemeenskappe wat nie afknouery ernstig opneem nie.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

### 4.3.3 Aanspreek van afknouery

**a) Strategieë wat in die skool bestaan**

Opvoeders voel dat daar nou nie 'n manier is waarop 'n leerder gestraf kan word nie. Die rottang is verbied . Opvoeders voel voorts dat die ander maniere en metodes wat toegepas word, nie juis vrugte afwerp nie. Hierdie siening sluit nou aan by die dilemma waarin opvoeders, soos beskryf in 1.5, hul bevind, naamlik dat die afskaffing van lyfstraf geen effek op die "skollie" leerders sal hê nie en dat dit gedragsprobleme in die hand sal werk.

Metodes wat toegepas word, is die volgende: leerders wat oortree word uitgehaal uit hul groep en eenkant, alleen of voor in die klas, naby die tafel geplaas. Afknouers word aangespreek en in ernstige gevalle word leerders na die adjunk-prinsipaal of prinsipaal verwys wat op hulle beurt weer die ouers inroep. In baie gevalle word die hulp van maatskaplike werkers ingeroep.

Suckling en Temple (2002:10) huldig die uitgangspunt dat die opvoeder die enigste effektiewe kanaal vir verandering kan word aangesien die ouers/familie swak toegerus is om probleme konstruktief te hanteer of in baie gevalle dra hulle by tot die probleem. Suckling en Temple wys daarop dat in baie gevalle motivering vir verandering geskied slegs as daar 'n krisis is.

**b) Strategieë wat geïmplementeer kan word**

Van die opvoeders voel dat die wegneem van die rottang groot dissiplinêre probleme veroorsaak het. Die polisie moet meer betrek



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

word sodat hulle afknouers deur 'n gevangenis kan neem om die aggressors te wys wat die uiteinde van afknouery is. Die afknouer moet daarop gewys word dat afknouery later uitloop op messtekery en uiteindelik moord. Probleemleerders moet sedelessies ontvang om disspline en waardes by hul vas te lê. Om hulle verder te dissiplineer moet hulle ingesluit word by sport- en kulturele bedrywighede. Hulle moet verantwoordelike take opgelê word soos om as klasmonitor op te tree.

Daar is ook die gevoel dat 'n maatskaplike werker die leerders se huis moet besoek om die omstandighede van die leerders vas te stel en dan die leerder in 'n remediërende program plaas. Die hulp van 'n skoolsielkundige kan ook ingeroep word om die afknouprobleem aan te spreek.

## 4.4 ONDERHOUDE MET OUERS

In die literatuurstudie in 2.8.3. word daar vermeld dat afknouery 'n nadelige invloed het op die slagoffers van afknouery se ouers. Die ouers voel kwaad en onbemagtig omdat hulle onbevoeg is om die kind te help, veral as hulle nie die ondersteuning van die skool se kant af kry nie. Volgens O'Moore en Minton (2004: 51) is elke ouer wat omgee vir sy of haar kind bekommerd oor die beskerming, veiligheid en welstand van die kind. Tesame met die skool, is dit die ouer se plig om te verseker dat sy of haar kind nie betrokke is in onbehoorlike gedrag soos afknouery nie. Ouers het dus 'n sleutelrol om te speel in die bekamping van afknouery.

Onderhoude is met vyf ouers wat op die beheerliggaam dien, gevoer. Die doel van die onderhoude was om die begrip van die ouers rondom



http://etd.uwc.ac.za/

afknouery uit te vind asook hul reaksie en betrokkenheid ten opsigte van die verskynsel vas te stel.

### 4.4.1 Ouers se konsep van afknouery

Al die ouers het afknouery as iets fisies ervaar: wanneer iemand sy kragte misbruik; 'n groter leerder 'n kleiner seermaak; as kinders met mekaar baklei; as jy iemand seermaak wat niks aan jou kan doen nie.

Dit wil voorkom asof ouers breedvoerig ingelig moet word rondom die ander vorme van afknouery sodat hulle 'n aktiewe rol kan speel rondom die bekamping van die verskynsel. Volgens O'Moore en Minton (2004: 51) is dit absoluut noodsaalik om daarop te let dat jongmense wat betrokke is in afknouery, aggressiewe gedrag en teistering, hetsy as aggressors of slagoffers (of beide) die hulp en ingryping nodig het van ouers en skool personeel.

### 4.4.2 Die vasstelling van afknouery

In die onderhoude met ouers word sekere simptome uitgelig. Volgens hulle praat die kind nie sommer nie. Hulle kom agter daar is fout as die kind van die skool af kom en snaakse maniere openbaar en opstandig raak en goed breek; hulle is lelik met kleiner kinders in die huis; gewoontlik is die kind nie woelig nie, maar raak aggressief by die huis; die kind sê nie sommer iets nie, maar is baie stil en teruggetrokke by die huis en by nadere ondersoek en ondervraging kom ouers agter die kind is afgeknou.

Sullivan (2000: 30) bevestig dat daar verskillende tekens is wat aandui dat 'n leerder afgeknou word. Van die simptome is dat leerders onder andere geïrreteerd en woedend is vir ouers, broers en susters; die leerders lyk depressief, hartseer en mag selfs probeer om selfmoord te



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

pleeg; wanneer hulle uitgevra word oor wat verkeerd is, mag hulle ontwykende antwoorde gee, iets sommer opmaak, of kwaad word en weier om daaroor te praat; die leerders mag begin om goed aan te vang wat strydig is met sy of haar karakter en wat hulle in die moeilikheid kan laat beland.

Volgens O'Moore en Minton (2004: 4) is ouers 'n onmisbare skakel en terme van anti-afknouery pogings omdat hulle dikwels eerste daarvan bewus is voordat skole dit optel.

### 4.4.3 Hantering van 'n insident van afknouery

Volgens Rigby (1996: 107) het die ouers van leerders dikwels 'n vergeldingsdrang en pas hulle druk op skole toe om die afknouer te straf.

In die onderhoude met ouers het almal gesê dat hul tydmaak en luister na hul kinders se probleme. Van die ouers het aangedui dat hulle die saak onder die skoolhoof se aandag sal bring  en die hoof moet dan deur die regte kanale werk en die saak oplos. Alle partye se ouers moet teenwoordig wees. 'n Ander ouer het aangedui dat daar met die opvoeder gesels gaan word, want 'n saak het twee kante en dan moet daar vasgestel word waar die fout lê.

Nie een van die ouers kon aandui hoe die probleem aangespreek moet word nie, maar niemand het wraakgedagtes gekoester of vergelding gesoek nie. Volgens O'Moore en Minton (2004: 68) moet ouers daarvan versekerd wees dat die insident wat gerapporteer is op 'n baie sensitiewe manier gehanteer word; dat vertroulikheid gehandhaaf word en dat daar so ver as moontlik pogings aangewend sal word dat die leerder nie verder afgeknou sal word nie.



http://etd.uwc.ac.za/

### 4.4.4 Ouers se reaksie op afknouery

In die onderhoude met die ouers was daar gemengde gevoelens geopenbaar. Een ouer het verklaar dat sy baie hartseer gevoel het oor die feit dat haar kind afgeknou was aangesien hy hom nie kon verdedig nie. Tog het die ouer nie die skool geblameer nie. Die res van die ouers het verklaar dat hulle woedend gevoel het, en wou onder andere die volgende doen: blameer die skool en wou die skool bykom; tot by die skool kom en die leerder in die hande kry en wraak neem; tot by die skool kom en die saak aanspreek.

Ook, volgens Rigby (1996: 241), is die heel algemeenste reaksie van ouers op afknouery die gevoel van algemene woede. Daar is dikwels die gevoel dat die skool in 'n sin verantwoordelik is vir 'n insident of toegelaat het dat dit gebeur. Die kind (slagoffer) se weergawe word onvoorwaardelik aanvaar en sterk reaksie deur die ouer word verwag. Terselfdertyd voel die ouers skuldig of skaam omdat hulle nie in staat was om hul kinders te beskerm nie.

### 4.4.5 Toeganklikheid van die skool

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Volgens Rigby (1996: 134) is dit ewe belangrik dat ouers aangemoedig word om sake rakende afknouery by die skool met die personeel te bespreek. Rigby sê dat ouers die versekering gegee moet word dat dit aanvaarbaar is om oor afknouery te praat en dat die skool gewillig is om te luister.

In die onderhoude met ouers het dit aan die lig gekom dat die skool Rigby se sienswyse ondersteun. Ouers voel dat hul vriendelik ontvang word; hulle voel vry om die probleem te kom bespreek, die skool skenk aandag aan die saak en die ouer is tevrede oor hoe die



http://etd.uwc.ac.za/

hoof of die res van die personeel die saak hanteer. Voorts voel hul dat die skool afknouery ernstig opneem en alhoewel tagtig persent van die afknouery onder beheer is, sluip 'n verdere twintig persent tog deur. Daar is ook die gevoel dat daar meer toesighouding gereël kan word.

## 4.5 DOKUMENTASIE-ANALISE

Van die dokumentasie wat bestudeer is, is die kultuur en etos van die skool, die kurrikulum, die gedragskode en beleide in die skool. Hierdie dokumente is almal relevant tot afknouery.

### 4.5.1 Die kultuur en etos van die skool

Die skool word hoofsaaklik gevoed deur leerders uit 'n agtergeblewe gemeenskap afkomstig uit sub-ekonomiese huise, woonstelle, informele behuising en omringende plase. Baie van die ouers is werkloos en lewe in armoede. Verder word die woonbuurte geteister deur bendegeweld, dwelm- en alkoholmisbuik. Volgens Varnava (2002:7) word geweld by leerders in hul kinderjare by veral volwassenes aangeleer. Kinders uit bostaande omstandighede word dus gekondisioneer dat geweld aanvaarbaar is en 'n effektiewe manier is om 'n probleem op te los. Hierdie kultuur van geweld word na die skool oorgedra en woed uit in die vorm van afknouery. Sommige leerders identifiseer hul met die bendes in die omgewing deur dié se simbole of die afkortings van bendename met penne op hul hande, skoolklere of op rugsakke aan te bring. Dit is 'n bewys dat hulle die bendes admireer.

Om die skooletos te assesseer moet jy die aard en kwaliteit van interpersoonlike verhoudings by die skool evalueer, dit wil sê hoe



http://etd.uwc.ac.za/

mense, leerders, personeel en ouers van die skool op 'n dag-tot-dag basis met mekaar handel, aldus Rigby (1996:116). In die skool word die opvoeders aangespreek as "juffrou" en "meneer". Klasmaats word sover as moontlik op hul voorname of noemname aangespreek en nie as "jy" en "jou" nie. Indien die opvoeder vir die eerste keer in die klas kom, word daar deur die leerders opgestaan en beleefd gegroet.

Meisies kry voorkeur om die klas te verlaat by die wisseling van periodes en leerders beweeg ordelik in hul rye na die volgende bestemming. Indien leerders die klas tussen periodes wil verlaat, dra hul 'n toestemmingskaartjie op hulle. Leerders word dus aangemoedig om vriendelik en verdraagsaam teenoor mekaar te wees en wedersydse respek teenoor mekaar te betoon.

### 4.5.2 Die kurrikulum

In die Lewensoriënteringslesse word daar tyd en plek ingeruim vir die aanleer van waardes en houdings soos wedersydse respek vir geloof, besittings, die individu sowel as die regte van mense. By die gesamentlike byeenkoms wat eenkeer in die sewe dae siklus gehou word, word die sedelessies verder gevoer. Die ander leerareas fokus meer op die oordrag van kennis. Tóg word positiewe gedrag op 'n informele wyse by leerders aangemoedig deur alle opvoeders op die skool.

### 4.5.3 Die gedragskode en ander beleide in die skool

Die gedragskode van die skool is deur opvoeders in samewerking met ouers en leerders opgestel en is goedgekeur deur die beheerliggaam van die skool. In die beleid word die gedrag van leerders binne en buite die klaskamer gereguleer. Toepaslike tugmaatreëls vergesel die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

verkillende vlakke van oortredings. In baie gevalle vereis die korrektiewe maatreëls die teenwoordigheid van ouers by die skool, maar omdat ouers werk of glad nie opdaag nie, is die tugmaatreëls nie so doeltreffend nie.

Om die houding en gedrag van opvoeders teenoor leerders te beheer is daar verskeie departementele beleide in plek. Van die beleide is onder andere "alternatiewe tot lyfstraf" en "progressiewe dissipline". In beide beleide word nie gewelddadige optrede teenoor leerders sterk beklemtoon asook die implikasies wat dit inhou indien 'n opvoeder die regte van 'n kind skend. Opvoeders kan 'n boete opgelê word, gevangenestraf in die gesig staar of summier uit die onderwys geskors word as hul hul skuldig maak aan wangedrag teenoor leerders. Alles is daarop gemik om geweld uit die skool te verban.

## 4.6 SLOTOPMERKINGS

Alle navorsingsinstrumente soos aanbeveel in die navorsingsmetodologie in 1.6 sowel as in hoofstuk drie is ingespan om die relevante data in te samel. Dit sluit in navorsingsinstrumente soos 'n vraelys aan leerders; onderhoude met leerders, opvoeders sowel as ouers; observasie van leerders; bestudering van dokumentasie aanwesig in die skool wat deur beide die skool sowel as die Wes-Kaap Onderwysdepartement opgestel is. Die navorsingsontwerp is 'n gevallestudie binne die kwalitatiewe navorsingsmetodologie. Alle navorsing het gepoog om die breë navorsingsvrae soos uitgespel in 1.4 te beantwoord.

Alhoewel die dissipline in die skool oor die algemeen gesond is, is die definitiewe opstel en implimentering van 'n afknoubeleid gebiedend noodsaaklik sowel as pastorale sorg vir slagoffer en aggressor.



http://etd.uwc.ac.za/

In Hoofstuk 4 is die data wat bekom was, geïnterpreteer en in Hoofstuk 5 gaan daar gesoek word na moontlike oplossings vir die verskynsel van “afknouery”.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK VYF

## OPSOMMING EN AANBEVELINGS

### 5.1 INLEIDING

Die doel van die ondersoek was om die voorkoms van afknouery in 'n geselekteerde primêre skool in die Wes-Kaap te ondersoek in 'n poging om die verskynsel te stuit en voorkomende maatreëls te implementer. As ruggraat vir die navorsing is daar in hoofstuk twee 'n literêre oorsig gegee van die verskynsel. In hierdie hoofstuk word daar 'n opsomming van die empiriese bevindinge gegee, aanbevelings gemaak en die tekortkomings uitgewys.

### 5.2 OPSOMMING VAN DIE BEVINDINGE

In hoofstuk vier is die bevindinge van leerders, ouers, opvoerders en dokumentasie in die skool afsonderlik deurgegee. In hierdie afdeling word daar 'n gesamentlike opsomming van die gemeenskaplike bevindinge van die respondente weergegee.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

#### 5.2.1 Die omvang en aard van afknouery

Leerders, opvoeders sowel as ouers is dit eens dat afknouery wel in die skool plaasvind en wel op 'n groot skaal. Volgens die opvoeders vind afknouery in alle grade plaas en in alle ouderdomsgroepe. Tóg is dit veral die intermediêre fase wat swaar gebuk gaan onder afknouery omdat, volgens die opvoeders, ons hier te make het met oorouderdom leerders sowel as leerders wat in hul tienerstadium is. Meisies sowel as seuns knou af, maar dit is oorheersend seuns wat hul skuldig maak aan die verskynsel omdat daar geglo word dat seuns fisies sterker is as dogters. Afknouery vind ook oorkruis plaas, met ander woorde seuns knou dogters af en omgekeerd.



http://etd.uwc.ac.za/

In die skool kom verskillende vorme van afknouery voor. Daar bestaan by sommige rolspelers groot onkunde oor wat afknouery behels. By almal is fisiese geweld sonder twyfel afknouery. Verbale en emosionele afknouery is veral deur leerders en in 'n mindere mate opvoeders geïdentifiseer terwyl ouers glad nie daarvan melding gemaak het nie. Rassistiese en seksuele teistering was slegs aan leerders bekend; ouers en opvoeders het egter glad nie die vorm van afknouery geopper nie.

Alles dui daarop dat rolspelers glad nie weet wat afknouery werklik behels nie en dat sekere vorme van afknouery meer ernstig opgeneem word as andere. Ouers, leerders en opvoeders is al so vasgevang in geweld soveel so dat fisiese geweld as onwettig beskou word en die ander vome van afknouery 'n ondergeskikte rol speel of glad nie beskou word as afknouery nie. Volgens Lee (2004) is dit belangrik om daarvan bewus te wees dat afknouery nie geprioritiseer kan word nie. Alle vorme van afknouery is ewe pynlik. Daar sal beslis 'n veldtog geloods moet word om die verskillende vorme van afknouery uit te lig. Suckling en Temple (2002) wys daarop dat ingeligte rolspelers in die posisie is om die daad meer akkuraat te beskryf asook die uitwerking daarvan bloot te lê.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

### 5.2.2 Rolspelers by 'n afknou-insident

**Die aggressors**

Agressors word beskou as belhamels wat onbeskof is, groter en sterker is en wat ouer is as hul slagoffers. Hulle kan goed baklei en is nie bang nie en dit is veral seuns wat hul skuldig maak aan fisiese afknougedrag. Dogters wat wel afknou, maak van beide fisiese sowel as verbale metodes van afknou gebruik. Daar word oorheersend van verbale afknouery in die skool gebruik gemaak. Baie van die aggressors is bewus daarvan dat hul ouers geen beheer oor die



http://etd.uwc.ac.za/

situasie het nie. Ouers kom selfs by die skool kla oor die kind se gedrag tuis. Die afknouers skrik nie eens vir die polisie nie.

**Die slagoffer**

Slagoffers word gesien as jonger, goedgedissiplineerde, vreesbevange en tengerige leerders wat nie kan baklei of hulself kan verdedig nie. Hulle huil gou en het fyn opgevoede maniertjies. Dogters is meer geneig om hartseer te voel terwyl/nadat hulle afgeknou is, terwyl seuns oorheersend kwaad en woedend voel.

**Die omstanders**

Die omstanders is glad nie aktief betrekke om afknouery te stop of die verskynsel teen te werk nie. Hulle openbaar gemengde gevoelens jeens afknouery wat wissel van woede tot teleurgesteldheid en hartseer. Vir sommige het dit selfs nie gepla nie. In die meeste gevalle het hul waargeneem dat dit 'n individu is wat afknou in plaas van 'n groep wat inmenging kan vergemaklik. In plaas daarvan is kringe rondom die aggressor en slagoffer gevorm en is die aggressor aangehits om met die daad voort te gaan.

### 5.2.3 Areas op die skool waar afknouery plaasvind

Afknouery geskied soos volg: in die klaskamers, stoepe, speelterrein, toilette, op pad na en van die skool. In bykans al die afknou-insidente was opvoeders nie sigbaar nie of dit vind plaas op plekke waar toesighouding nie moontlik is as gevolg van 'n gebrek aan mensekrag. Tydens die observasieproses in die klaskamer het geen voorvalle van afknouery plaasgevind nie. In die klaskamer vind afknouery meer subtiel plaas sonder dat opvoeders agterkom dat leerders mekaar afknou terwyl op die speelterrein die afknouery onder die dekmantel



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

van speel sowel as onder 'n sportsoort soos rugby plaasvind. In die vraelys het leerders aangedui dat afknouery oorheersend in klaskamers gebeur terwyl dit uit die onderhoude blyk dat dit nie geval is nie.

Die feit dat individue grotendeels afknou, vergemaklik die rekordhouding. Dit is dus maklik om die leerders wat 'n geskiedenis van afknouery openbaar, te identifiseer en in 'n program te plaas.

### 5.2.4 Moontlike faktore wat aanleiding gee tot afknouery

Die rede wat aangevoer word waarom leerders afknou, is 'n wanbalans in mag, gebrekkige dissipline en geweld in die ouerhuis, die rowwe omgewing waarin leerder opgroei sowel as die sosio-ekonomiese omstandighede van die leerder wat hom of haar forseer om af te knou om sodoende in hul behoeftes te voorsien. In baie gevalle is leerders nie in die sorg van hul biologiese ouers nie en ontvang hulle nie die nodige omgee en liefde nie. Gevolglik staan hul apaties teenoor die gevoelens van andere. Oorouderdom leerders in klasse sowel as ander ouer leerders knou die jonger leerders af om hul outoriteit af te dwing. Baie van die leerders is slagoffers van afknouery en sit die bose kringloop voort deur weer ander leerders af te knou. Sommige leerders kry alles wat hul vra in hul ouerhuise en gevolglik knou hul leerders af indien hul nie hul sin by ander leerders in die skool kry nie. Gebrek aan toesighouding gee ook aanleiding tot die verskynsel.

Bostaande faktore illustreer die feit dat afknouery nie slegs in isolasie in die skool aangespreek kan word nie, maar dat eksterne rolspelers soos die ouers en gemeenskap betrek moet word om 'n oplossing vir afknouery in die skool te probeer vind.



http://etd.uwc.ac.za/

### 5.2.5 Gevolge van afknouery

Slagoffers reageer verskillend op afknouery. Hulle draai stokkies, ontwikkel siektetoestande, raak kwaad en hartseer en onttrek hul dan of hulle steur hulle bloot nie aan die afknouery nie, met ander woorde hulle laat maar toe dat hulle afgeknou word. Hulle doen ook fisiese letsels op soos snye, wonde en krapmerke. By die huis openbaar hulle afwykende gedrag deur artikels in die huis te breek en kleiner boeties of sussies af te knou.

Die aggressor ervaar woede, voel goed of tevrede wanneer hul iemand afknou of voel hartseer of spyt nadat hul iemand afgeknou het. Daar is sommige wat geen emosies toon nie en heel onverskillig staan teenoor die daad wat hul gepleeg het.

Die omstander ervaar ook woede, hartseer, skaamte of steur hul glad nie aan die afknouery nie. Hulle leef ook in vrees vir afknouery.

Die opvoeders voel magteloos, gefrustreerd en gedemoraliseer, terwyl ouers kwaad raak of teleurgesteld voel en sommige selfs die skool blameer vir wat met hul kind gebeur het.

Die agente hierbo moet bewus word van hul regte al dan nie. So kan 'n magsbasis geskep word om meer doeltreffend met die verskynsel om te gaan.

### 5.2.6 Die skool se remediërende maatreëls

Leerders voel sterk dat die skool afknouery ernstig opneem en dat gemiddelde suksesse behaal word. 'n Groot meerderheid van die leerders rapporteer die voorvalle van afknouery. In sommige gevalle het die situasie verbeter of is die afknouery 'n tydlank stopgesit terwyl in ander gevalle die afknouery vererger



http://etd.uwc.ac.za/

het of daar het niks gebeur nie. Leerders word toegelaat om die saak uit te praat en dan moet hul mekaar om verskoning vra.

Opvoeders loop 'n pad met die leerders vanaf persoonlike gesprekke tot die rapportering aan die adjunk-prinsipaal of prinsipaal. Die hulp van die maatskaplike dienste en polisie word ook ingeroep. Ouers word ook skool toe ontbied.

Ouers op hul beurt voel vry om die skool te besoek en die probleem dan met òf die opvoeders òf adjunk-prinsipaal òf prinsipaal te bespreek. Hulle voel ook sterk dat die skool luister na hul klagtes en aandag skenk aan die insidente en dan probeer om 'n oplossing te probeer bewerkstellig.

Insidente word wel gerapporteer, maar daar is geen strukture of beleid in plek om die probleem aan te spreek nie. Indien dit in plek is, sal krisisbestuur uit die weg geruim word en die skool sal dan in die posisie wees om pro-aktief op te tree.

### 5.2.7 Voorstelle om die remediërende maatreëls te verbeter

Leerders voel dat oortreders lyfstraf toegedien moet word en van die skool af weggejaag word. Ander strafmaatreëls wat ingespan kan word, is skorsing, ontbied van die polisie, detensieklasse asook dat leerders uitgeskel moet word. Meer gematigde remediërende maatreëls sluit in die stuur van leerders kantoor toe sowel as rekordhouding van hul oortredings en die inroep van ouers om die probleem aan te spreek. Voorts moet leerders verantwoordelike take afgelê word. Opvoeders glo ook in die hulp van die polisie, maatskaplike werkers, sielkundiges en die insluiting van die aggressors in sport- en kulturele bedrywighede. Ouers op hul beurt voel dat toesighouding opgeskerp moet word.



http://etd.uwc.ac.za/

Uit bostaande aanbevelings blyk dit duidelik dat strafmaatreëls voorrang geniet in plaas van remediërende maatreëls. Daar sal beslis 'n paradigmaskuif gemaak moet word om rolspelers te oortuig dat die aggressor ook hulp nodig het.

## 5.3 AANBEVELINGS

Uit die data blyk dit dat afknouery 'n nadelige verskynsel is en dat die verskynsel al taamlik wortel geskied het in die skool. Die rol van die onderwysowerhede is om hulp en ondersteuning te voorsien aan skole om onaanvaarbare gedrag te identifiseer, om met dit effektiewelik om te gaan, en dus aan die skool 'n veilige leeromgewing te verskaf waar alle kinders vry van rasseteistering en afknouery is. Skole op hul beurt moet gelyke geleenthede bied en strategieë daarstel vir die monitering, rapportering en optekening van afknougedrag.

Daar is sterk druk van owerhede en die publiek op skole om suksesvolle intervensieprogramme vir afknouery in plek te kry. Die volgende inligting kan skole moontlik 'n leidraad gee oor die daarstelling van 'n intervensieprogram.

### 5.3.1 Anti-afknoubeleid

Daar word probeer om afknouery aan te spreek in die skool se gedragskode, maar nêrens word die term "afknouery" gebruik nie of is daar duidelike riglyne om dit te beheer nie.

Volgens Suckling en Temple (2002:48) bied 'n anti-afknoubeleid die skoolgemeenskap duidelike verwagtinge, rigting, toegewydheid en konsekwentheid om afknougedrag te takel. Hulle gaan verder deur te verklaar dat so 'n dokument die skool die geleentheid bied om pertinent uit te spel dat



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

afknouery in watter vorm ook al nie in die skool verdra sal word nie en dat daar ernstig met die verskynsel omgegaan sal word in plaas van dit slegs as 'n onvermydelike deel van skoollewe te beskou. Die beleid bied die skool ook die geleentheid om verby 'n krisisbestuurbenadering te beweeg en strategieë van voorkoming en intervensie te implementeer.

Suckling en Temple (2001:48) beveel aan dat die volgende eienskappe in 'n anti-afknoubeleid ingebou moet word:

- 'n Duidelike, ferm verklaring rakende die skool se standpunt rondom afknouery;
- 'n Definisie van afknouery en 'n aanduiding van die verskeie vorme van die verskynsel;
- Voorkomingsmaatreëls wat deur die skool aanvaar word;
- Maniere hoe die skoolgemeenskap (ouers, opvoeders en leerders) afknouery kan rapporteer;
- Hoe om 'n afknou-insident te hanteer;
- Die regte en verantwoordelikheid van opvoeders, ouers en studente om die beleid in stand te hou; en
- Monitering en evaluering van die beleid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### 5.3.2 'n Veldtog van anti-afknouery

Een manier om afknouers te help om hul gedrag te verander is om dit onomwonde te stel dat afknouery nie op die skool geduld gaan word nie. Indien die opvoeder en die meerderheid van die leerders 'n verenigde front teen afknouery vorm, sal afknouers dit baie moeilik vind om hul op 'n onbevoeglike, ongewenste en ongewilde manier te gedra (Beane, 1999:136). 'n Opvoeder kan ook 'n algehele veldtog teen afknouery loods. Laat die klas of kleiner groepe baniere, plakkate en liedere oor een of ander afknoutema



http://etd.uwc.ac.za/

ontwerp. Daar kan ook 'n kompetisie in die hele skool geloods word waar die suksesvolste veldtog deur die skool beloon en aangeneem word. Hou die plaaslike koerant en radiostasie op hoogte van die wenners.

### 5.3.3 'n Vriendekrans

Sullivan (2000:167) dui aan dat die benadering van die sirkel van vriende oorspronklik in Kanada ontwikkel is om inklusiewe leerders met gebreke in hoofstroomskole te help en om volwassenes wat 'n gebrek het in die gemeenskap te assisteer. Volgens Krige *et al.* (2000:12) is die grootste psigologiese behoefte van 'n kind om te behoort aan 'n groep en aktief deel van die groep uit te maak. Hulle ondervinding is dat leerders wat afgeknou word, dikwels min vriende het of hul isoleer hulself van vriende as gevolg van die afknouery. Opvoeders en ouers kan gebruik maak van die hulp van leerders, wat nog minder afknouers of slagoffers is, om saam met die slagoffers 'n positiewe krans van vriende te vorm. Hierdie groepie kan leiding gee aan die slagoffer en dié beskerm teen verdere afknouery. Hierdie groepie kan ook letterlik 'n kring vorm rondom die slagoffer om sodoende die afknouer uit te sluit. Die slagoffer kry ook die boodskap dat sy of haar optrede nie welkom is nie. Die vriendekrans kan dus die afknouer sowel as die slagoffer akkommodeer.

### 5.3.4 Hulp van omstanders

Sullivan (2000:31) sê dat dit 'n feit is dat afknouers toeskouers benodig. Volgens hom speel 85% van afknouery voor ander kinders af. Hulle teenwoordigheid kan afktief of passief die gedrag van die afknouer aanmoedig. Baie van die omstanders is geneig om hul aan die kant van die afknouer te skaar uit vrees dat die lot hulle ook te beurt kan val. Omstanders hoef nie noodwendig op die plek in te tree nie. Hulle mag dalk onbewus wees



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

van die feit dat hulle tot die probleem mag bydra of dat hul wel die mag het om op een of ander manier tussenbeide kan tree om te verhoed dat afknouery plaasvind. Strategieë wat skole kan gebruik om omstanders 'n positiewe bydrae tot afknouery te laat lewer, is die volgende: maak duidelik dat afknouery nie geduld sal word nie en dat dit 'n ernstige oortreding is; moedig hulle aan om enige insident van afknouery by die opvoeders te rapporteer; laat leerders nie net negatiewe gedrag aanmeld nie, maar ook goeie gedrag; ontwikkel by die leerders 'n anti-afknouhouding deur bewusmakings-veldtogte, ontwaking en 'n gevoel van verantwoordelikheid; en waarsku leerders om nie op te staan teen die afknouer in die publiek nie as dit lyk of hul veiligheid in gedrang is.

### 5.3.5 'n Hoeder-sisteem ("Buddy system")

Die hoeder-sisteem is iets soortgelyks aan die vriendekrans. Krige *et al.* (2000:12) verwys na die spesiale vorm van vriendskap as 'n "buddy-system". Die doel van 'n hoedertjie is om vriendskap aan te bied op verskillende maniere, om beskerming te bied wanneer nodig, en om die slagoffer aan te moedig om deel te wees van 'n gesonde kerngroep (Sullivan, 2000:136). Die hoeder moet weet hoe om vriendskap te handhaaf en konflik te hanteer. Die hoeder moet met sorg en sensitiwiteit gekies word en moet meer 'n vrywillige wees onder die leiding en oordeel van die opvoeder. Om te verhoed dat die taak later 'n las vir die vrywillige word, word aflosse aangemoedig. Die uitreiking van sertifikate vir verdienstelikheid sal ook dien as motivering.

### 5.3.6 Sê stop!

Leerders moet weet dat hul die reg het om "nee" te sê (Suckling en Temple, 2002:116). Dit is belangrik dat hul weet hoe om hul lyftaal en stemtoon



http://etd.uwc.ac.za/

behoorlik te gebruik. Leerders moet nie slegs opgelei word hoe om nee te sê nie, maar ook wanneer om nee te sê.

In 'n veilige en ondersteunende omgewing kan slagoffers oor hul ervaringe praat en effektiewe reaksies aanleer. Hulle moet dreigemente ignoreer en ook nie probeer om die afknouer te intimideer of te manipuleer nie. Reaksies moet eerlik en deursigtig wees. Leerders voel meer in beheer met minder aggressie en radeloosheid. Om te reageer op 'n objektiewe, maar direkte wyse neem die konflik uit die situasie.

### 5.3.7 Die kurrikulum

Volgens Suckling en Temple (2002: 12) verwys die kurrikulum na alle ervaringe waardeur kennis, vaardighede en waardes in die skool oorgedra word. Hulle gaan voort deur te verklaar dat die kurrikulum nie meer langer gaan oor die oordrag van feite en informasie nie. Volgens hulle is die kurrikulum 'n magtige instrument wat 'n effek het op die beginsels, waardes en houdings van leerders.

Die uitkomsgebasseerde kurrikulum wat tans in die skool bestaan, sluit nou aan by die bostaande verklaring en bied talle geleenthede om afknouery aan te spreek.

Lee (2004: 62) verklaar dat metodes om afknouery te bekamp kan in twee verdeel word. Eerstens is daar die groep wat bewusmaking verhoog en daarop uit is om die potensiaal van die informele pastorale kurrikulum na te speur, ook genoem die "affektiewe" kurrikulum. Die informele kurrikulum fokus op die demokratiese waardes in die skool en is volgens Lee 'n essensiële afdeling van enige voorkomingstrategieë. Groot klem moet geplaas word op die daarstelling van 'n besluitnemingsplatform in die klaskamer wat leerders toelaat om belangrike besluite te neem en ook om hul magsposisie



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

konstruktief te gebruik. Ingeslote in hierdie besluitnemingsproses is koöperatiewe groepwerk wat daarop uit is om verhoudinge te verbeter en alle leerders in 'n span te laat saamwerk. Die kritieke uitkomste wat bereik word, is ook die grondlegging van onder andere demokrasie, sosiale regte en gelykheid, nie-seksisme en nie rassisme en respek. Hierdie waardes en houdings kan gebruik word om afknouery teen te werk.

Tweedens, volgens Lee (2004:63) is daar die benadering wat daarop gemik is om die onderwerp afknouery en verwante aangeleenthede te integreer in die vakgebaseerde kurrikulum. Hier volg sekere voorbeelde wat in die skool gebruik kan word. (kyk tabel 5.1).

**TABEL 5.1: INTEGRASIE VAN AFKNOUERY IN DIE KURRIKULUM**

| | | |
|---|---|---|
| Geletterdheid (tale) | Drama | Afknou-insident kan opgevoer word. Oplossings vir die probleem kan gerolspeel word. |
| Kuns en Kultuur | Maak van 'n plakkaat | 'n Anti-afknou plakkaat kan gemaak word |
| Menslike en sosiale Wetenskappe | Groepwerk | Gesamentlik werk aan 'n taak oor mense in die geskiedenis wat hul magte misbruik het en die nadelige gevolge daarvan |

Rigby (1996: 152) glo dat skole 'n insiggewende inpak kan hê deur sistematies morale waardes en sosiale sensitiwiteit te promoveer, beide in die



http://etd.uwc.ac.za/

inhoud wat oorgedra word en die manier waarop leer aangemoedig word. Rigby waarsku ons egter teen aanhoudende lesse oor afknouery, want leerders kan 'n weersin opbou en belangstelling verloor.

Deur die kurrikulum is dit dus moontlik om die onderwerpe aan te raak soos hoekom daar afgeknou word, wat is die gevolge van afknouery op die slagoffers, afknouers en omstanders en wat kan gedoen word om afknouery stop te sit. Dit kan afgewissel word deur lesse van die opvoeders, videos, drama, debate, musiek en gassprekers.

### 5.3.8 Ouersirkel

Volgens Suckling en Temple (2002:58) is die sleutel tot sukses om afknouery in 'n skool te bekamp 'n vennootskap tussen opvoeders, owerhede, ouers, leerders en die breër gemeenskap. Weens die kompleksiteit van afknouery is 'n multi-dimensionele benadering uiters belangrik. Afknouery kan nie in isolasie gestop word nie.

Om 'n vennootskap op te bou het tyd, energie en integriteit nodig. Ouers moet gemaklik voel om in vennootskap met die skool op verskeie maniere te werk. Dit is die skool se plig om ouers uit te nooi en hul betrokke te kry by die skool op 'n formele of informele wyse te. Ouers kan met vrug gebruik word in die klaskamer wanneer 'n opvoeder afwesig is deur te help met toesighouding of in die grondslagfase te help met leeswerk terwyl die opvoeder met die ander groep besig is. Hulle kan ook een of ander sportspan afrig of by fondsinsamelingpogings soos byvoorbeeld 'n hoenderbraai hul gewig ingooi. Op die ouerkomitee kan hulle hul insette lewer om maatskaplike en dissiplinêre probleme in die skool aan te spreek. Familie-aande soos Eva-aande waar ma en dogter opdaag of Adam-aande wat oop is vir pa en seun kan gereël word om eiesoortige vraagstukke op te los. Ouers kan ook betrek word in oueropvoedkundige programme waar leiding gegee



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

word van hoe om leerders in hul tienerstadium te hanteer. Hulle kan ook belangrike inligting deur middel van nuusbriewe oordra.

Deur ouers betrokke te kry deur ouersirkels te vorm, bied aan hulle 'n platform om afknouery aan te spreek, hulle vrese en ervaringe rondom die verskynsel met mekaar te deel te bespreek en om informasie uit te ruil. Die sirkel hoef nie net uit ouers van afknouers of slagoffers te bestaan nie, maar ook uit ouers wat sterk gemotiveerd is om afknouery hok te slaan.

### 5.3.9 Afknou-ondersteuningsgroep

'n Ondersteuningsgroep kan op die skool gevorm word om slagoffers en afknouers te ondersteun (Rigby, 1996:210). Die groep kan bestaan uit diegene wat betrokke is by afknouery en omstanders. Die verantwoordelikheid vir verandering lê by die rolspelers en die eerste doelwit van so 'n groep is om die afknouer en die slagoffer byeen te bring en die twee se mikpunt is om die probleem op te los. Dan is daar verskillende stappe wat gevolg kan word. Die groepfasiliteerder voer samesprekinge met die slagoffer en 'n ondersteungsgroep van ses tot agt leerders word saamgestel. Leerders wat betrokke is by afknouery sowel as vriende van die slagoffer kan deel uitmaak van die groep. Met die toestemming van die slagoffer en aggressor word hul gevoelens aan die groep oorgedra. Die fasiliteerder moet dit duidelik stel dat die sukses van die groep gaan afhang van gesamentlike verantwoordelikheid van die groep en die soeke na 'n oplossing. Aanbevelings hoe om hulp te verleen word aangehoor, maar die hoofdoel van so 'n oefenlopie is aksie en nie slegs woorde nie. Elke lid van die groep word weekliks uitgevra om uit te vind watter suksesse of mislukkings hulle ervaar het in die proses om die probleem aan te spreek.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

### 5.3.10 Portuurgroepmediasie

Kinders kan 'n aktiewe rol speel in berading en mediasie. Volgens Krige *et al* (2000:13) kan 'n derde party op 'n gestruktureerde wyse vrywilliglik deelnemers help om hul dispute op te los. Die hoofdoel van die portuurgroepmediasie is om die slagoffer en die afknouer te help om die probleem te identifiseer, die konflik te ontlont en oplossings te soek. Ook moet daar verseker word dat op 'n onpartydige wyse almal tevrede by die deur uitstap. Opgeleide portuurmediators, bestaande uit 'n raadgewer en leerders, kan op die volgende wyse probleme help oplos (Lee, 2004:88-89)

- Definiëer die probleem: rolspelers word toegelaat om sonder steurnisse maar binne 'n tydsraamwerk hul perspektiewe weer te gee. Die mediator omskryf die gevoelens van elke deelnemer en som op wat gesê is;
- Identifiseer sleutelvraagstukke: lys dit op papier onder konflik en nie-konflik vraagstukke;
- Dinkskrum sekere opsies: beide partye beveel oplossings aan wat op papier neergeskryf word. Hulle neem ook die implikasies vir hulself en vir die ander onder oënskou;
- Onderhandel 'n plan van aksie en ooreenstemming. Die mediator vind uit watter oplossings beide partye tevrede stel. Een oplossing word neergeskryf en 'n geskrewe ooreenkoms word opgestel en onderteken deur beide partye. Beide partye skud hande; en
- By 'n opvolgsamekoms word die uitkomste geëvalueer.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

### 5.3.11 Toesighouding

Die meeste afknou insidente het plaasgevind in die afwesigheid van toesighouding. Volgens Suckling en Temple (2002:33) is dit uiters onrealisties om te verwag dat net opvoeders wat op terreindiens is, verantwoordelik is vir die gedrag van leerders. Leerders is medeverantwoordelik om van pouses 'n positiewe sosiale ervaring te maak. Hier volg 'n paar nuttige wenke deur Suckling en Temple (2002:33) om die skool te help om 'n veilige en ondersteunende omgewing te skep vir alle leerders:

- Daag op vir toesighouding op die korrekte en toegewese tyd;
- Monitor toilette en gevaarsones;
- Neem positiewe stappe om geïsoleerde leerders aan te moedig om by 'n portuurgroep aan te sluit;
- Rus leerders toe met strategieë om speelterreinkonflik te hanteer;
- Voorsien genoegsame speelterreintoerusting vir positiewe interaksie;
- Leer die kinders nie-kompeterende en inklusiewe speletjies;
- Voorsien die leerders van vaardighede om om hulp aan te klop; en
- Volg gerapporteerde insidente deeglik en volledig op.

### 5.3.12 Die skool en die onderwysowerhede se impak op afknouery

In die skool is 'n skatkis van hulpbronne wat kan help in die veldtog teen afknouery. Van die hulpbronne in die skool is, onder andere, die kultuur en etos van die skool, die kurrikulum, die gedragskode van die skool en beleide.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Die Katolieke etos van die skool maak ruim voorsiening vir positiewe waardes, norme en standaarde wat vervat word in die missie en visie van die skool. Die visie lui soos volg: "Die personeel en beheerliggaam streef daarna om leerders in samewerking met die ouers en gemeenskap in 'n veilige Christelike omgewing op 'n dinamiese wyse optimaal op te voed en te ontwikkel sodat hul hul plek in die samelewing kan volstaan." In die bekamping van afknouery is die hoofdoel ook om die skool vir leerders te beveilig.

Die geheelskoolbenadering kan samewerking tussen skool, ouers en leerders bevorder, terwyl die Christelike waardes van naasteliefde, vrede en verdraagsaamheid aangewend kan word om afknouery te stuit.

Die missie kan verder help om die verskynsel uit te roei as dit van toepassing gemaak word op alle leerders in die skool en nie die aggressors uitsluit nie. In die missie word verklaar dat die volgende gedoen sal word: om 'n gesonde balans tussen akademiese prestasie, sport, kultuur en ander buitemuurse aktiwiteite te handhaaf. Die afknouer is dikwels 'n leerder wat sukkel om die mas op te kom in sy of haar skoolwerk. Die neiging is om hierdie leerders op alle terreine weg te laat sodat hulle kan konsentreer op hul akademiese prestasie. Indien die leerders egter die kans gegun word om hulself te bewys op ander gebiede kan dit die selfbeeld van die leerders verbeter wat weer positief op die skoolwerk kan inwerk. Verder lui die missie dat die skool 'n klimaat sal skep waar gesonde dissipline handhaaf kan word. Die algemene neiging is om afknouers verbaal af te kraak, om sodoende hul te dissiplineer. Sorg moet gedra word dat hierdie leerder positief aangemoedig word en geprys word om hul goed oor hulself te laat voel en sodoende antagonisme uit die weg te ruim en dissipline aan te help. Gelyke geleenthede sal geskep word en elkeen se menswaardigheid sal met



http://etd.uwc.ac.za/

respek behandel word. Die afknouer moet nie gedurig in die teenwoordigheid van ander leerders verkleineer of uitgeskel word nie.

Die uitgangspunte van die missie val nou saam met faktore wat kan meehelp om afknouery die nekslag toe te dien indien dit reg geïmplementeer word.

Met die beëindiging van die ou apartheidstelsel het daar drastiese veranderinge in die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel ingetree. Onder die veranderinge in die Onderwyssektor was die afskaffing van lyfstraf in al die skole wat onder die Suid-Afrikaanse Skolewet val. Volgens die Departement van Onderwys (2000:1) is lyfstraf uiteraard onmenslik en uit en uit 'n praktyk van mishandeling en dit skep die idee dat geweld 'n oplossing bied vir elke probleem in die klaskamer.

Skoolgemeenskappe word die mag toegesê om hulle eie dissiplinêre kode te ontwikkel. Opvoeders, volgens die dokument genaamd *Alternatiewe tot lyfstraf* (Departement van Onderwys (2000:2), kan 'n kritieke rol speel in die transformasie en groei van ons samelewing deur daartoe te werk om 'n skoolomgewing te skep waar leerders veilig is en gerespekteer kan word. Op die lange duur kan dit afknouery teenwerk, want leerders word dan gelei om probleme op 'n vreedsame wyse op te los.

Die gedragskode van die skool is in lyn met die dokument genaamd Alternatiewe tot Lyfstraf (Departement van Onderwys, 2000:20). Die gedragskode is deur die beheerliggaam en opvoeders goedgekeur. Onder andere verbied die gedragskode enige vorm van geweld, gevaarlike speletjies, klipgooiery, diefstal, vuiltaal asook verbale aanvalle. Vir elke oortreding is daar dissiplinêre stappe wat gevolg moet word waarvan ouer en kind terdeë bewus is van. In die onderhoude met opvoeders blyk dit dat die gedragskode nie ingespan word om afknouery teen te werk nie. Elke



http://etd.uwc.ac.za/

opvoeder volg sy of haar eie metode om die probleem aan te spreek. Daar moet jaarliks 'n werkswinkel aangebied word om opvoeders opnuut bewus te maak van die pad wat geloop kan word om 'n afknou-insident aan te spreek. Op so 'n manier raak die dokument nie net 'n versamelitem in 'n lêer nie, maar 'n werksdokument.

Net soos die gedragskode moet die dokument genaamd Progressiewe Dissipline (Direktoraat: Arbeidsverhoudinge, 2008:20) jaarliks ernstig onder opvoeders se aandag gebring word. Opvoeders moet hul deeglik vergewis van die inhoud van die dokument asook die gevolge indien daar nie ag geslaan word op die maatreëls in die dokument nie. Hierdie dokument spel dit duidelik vir opvoeders uit oor watter strafmaatreëls deur die Wes-Kaap Onderwys Department gevolg gaan word vir sekere oortredings. Hierdie progressiewe dissipline dokument beskou aanranding op 'n leerder as 'n baie ernstige oortreding. 'n Opvoeder kan as gevolg van die oortreding summier uit die onderwys ontslaan word. Die dissiplinêre kode dra geweldig daartoe by dat enige aanval op 'n leerder hetsy fisies, emosioneel of verbaal, bekamp kan word. Sodoende word daar 'n klimaat van verdraagsaamheid, veiligheid en respek vir die regte van leerders geskep.

## 5.4 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

Die resultate van die ondersoek is nie verteenwoordigend van ander skole in die omgewing nie en daar kon nie parrallelle getrek word tussen die ondersoekskool en skole wat verteenwoordigend is van beter sosio-ekonomiese omstandighede soos die oud-Model C skole nie. Slegs 'n handjievol opvoeders is gebruik in die ondersoek, terwyl die ervaringe en wedervaringe van die res van die personeel nog onontgin is. Of leerders wat slagoffers was van afknouery ook hulle skuldig gemaak het aan afknouery, was nie aangeraak nie. 'n Verdere beperking van die studie is dat ek as



http://etd.uwc.ac.za/

navorser die prinsipaal van die skool is. Omdat ek in 'n gesagsposisie is, mag respondente (opvoeders) in die onderhoude hul antwoorde versigtig kies om 'n goeie indruk te skep, in plaas van die werklike stand van sake daar te stel.

## 5.5 Aanbevelings vir verdere navorsing

Die effek en bydrae van opvoeders tot die verskynsel kan nagevors word. Ook kan daar vasgestel word watter invloed afknouery op die akademiese en sportprogram van die skool het. Kinders van die buitewyke (omliggende plase) word veral op die busse afgeknou en daar kan 'n ondersoek geloods word om die verskynsel daar te remedieer. Die invloed wat die televisie, media en videos op afknouery het, kan ook onthul word.

## 5.6 SLOTOPMERKINGS

Dat afknouery 'n realitieit is en dat dit 'n baie nadelige effek op die leerders en die skool het, is 'n voldonge feit.

Op die oomblik is daar 'n wesenlike behoefte aan 'n intervensieprogram sowel as pastorale sorg. Of dit 'n oplossing gaan bied, gaan die tyd net leer, want leerders keer elke middag terug na hul omstandighede wat moontlik alle goeie werk in die skool ongedaan kan maak. Dit het tyd geword dat die skool die plaaslike media, kerke, politici, polisie, ouers, maatskaplike en korrektiewe dienste op een platform byeen moet kom om die euwel aan te spreek. As ons voortgaan om 'n vakuum te opereer gaan ons die teiken mis.

Intussen gaan goeie onderrigtyd in die skool verlore as gevolg van die dissiplinêre probleme wat ontstaan as gevolg van afknouery, want selfs opvoeders word emosioneel en verbaal getreiter.



http://etd.uwc.ac.za/

# Bronnelys


Babbie, E. (1998). *The practice of social research.* Verenigde State van Amerika: Wardsworth Publishing Company.

Babbie, E. en Mouton, J. (2001). *The practice of social research.* Kaapstad: Oxford University Press.

Bailey, K.D. (1978). *Methods of social research.* Londen: Collier–Macmillan.

Bailey, K.D. (1982). *Methods of social research*: second edition. New York: The Free Press.

Banks, R, (1997). *Bullying in schools.* University of Illinois, Eric Digest.

Batsche, GM en Knoff, HM. (1994). Bullies and their victims. *School Psycoloqy Review,* 23(2):165-174.

Baumgartner, T., Strong, C.en Hensley, L. (2002). *Conducting and reading research in health and human performance*. New York: McGraw-Hill.

Beane, A. (1999), *Bully free classrooms.* Minneapolis: Free Spirit Publishing Inc.

Berg, B.L. (2001). *Qualitative research methods for the social sciences*: fourth edition. Boston: Allyn and Bacon.

Bluestein, J. (2001). *Creating emotionally safe schools: a guide for educators and parents.* Deerfield Beach: Health communications, Inc.

Brendtro, L en Du Toit, L. (2005). *Response ability pathways: Restoring bonds of respect.* Claremont: Pre Text Publishers.

Casella, R. (2002). Where policy meets the pavement: stages of public involvement in the prevention of school violence. *Qualitative Studies in Education*, 15(3), 349-372.

Cohen, L. en Manion, L. (1980). *Research methods in education.* Londen: Croom Helm Ltd.




UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

Departement van Onderwys (2000). *Alternatives to corporal punishment: the learning experience.* Pretoria: Sol Plaatje House.

Departement van Onderwys (2001). *Stop misbruik: effektiewe hantering van kindermisbruik.* Kaapstad: Wes-Kaap Onderwys Departement.

Direktoraat: Arbeidsverhoudinge (2008). *Progressiewe dissipline vir bestuurders.* Wes-kaap Onderwysdepartement.

Dockrell, W. B. en Hamilton, D. (1980). *Rethinking educational research.* Londen: Hodder and Stoughton.

Elliott, M. (1997). *Bullying: A practical guide to coping for schools.* Londen: Pearson Education Ltd.

Fitzpatrick, M. (2006). *S.A. skole `n ramp.* www.huisgenoot.com, 26 Oktober 2006.

Freebody, P. (2003). *Qualitative research in education. Interaction and practice.* Londen: Sage Publications Ltd.

Gravetter, F. J. en Forzano, L.B. (2003). *Research methods for the behavioral sciences.* Belmont, Ca: Wadsworth.

Hornby, A.S. (1984). *Oxford student's dictionary of current English.* Oxford: Oxford University Press.

Krige, H., Pettipher, R., Squelch, J., en Swart, E, (2000). *A teacher's and parents guide to bullying.* Johannesburg: Rand Afrikaanse Universiteit.

Kvale, S. (1996). *Interviews. An introduction to qualitative research interviewing.* London: Sage Publication.

Lee, C. (2004). *Preventing bullying in schools.* Londen: Paul Chapman Publishing.

Lorenz, K. (1967). *On aggression.* New York: Harcourt, Brace and World.
Macbeth, F en Fine, N. (1995). *Playing with fire: creative conflict resolution for young adults.* Gabrolia Island: New Society Publishers.



http://etd.uwc.ac.za/

Maykut, P. en Morehouse R. (1994). *Beginning qualitative research: a philosophical and practical guide*. Londen: Falmer Press.

Merriam, S.B. (1998). *Qualitative research and case study applications in education*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Miles, M.B. en Huberman, A.M. (1994). *Qualitative data analysis*. Londen: Sage Publications.

Mouton, J. (2001). *How to succeed in your master's and doctoral studies: a South African guide and resource book.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

Mouton, J. (2003). *How to succeed in your master's and doctoral studies: a South Afican guide and resource book.* Fifth impression. Pretoria: Van Schaik Publishers.

National Resource Centre for Safe Schools. (1999). *Recognising and preventing bullying*. Fact Sheet no. 4, Winter 1999.

Neser, J., Ovens, M., Van der Merwe, E., en Morodi, R. (2004). Predesposition to, reasons for and measures againt peer victimisation in schools. *Acta Criminoloqica* , 17(2) 2004.

Nevada Attorney General's Office. (2002). *Bully free for me.* Carston City: MGM Mirage.

Newman-Carlson, D. Horne en A. Bartolomucci (2000). *Bully busters: A teacher's manual for helping bullies, victims, and bystanders.* Illinois: Research Press.

Nkosi, N. (2000). Perceptionis of learners and educators on bullying and the implications of bullying for schools discipline. Ongepubliseerde M.Ed.- Mini-tesis. Johannesburg: Rand Afrikaans Universiteit.

Olweus, D. (1993). *Bullying at school: what we know and what we can do.* Oxford: Blackwell Press.

O'Moore, M. en Minton, S. (2004). *Dealing with bullying in schools*. Londen: Paul Chapman Publishing.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Patton, M. Q. (1990). *Qualitative evaluation and research methods.* Londen: Sage.

Potterton, M. (2001). *Research project to investigate bullying in South African Catholic schools.* Johannesburg: Centre for School Quality and improvement of the Catholic Institute of Education.

Potterton, M. (2004). Seen and heard: listening to children and creating caring schools: Ph.D. voorstel. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1997). *Code of research ethics.* Pretoria: RGN.

Randall, P. (1996). *A community approach to bullying.* Stoke-on-Trent: Trentham Books.

Rigby, K. (1996). *Bullying in schools & what to do about it.* Melbourne: The Australian Council for Educational Research Ltd:.

Roberts, W. (2006). *Bullying from both sides.* California: Corwin Press.

Robertson, D. (2005). Die implementering van die Nasionale Onderwysdepartement se dissiplinere beleid deur `n plattelandse sekondêre skool. Ongepubliseerde M.Ed. – Mini-tesis. Kaapstad: Universiteit van Wes-Kaapland.

Robson, C. (1993). *Real world research: A resource for social scientists and practioners-researchers.* Massachusetts: Blackwell.

Schumacher, S. en McMillan, J. H. (1993). *Research in education.* Third edition, Harper Collins College Publishers.

Sharp, S. en Smith, P. (1994). *Tackling bullying in your school.* Londen: Routledge.

Smith, P. K. en Sharp, S. *(1994). School bullying: insights and perspectives.* Londen: Routledge.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

South African Council for Educators. *(2002). Code of professional ethics.* Durban: The Unilever Ethics. Centre.

Suckling, A. en Temple, C. (2002). *Bullying: a whole-school approach.* Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Sullivan, K. *(2000). The anti-bullying handbook.* Auckland: Oxford University Press.

Sullivan, K., Clearly, M., en Sullivan, G. *(2004). Bullying in secondary schools: what it looks like and how to manage it.* Londen: Paul Chapman Publishing.

Tattum, D.P. en Lane, D.A. *(1989). Bullying in schools.* Stoke-on-Trent: Trentham Books.

Thayser, M. (2001). Confronting the legacy of peer persecution: a narrative study. Ongepubliseerde M.A. – Mini-tesis. Johannesburg: Rand Afrikaanse Universiteit.

Van der Horst, H en Mc Donald, R (2001). *Outcomes-based education: theory and practice.* Pretoria: Unisa.

Varnava, G. (2002). *How to stop bullying in your school.* Londen: David Fulton Publishers.

Williams, C. G. (1995). Towards the democratization of instructional leadership in South African schools: Current trends and future possibilities. Ongeplubliseerde D.Ed. tesis. Kaapstad: Universiteit van Wes-Kaapland.

Yin, R. K. (1994). *Case study research: Design and methods.* Londen: Sage.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



http://etd.uwc.ac.za/

**Aanhangsel 1**

## AANSOEK AAN ONDERWYSDEPARTEMENT

Die Kringbestuurder

Kring 4

Wes-Kaapse Onderwysdepartement

Datum: 2007.05.25

Heer

Ek is William Andrew Issel, opvoeder verbonde aan die Wes-Kaapse Onderwysdepartement. Tans is ek besig met 'n Meestersgraad in die Opvoedkunde onder die vaandel van die Universiteit van Wes-Kaapland.

My navorsing handel oor afknouery ("Bullying") in die laerskool. My geformuleerde titel is: *Afknouery in 'n plattelandse laerskool in die Wes-Kaap.* Hiermee wil ek die aard en omvang van afknouery in die skool vasstel asook 'n anti-afknouery program (beleid) in werking stel om sodoende 'n nog gesonder leeratmosfeer te skep.

Vir hierdie doel het ek u goedkeuring nodig om my navorsing in die skool uit te voer. Ek kan u die versekering gee dat ek geensins inbraak sal maak op die normale akademiese program van die skool nie en dat alle navorsing buite kontaktyd sal geskied.

U positiewe reaksie sal hoog waardeer word.

Die uwe

W.A. ISSEL

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# TOESTEMMINGSBRIEF

Datum: 2007.07.20

Liewe Ouers/Voogde

Ek is William Andrew Issel, opvoeder verbonde aan die skool waar u kind onderrig ontvang. Ek is tans besig met 'n Meestersgraad in die Opvoedkunde onder die vaandel van die Universiteit van Wes-Kaapland.

My navorsing handel oor afknouery ("Bullying") in die laerskool. My geformuleerde title is: *Afknouery in 'n plattelandse laerskool in die Wes-Kaap.* Hiermee wil ek die aard en omvang van afknouery in die skool vasstel asook 'n anti-afknouery program (beleid) in werking stel om sodoende 'n nog gesonder leeratmosfeer te skep.

Vir hierdie doel het ek 'n vraelys wat ek aan u kind wil uitdeel asook onderhoude wat ek met hulle wil voer. Ek kan u die versekering gee dat u kind se naam geensins bekend gemaak sal word nie en alle inligting as vertroulik beskou sal word. Ek sal ook nie inbraak maak op die normale akademiese program nie.

Ek het u as ouer/voog se goedkeuring nodig om bostaande navorsing uit te voer. U positiewe samewerking sal hoog waardeer word.

Die uwe

W.A ISSEL

---

Ek, ________________________________ (ouer/voog) van

________________________________

Graad __________ gee hiermee toestemming dat my seun/dogter aan die projek mag deelneem, al dan nie.

***Tik asb. af in die toepaslike blokkie***

Ek gee toestemming ☐

Ek gee nie toestemming ☐

______________________
Handtekening (ouer/voog)

______________________
Datum

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

**Aanhangsel 3**

# GOEDKEURINGSBRIEF

Datum:2007.07.20

Geagte Opvoeders/Ouers

Ek William Andrew Issel, is tans besig met 'n Meestersgraad in die Opvoedkunde onder die vaandel van die Universiteit van Wes-Kaapland.

My navorsing handel oor afknouery ("Bullying") in die laerskool. My geformuleerde titel is:
*Afknouery in 'n plattelandse laerskool in die Wes-Kaap.* Hiermee wil ek die aard en omvang van afknouery in die skool vasstel asook 'n anti-afknouery program (beleid) in werking stel om sodoende 'n nog gesonder leeratmosfeer te skep.

Vir hierdie doel wil ek onderhoude met u voer. Ek kan u die versekering gee dat u naam geensins bekend gemaak sal word nie en alle inligting as vertroulik beskou sal word. Die onderhoude sal gevoer word in u vrye tyd en wanneer dit vir u gepas is.

Ek het u goedkeuring nodig om bostaande navorsing uit te voer. U positiewe samewerking sal hoog waardeer word.

UNIVERSITY of the

Die uwe

WESTERN CAPE

W.A. ISSEL

---

Ek, ______________________________ opvoeder/ouer gee hiermee goedkeuring dat ek aan die projek gaan deelneem, al dan nie.

***Tik asb. af in die toepaslike blokkie***

Ek gee goedkeuring ☐

Ek gee nie goedkeuring ☐

______________________
Handtekening (opvoeder)

______________________
Datum

http://etd.uwc.ac.za/

# ONDERHOUDE RONDOM AFKNOUERY

## Ouervraelys

1. Wat verstaan u onder die konsep afknouery?
2. Hoe kan u vasstel u kind word afgeknou?
3. As u kind kom kla dat hy of sy afgeknou word, skenk u aandag aan die klagtes (luister u na u kind se probleme?)
4. Watter gevoelens ervaar u wanneer u uitvind u kind word afgeknou?
5. Watter pad volg u om die probleem aan te spreek?
6. Dink u die skool doen genoeg om afknouery die hoof te bied?
7. Wat kan die skool volgens u nog meer doen om die verskynsel te bekamp?
8. Hoe word u ontvang wanneer u die skool besoek om die afknou-insident aan te spreek?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# ONDERHOUDE RONDOM AFKNOUERY

## Leerdervraelys

1. Verduidelik my in jou eie woorde wat jy onder die term afknouery verstaan.
2. Was jy al die afgelope ses maande afgeknou en op watter wyse (manier). Hoe het jy gevoel oor die voorval?
3. Wat is jou indrukke (hoe soort mens) is 'n afknouer?
4. Wat is jou indrukke (hoe soort mens) is iemand wat afgeknou word?
5. Wie is meer geneig om af te knou? Seuns of dogters? Hoekom?
6. Het jy al iemand afgeknou? Hoekom? Hoe voel jy wanneer jy iemand afknou?
7. Hoekom dink jy knou leerders mekaar af?
8. Waar vind afknouery in die skool plaas?
9. As kinders mekaar afknou, wat maak die ander leerders wat daar rondstaan?
10. Dink julle die skool neem afknouery ernstig op?
11. Wat doen die skool (opvoeders) as iemand kom kla dat hy of sy afgeknou is?
12. Wat dink jy kan die skool nog meer doen om afknouery stop te sit?
13. Is jy gelukkig in jou ouerhuis? Hoekom?
14. Hoe word jy gedissiplineer (gestraf) by die huis as jy oortree het?
15. Is die omgewing waarin jy woon veilig?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

**Aanhangsel 6**

# ONDERHOUDE RONDOM AFKNOUERY

## Opvoedersvraelys

1. Wat verstaan u onder die konsep afknouery?
2. Op welke wyse kom afknouery in die skool voor?
3. Watter beeld het u van 'n leerder wat 'n ander leerder afknou?
4. Watter beeld het u van 'n leerder wat afgeknou word?
5. Hoekom dink u knou leerder 'n ander leerder af?
6. Met watter ouderdomsgroep sal u afknouery assosieer?
7. Met watter geslagsgroep sal u afknouery assosieer?
8. Hoe dikwels merk u afknouery in die skool op?
9. Watter strategieë word in die skool gebruik om afknouery te beveg? Is dit suksesvol?
10. Watter strategieë dink u kan gebruik word om afknouery te bekamp?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# AFKNOUERY - OBSERVASIEVORM

**DATUM VAN INSIDENT:** ____________________

**NAAM VAN PERSONEELLID WAT INSIDENT GERAPPORTEER HET/ WAARGENEEM HET:** ______________________________________

**LEERDERS BETROKKE**

| Name van Leerders | Graad | Ouderdom | Rol (Getuie, Aggressor, Omstander, Slagoffer |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

**TIPE /AARD VAN INSIDENT**

[ ] GESKREWE
(Bv. Graffiti, notas, briewe,
Diskriminerende sketse)

[ ] VERBAAL
(Bv. Naamgeëry, terg, spot
Driegemente, sarkasme, skinderstories)

[ ] FISIES
(Bv. Stoot, baklei, pootjie, ens.)

[ ] BESKADIGING/ NEEM VAN EIENDOM
(Bv. Steel van skryfgereedskap, geld, skeur van
Klere, boeke, ens)

[ ] UITSLUITING
(Bv. Groepwerk, speletjies, geselskap en.)

[ ] AANSPORING
(bv. Om af te knou)

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

**WANNEER HET DIE INSIDENT PLAASGEVIND?**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voor skool | | Gedurende klas | | Tweede Pouse | | Na skool | |
| Tussen klasse | | Eerste Pouse | | Verskillende | | Onbekend | |

**ANDER (Spesifiseer)**

Waar het die insident plaasgevind?

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

Watter aksie het die skool ingestel?

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

Was die aksie effektief?

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

**Aanhangsel 8**

# VRAELYS OOR AFKNOUERY

DATUM :

NOTA : Lees die instruksies deur en beantwoord die vraelys eerlik en opreg. Indien 'n vraag onduidelik is, steek jou hand op en die navorser sal dit met graagte weer verduidelik.

NAAM: GRAAD: GESLAG: OUDERDOM:

Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Was jy al hierdie jaar (2007) in die skool afgeknou ? | JA | NEE | |
| 2.Hoeveel keer was jy hierdie jaar afgeknou ? | EEN KEER | TWEE KEER | GEREELD |
| 3. Was jy deur een kind of 'n groep kinders afgeknou ? | EEN KIND | 'N GROEP | |
| 4. Het jy al hierdie jaar gesien dat 'n kind afgenou is ? | EEN KEER | TWEE KEER | GEREELD |
| 5. Hoeveel keer het jy gesien 'n kind hierdie jaar afgeknou is ? | EEN KEER | TWEE KEER | GEREELD |
| 6. Het een kind of 'n groep kinders die afknouery gedoen ? | EEN KIND | 'N GROEP | |
| 7. Het jy al gedurende hierdie jaar iemand afgeknou ? | JA | NEE | |
| 8. Hoeveel keer het jy al iemand afgeknou ? | EEN KEER | TWEE KEER | GEREELD |
| 9. Was jy op jou eie of met 'n groep kinders wat help afknou het | ALLEEN | 'N GROEP | |

10. Hoeveel keer was jy al op die volgende manier (wyse) afgeknou ? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | Elke dag | Een of twee keer 'n week | Een of twee keer 'n maand | Nog nooit |
|---|---|---|---|---|
| 10.1 Name gee wat seermaak. | | | | |
| 10.2 Op enige wyse geterg. | | | | |
| 10.3 Geskop en geslaan. | | | | |
| 10.4 Rondgestoot of gepluk. | | | | |
| 10.5 Gedreig om jou seer te maak. | | | | |
| 10.6 Leuenstories van jou vertel. | | | | |
| 10.7 Jou geld, kos of besittings gevat. | | | | |
| 10.8 Jou doelbewus nie toegelaat het om saam te speel of deel te neem aan enige groep aktiwiteite | | | | |

11. Waar vind die afknouery van die skoolkinders gewoonlik plaas ?

| Area van afknouery | Elke dag | Een of twee keer 'n week | Een of twee keer 'n maand | Nog nooit |
|---|---|---|---|---|
| 10.1 In die klaskamer | | | | |
| 10.2 Op die speelgrond | | | | |
| 10.3 In die toilet | | | | |
| 10.4 Op die stoepe tydens omruiling/klaswisseling | | | | |
| 10.5 Loop of na die skool | | | | |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

http://etd.uwc.ac.za/

# VRAELYS OOR AFKNOUERY

DATUM :

NOTA : Lees die instruksies deur en beantwoord die vraelys eerlik en opreg. Indien 'n vraag onduidelik is, steek jou hand op en die navorser sal dit met graagte weer verduidelik.

NAAM: GRAAD: GESLAG: OUDERDOM:

Voltooi die volgende vrae deur die gepaste nommer te omkring. Druk die gevoel uit wat jy die sterkste ervaar het.

12. Indien jy afgeknou was, hoe het jy gevoel terwyl jy afgeknou was.

| | | |
|---|---|---|
| Dit het my nie gepla nie. | 1 | |
| Ek het meestal kwaad gevoel. | 2 | |
| Ek het meestal hartseer gevoel. | 3 | |
| Ek het meestal skaam gevoel. | 4 | |

13. Hoe het jy oor jouself gevoel nadat jy afgeknou was ?

| | | |
|---|---|---|
| Dit het my nie gepla nie. | 1 | |
| Ek het meestal kwaad gevoel. | 2 | |
| Ek het meestal hartseer gevoel. | 3 | |
| Ek het meestal skaam gevoel. | 4 | |

14. Hoe het die afknouery jou affekteer ?

| | | |
|---|---|---|
| Ek het by die huis gebly. | 1 | |
| Ek het siek geword. | 2 | |
| Ek kon nie slaap nie. | 3 | |
| Ek het angstig gevoel. | 4 | |
| Ek was bang om skool toe te gaan. | 5 | |
| Ek het hoofpyne gekry. | 6 | |
| Ek het teneergedruk (stresvol) gevoel | 7 | |

15. Hoe voel jy wanneer jy sien ander kinders word afgenou ?

| | | |
|---|---|---|
| Ek voel skaam. | 1 | |
| Ek voel kwaad. | 2 | |
| Ek voel teleurgestel. | 3 | |
| Dit pla my nie. | 4 | |

16. Toe jy afgeknou was, wie het jy daarvan vertel ?

| | | |
|---|---|---|
| 'n Vriend | 1 | |
| 'n Opvoeder | 2 | |
| My ma of pa | 3 | |
| 'n Ander volwasse persoon | 4 | |
| My broer of suster | 5 | |
| Geeneen | 6 | |

17. Toe jy afgeknou was, wat het gebeur nadat jy iemand daarvan vertel het ?

| | | |
|---|---|---|
| Dinge het verbeter. | 1 | |
| Dinge het vererger. | 2 | |
| Afknouery het vir 'n tydperk gestop. | 3 | |
| Niks het gebeur nie. | 4 | |

18. Dink jy die skool neem afknouery ernstig op ?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | |
| Nee | 2 | |
| Ek weet nie. | 3 | |

19. Watter vorm van afknouery kom volgens jou die meeste voor in die skool ?

| | | |
|---|---|---|
| Naamgeëry en terg | 1 | |
| Spot | 2 | |
| Skop, trap, slaan , pootjie | 3 | |
| Besittings beskadig, afneem, steel. | 4 | |
| Dreigemente. | 5 | |
| Maak geld gee. | 6 | |
| Skinder | 7 | |
| Briewe skryf | 8 | |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
http://etd.uwc.ac.za/

Aanhangsel 9

Navrae
Enquiries GJ NOBLE
IMibuzo

Telefoon
Telephone 023-348 4679
IFoni 082 448 5138

Faks
Fax 023-342 4140
IFeksi

E-pos gjnoble@pawc.wcape.gov.za
Email

Verwysing
Reference
ISalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

Mnr WA Issel
*Gardeniastraat 15*
*Florianpark*
WORCESTER
6850

Geagte mnr Issel

**GOEDKEURING OM NAVORSING IN SKOLE TE DOEN**

Goedkeuring word hiermee verleen aan bogenoemde opvoeder om navorsing in 'n skool in Kring 4 te doen.

Neem asseblief kennis dat bogenoemde goedkeuring verleen op voorwaarde dat die navorsing na kontaktyd moet plaasvind.

Tydperk 20 Julie 2007 tot 6 Desember 2007

Die uwe

**G NOBLE**
**KRINGBESTUURDER: KRING 4**
**BREEDERIVIER/OVERBERG OBOS**
**DATUM: 2007-06-01**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

MELD ASSEBLIEF VERWYSINGSNOMMERS IN ALLE KORRESPONDENSIE / PLEASE QUOTE REFERENCE NUMBERS IN ALL CORRESPONDENCE / NCEDA UBHALE IINOMBOLO ZESALATHISO KUYO YONKE IMBALELWANO

DURBANSTRAAT, PRIVAATSAK X3102, WORCESTER, 6850
DURBAN STREET, PRIVATE BAG X3102, WORCESTER, 6850

WEB: http://wced.wcape.gov.za

http://etd.uwc.ac.za/